UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE ALLOTROPIE VAN "GEVORMDE LITERATUUR" IN DIE POëSIE VAN T.T. CLOETE - 'N ONDERSOEK NA DIE IDIOLEKTIESE "OMZETTING" VAN NEDERLANDSE TEKSTE

deur

Adéle Nel

Proefskrif voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad **DOCTOR LITTERATUM** in Afrikaans

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Promotor: Prof. T. Gouws

Pretoria
November 1992

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## DANKBETUIGINGS

Hiermee my opregte dank aan prof. Tom Gouws, my studieleier, onder wie se toegewyde en deeglike leiding ek kon werk. Ek het ook waardering vir sy vriendskap en persoonlike belangstelling.

Ek is groot dank verskuldig aan my man, Johan, wat my dit moontlik gemaak het om hierdie studie te kon voltooi. Aan hom en my kinders, Jaco en Emlí-Marí, my diepe dank vir liefdevolle onderskraging, aanmoediging én opofferings.

Met hierdie studie wil ek graag hulde bring aan my leermeesters wat 'n groot invloed op my akademiese vorming gehad het: proff. T.T. Cloete en M.C.A. Seyffert.

My dank aan prof. W.J. van den Akker (Rijksuniversiteit te Utrecht) vir die bereidwilligheid om met dié studie behulpsaam te wees.

Herman en Yvonne de Bruyn, baie dankie vir die deeglikheid en vriendelikheid waarmee julle die rekenaarinsleuteling en finale afronding gedoen het; ek waardeer dit.

Aan mnr. Michael Marais (Departement Engels, PU vir CHO) 'n besondere dankie vir die moeite met die Engelse opsomming.

Aan my Skepper met ootmoed: vir sy guns en oneindige genade.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*Opgedra ter nagedagtenis aan dr. J.J. Bornman: sy opregte meelewing was vir my 'n riem onder die hart en sy besondere kennis van en liefde vir Afrikaans altyd 'n aanmoediging.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is die van die skrywer en moet in geen geval beskou word as 'n weergawe van die menings of gevolgtrekkings van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Aan my kielievoete eeue gelede
pas die skoene van 'n flanerende vagant

... wat loop van land tot land

T.T. Cloete

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**INHOUDSOPGAWE** Bladsy

**HOOFSTUK 1**

**INLEIDING**


| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Ten geleide | 1 |
| 1.2 | Probleemstelling en terreinomskrywing | 2 |
| 1.3 | Doelformulering | 11 |
| 1.4 | Hipoteses | 13 |
| 1.5 | Terreinafbakening | 13 |
| 1.6 | Aktualiteit | 15 |
| 1.7 | Verloop van die studie | 17 |
| | Aantekeninge by hoofstuk 1 | 18 |


**HOOFSTUK 2**

**TEORETIESE SPILPUNTE: TRADISIE, IDIOLEKTIESE "OMZETTING" EN POëTIKA TER VERKENNING**


| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Aanloop tot teoretiese spilpunte | 22 |
| 2.2 | Die dialektiek van tradisie en oorspronklikheid | 23 |
| 2.3 | Knoopwerk in die literatuur: 'n heteronome benadering | 26 |
| 2.4 | Die allotropie van gevormde literatuur en idiolektiese "omzetting" | 28 |
| 2.5 | Teoretiese begronding van die begrip "poëtika" | 31 |
| 2.5.1 | Begripsomskrywing | 31 |
| 2.5.2 | Poëtika en tradisie in reliëf | 34 |
| 2.5.3 | Poëtikale onderskeidings | 38 |
| 2.5.3.1 | Implisiete versinterne poëtika | 38 |
| 2.5.3.2 | Eksplisiete versinterne poëtika | 40 |
| 2.5.3.3 | Verseksterne poëtika | 41 |
| 2.5.3.4 | Verseksterne poëtika en poësiepraktyk - 'n teoretiese besinning | 43 |
| | Aantekeninge by hoofstuk 2 | 44 |


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**HOOFSTUK 3**

**T.T. CLOETE SE POëTOLEK EN DIE INTERFERENSIE VAN TEKSTE - KNOOPPUNTE IN CLOETE EN NIJHOFF SE POëTIKAS**

3.1 Die kontoere van Nijhoff en Cloete se verseksterne poëtikas 48
3.1.1 Die ontstaanswyse van die poësie 49
3.1.1.1 Invalle van buite 50
3.1.1.2 Die opvatting dat die gedig homself realiseer 51
3.1.1.3 Aanleg cum oorleg; inspirasie cum tegniek 52
3.1.1.4 Vorm 52
3.1.1.5 Die gedig as outonome artefak 54
3.1.2 Werklikheidsiening 56
3.1.3 Die objektiveringsteorie 59
3.2 Die kontoere van Nijhoff en Cloete se versinterne poëtika - 'n verkenning 61
3.2.1 Inleiding 61
3.2.2 'loopskrif in 'n vakansiehotel' 61
3.2.2.1 Die beeld van die raam 63
3.2.2.2 Die raam as toegang vir toewaaisels van buite 67
3.2.2.3 De interne eigen-leven van het gedicht 71
3.2.3 Die ontstaanswyses van die gedig: plotselinge inval versus langsame oorleg 72
3.3 Samevatting 77
Aantekeninge by hoofstuk 3 78

**HOOFSTUK 4**

**"AFGEKYK VAN EN NAGEPRAAT NA": IDIOLEKTIESE "OMZETTING" VAN NEDERLANDSE TEKSTE**

4.1 Inleiding 87
4.2 Gebeure 87
4.2.1 Die loop-kode in die poësie van Cloete en Nijhoff 88
4.2.1.1 Vertrekpunt 88
4.2.1.2 "Het leven is een vreemde reis" - die digter as lewens-reisiger 89

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4.2.1.3 "'n ander haglike soort oorloop" - die loop in taal 94
4.2.1.4 'leeglê' en loop 101
4.2.2 Spel en poësie 107
4.2.2.1 Spel as poëtikale nosie 107
4.2.2.2 "in alle erns speelspeel" - fasette van spel in die poësie 111
4.2.2.3 "Die poësie laat hom geld met delikate geweld" - spel, poësie en erotiek 113
4.2.2.4 "my angsenpynfantoom" - spel as besweringsmoontlikheid 125
4.3 Gestalte 133
4.4 Ruimte en tyd 145
4.4.1 "De verganklikheid [heeft] eigenschappen, die haar ... aanbiddelijk [maken] 145
4.5 Samevatting 154
Aantekeninge by hoofstuk 4 156

**HOOFSTUK 5**

**SAMEVATTING EN SLOTSOM** 165

**SUMMARY** 168

**BIBLIOGRAFIE** 170

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 Ten geleide

In 'n insiggewende onderhoud met Coetzee (1983) waarin Cloete op openhartige wyse oor sy eie digterskap gesels, erken hy sy skatpligtigheid ten opsigte van 'n beeld[1] wat hy by 'n Nederlandse digter geleen het, en bely hy:

> ... want ek kan dit nie beter sê nie. Jy doen dit dikwels, Vondel noem dit 'behendig stelen'. Die ander man sê die ding wat jy graag wil sê. Hy het miskien eeue voor jou geleef. Die man het beleef wat ek beleef. Ek lees by Homerus, lank voor Christus, en by Dante uit die Middeleeue, wat ek beleef het.

Hierdie informele verseksterne uitspraak stel een van Cloete se kenmerkendste digterlike strategieë aan die lig: die omgaan met en "omzetting" van "gevormde" literatuur. Die begrip "gevormde literatuur" is ontleen aan Van Wyk Louw (1981:251) se gedig 'Ars poetica' waarin hy die bekende versinterne uitspraak maak:

> Uit die gevormde literatuur
> is nooit weer poësie te maak nie,
> uit die ongevormde wél:

Met "gevormde" literatuur word in hierdie studie bedoel alle vorme van literatuur van ander skrywers (hetsy poësie-, drama- of prosatekste of dan teoretiese geskrifte) wat Cloete gebruik (in die wydste sin bedoel) as stimilus. Die term "omzetting"[2] word gebruik in navolging van Marsman (1925a:240) wat die digter bestempel as transformator en die gedig as "omzettingsproduct".

Ooglopende verwantskappe met ander voorloperdigters uit verskillende tye en verskillende literature by wyse van titels, motto's en sitate is inderdaad met die lees van Cloete se poësie uit te wys. Daar is van sy eerste bundel af talle spore van "gevormde" literatuur te vind, meestal heel eksplisiet en soms vernuftig verdoesel, of dan "behendig gesteel". Jooste (1989:257), wat haar studie in 'n groot mate hieraan gewy het, benadruk byvoorbeeld die besondere trek van die bundel <u>Idiolek</u> om intertekstuele gesprek eksplisiet uit te wys deur rubrieke te betitel met "toepassings",

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"transkripsie" en "perifrase". Gouws (1988:326-327) toon die verbintenis met Nederlandse (benewens Duitse, Franse, Engelse en Afrikaanse) digters aan en beklemtoon die opvallende bemoeienis met die Nederlandse literatuurtradisie. Hy bevestig ook sy stellings met 'n persoonlike brief van Cloete waarin laasgenoemde erken: "Dis waar, die hele Nederlandse literatuur het my sekerlik ingrypend gevorm." Ook Jooste (1989:3) skryf in dié verband oor Cloete se werk as skrywer en literator, en beweer dat 'n woordkunstenaar se skryfpraktyk nou saamhang met sy kyk op die literatuur as sodanig én sy kyk op die werk van ander skrywers.

Cloete self verwoord hierdie digterlike werkwyse só in die gedig 'Rotsode' (Jukstaposisie):

> Die digter is ook 'n dief, hy steel
> van elke liggaam en elke gesig
> en siel iets, van wie hulle nie heel
> en bymekaar hou nie roof hy iets vir 'n gedig.

As Cloete binne die konteks van die gedig 'Stories' die beeld gebruik van "fragmente" wat "wit op wit" word, impliseer dit in sy eie woorde (in Coetzee, 1983:13) "onsigbaarheid" - die teenoorgestelde van wit op swart, dit wil sê wat jy helder kan lees. Fragmente teks uit ander lande, uit ander tale en tye, maar ook uit eie taal en bodem, word dus onsigbaar gemaak, verswyg, geïmpliseer, maar is onmiskenbaar nietemin dáár.

Die interferensie van tekste of hersirkulering van tekste, en spesifiek tekste uit die Nederlandse literêre tradisie, word dus as aksioma in hierdie studie aanvaar.

### 1.2 Probleemstelling en terreinomskrywing

Gedurende die tagtigerjare verskyn vyf omvattende bundels van T.T. Cloete: Angelliera (1980), Jukstaposisie (1982), Allotroop (1985), Idiolek (1986) en Driepas (1989). Die Afrikaanse letterkunde van die afgelope dekade van tagtig staan in die maalkolk van die postmodernisme, ook dan die poësie van Cloete. Tiperend van die postmodernisme is die oorskryding van vroeër duidelik gemarkeerde grense; intertekstualiteit, of breër gestel: die hersirkulering van tekste, is die bakermat hiervan. Malan (in Roodt, 1991:14) wys byvoorbeeld uit dat daar in die teorie én die verspraktyk 'n swaai weg was van die klemplasing op die geïsoleerde teks, en dat die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



klem nou val op die konteks, die interteks, die metateks, selfs die kultuur as teks. Binne dié denkmodus van die postmodernisme het dit dus dringend noodsaaklik geword dat daar 'n ondersoek geloods word om die wesensaard van hierdie grensoorskryding te probeer bepaal.

Gedig 'XIII' is nie net 'n sleutelgedig in die bundel Driepas nie, maar ook in hierdie studie. In dié gedig knoop Cloete 'n aantal begrippe saam wat in 'n groot mate die rigting van die studie aandui:

> Vermetel in die groot knokkeltrek
> loop ek seervoet, dra laseraspaaie
> en boeke, gansveerskagte; met my poëtolek,
> my musiekinstrumente en hart en lense loop
> ek melkweë, drentel stokkiesdraaie
> in stegies, maak in die verloop 'n knoop
> en die cul de sacs loop ek oop.

Volgens hierdie gedig, wat bestempel kan word as 'n wegwyser na 'n ars poëtika, maak die digter "in die verloop 'n knoop"; hy knoop dus in die loop 'n gedig. "Knoop" kan hier herlei word na "knoopskrif", dit wil sê die geknoopte snoere wat vroeër onder andere in Peru as skriftekens gebruik is. Uit dié verskillende knooppunte ontstaan die knoopskrif, die netwerk of weefsel wat die gedigteks is. Die woord "teks" is naamlik etimologies afgelei uit **textus**, **texere**, wat weefsel, of vleg beteken. Vandaar dat Van Gorp et al. (1986:200) die teks beskryf as "een betekenisknoop". Op grond hiervan kan 'n mens die gedig beskou as 'n web van relasies tussen tekens. Veral belangrik is die feit dat die digter in die ver**loop** 'n gedig of teks knoop, met ander woorde die dinamiese aktiwiteit van die skepping word beklemtoon, en die vermeende **vaste** identiteit word opgehef. Die beginsel van grensoorskryding word gevolglik geïmpliseer en inderdaad ook deur die slotreël bevestig as hy sê: "en die cul de sacs loop ek oop".

Degenaar (1990:7, my kursivering) beklemtoon dié ooploop van cul de sacs as hy sê:

> Tipies van 'n teks is dat hy hom **nie hou aan die grense** wat aan hom opgelê word nie. Die tekens in 'n teks is besig om **verhoudings aan te knoop** met tekens in ander tekste en indien ons onthou dat die wêreld self uit tekste bestaan, kry ons 'n idee van die omvang van die permissiwiteit en promiskuïteit wat aan die orde van die dag is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Die deurbreking van grense in die poësie vind op verskillende terreine plaas. Enkele hiervan wat veral betrekking het op Cloete se digterskap word vervolgens kortliks uitgelig. Degenaar (1990: 7-8) wys op die deurbreek van die skerp onderskeid tussen letterkunde en erotiek, sodat 'n skrywer/digter dikwels die "tekstualiteit van seks en die seksualiteit van die teks" ontgin. Die "omzetting" van tekste impliseer per slot van sake ook 'n inspeel van tekste op mekaar, 'n kopulering van tekste met bevrugtende implikasies - daar ís dus 'n intieme verband tussen (inter)tekstualiteit en seksualiteit.

Degenaar (1990:8) spel ook 'n tweede grensoorskryding uit, naamlik tussen dié van letterkunde en politiek, en poneer: "Intertekstualiteit wil sê daar is dinamiese verbande tussen die politiek van tekste. En 'n verstaansproses wat nie bewus is van hierdie verweefdheid nie, verarm homself." Die teks van politiek impliseer veral magsverhoudinge en die misbruik van mag. Vandaar dat Hambidge (1992:68) beweer: "'n Teks wat die reëls van die spel so openlik uitspel (uitspeel!) en as 't ware die leser voorskryf hóé die teks benader moet word, kan nie as ideologies onskuldig afgemaak word nie." Leopold (1982:191) verwoord die magsug en tirannieke aard van die kunswerk só in die gedig 'Ik zag met pronk en kosbaarheden':

> Schoonheid is tyranniek gezind
> en zelfgerecht en voert bewind
> naar eigen wil en welbehagen!

As Cloete in die gedig 'Zeus vandag' (<u>Driepas</u>) sê: "Die poësie laat hom geld / met delikate geweld", reflekteer hy 'n spel van magsverhoudinge, én sou 'n mens kon sê, veg hy 'n stryd om 'n eie plek binne 'n bepaalde hiërargie. En waar hiërargie en dominansie ten opsigte van die letterkunde ter sprake is, bring dit ook die kwessie van kanonisering op die voorgrond.[3] Die begrip "kanon" is afgelei van die Grieks **kanoon** wat **maatstaf** beteken, vandaar die afgeleide betekenis van voorbeeld, norm of wet. Harris (1991:110) wys daarop dat veral die normatiewe moment van die oorspronklike betekenis behoue gebly het in die verskillende literêre betekenisse van die term. Volgens Botha (in Roodt, 1991:5) het kanonisering veral te make met die intrinsieke waarde van literatuur.

Die hiërargiese afkamping van tekste / oeuvres binne die groter literêre landskap word op speelse wyse deur Cloete bevraagteken in die gedig 'Job' (<u>Driepas</u>):

> Job jy het 'n besonder
> eie plek onder die verwante

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geplaagdes: Verlaine, Cervantes
en Dante,
Homeros,
en daardie Villon!
en Rimbaud, ek bewonder
jou jou ou jammerlike kolos
uitgejaag groot sonder
'n hut of helikon
of kamma se kastige kanon.

Die gedig teken 'n galery groot digtersfigure[4] uit die Westerse literatuurtradisie wat elk 'n eie, besliste stempel op die letterkunde afgedruk het, en gevolglik van 'n eie plek in die kanon verseker is. As Cloete verwys na die "kamma se kastige kanon", problematiseer hy die grense van die erkende, tradisionele kanon. Daar is sprake van 'n speelse (tipies postmodernistiese) hekeling van die kanon, maar juis daardeur erken hy wel die kanon en eis hy 'n nuwe perspektief, 'n nuwe benadering, die erkenning van nuwe moontlikhede én 'n bepaling van 'n eie plek in dié kanon. Buscop (1989:96) beklemtoon die feit dat Job 'n geobjektiveerde spieëlbeeld van T.T. Cloete is. In die onderhawige gedig word Job egter sonder helikon[5] of kanon gekwalifiseer. Tog noem die spreker vir Job "groot", "kolos(saal)", ondanks die feit dat hy nié onder die groot digters van die wêreldliteratuur "gekanoniseer" is nie. Volgens Buscop (p.94) is Job die menslike, maar ook digterlike norm waaraan die ek-spreker homself toets. As hy dus aan Job 'n "besonder eie plek" onder die geplaagdes toeken, kan die afleiding gemaak word dat daar by Cloete as digter ook sprake is van 'n soeke na só 'n eie besondere plek en 'n eie identiteit. Die probleem rondom die idiolektiese "omzetting" van Nederlandse tekste in die poësie van Cloete moet dan ook in die lig hiervan benader word.

Die <u>WAT</u> omskryf die lemma "kanon" onder andere ook as die strengste vorm van nabootsing. Waar daar sprake is van nabootsing word begrippe soos: oorspronklikheid, universaliteit, outensiteit en kompleksiteit geaktiveer, en daarteenoor: intertekstualiteit, hersirkulasie, referensie, parodiëring - volgens Hambidge (1992:68) almal kode-woorde van die postmodernisme.

Malan (in Roodt, 1991:15) lig 'n volgende grensoorskryding ten opsigte van skeppende en beskouende literatuur uit met dié uitspraak oor tendense van die dekade van tagtig: "Daar is weggestuur van die logosentriese, swaarwigtige en baie sterk gekanoniseerde benaderings tot die literatuur, en die letterkunde kon weer in eie reg veel meer as 'n spel en intellektuele vermaak benader word." Malan se stelling

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

kan myns insiens spesifiek ook op Cloete se digterskap van toepassing gemaak word. Die implikasie van so 'n opvatting is egter verreikend, omdat dit 'n kritiese herbetragting van die bestaande gekanoniseerde literêre werke en van die literatuurgeskiedskrywing én die mynveld van probleme daaromheen in gedrang bring.

In die digterskap van Cloete is daar, benewens die deurbreking van grense op bogenoemde terreine, ook 'n deurtasting oor lands-, tyds-, taal- en kultuurgrense heen na ander tekste, en soos reeds uitgewys, spesifiek Nederlandse tekste. Hierdie grensoorskryding is in wese, in die idioom van die gesiteerde gedig 'XIII', 'n "knokkel**trek**", 'n pynlike seervoet**loop** deur die landskap van die literatuur op soek na 'n eie identiteit - 'n eksistensiële soeke na wat jy is en na wat jy wil wees. Van der Post (1990:xii) se sienswyse in hierdie verband is veral relevant en kan ook op Cloete betrek word:

> I tried to say that the Great Trek had another deeper and more significant dimension, that it didn't express a desire for conquest, but a desire to find a new world in Africa, a physical new world where they could freely be themselves. [...] We should long since have realized that the real journey we have to make is to turn to our undiscovered within.

Die dekade van tagtig kan myns insiens inderdaad bestempel word as die dekade van die "groot trek" in die Afrikaanse poësie, want tematies is die gemene deler van die belangrikste eksponente van tagtig (Breytenbach, Krog, Hambidge, Stockenström én Cloete) die **reis**gegewe (met **trek** en **loop** as variante). By Krog is daar byvoorbeeld ooglopende trekgegewe in die gedigreeks 'Die leeu en die roos' (<u>Otters in bronslaai</u>), asook in die bundels, <u>Jerusalemgangers</u> en <u>Lady Anne</u>. Krog trek retrogressief die verlede en die geskiedenis in. Sy verwerk historiese stof tot poësie en herdig geskiedkundige gegewens, en hef sodoende op tipies postmodernistiese wyse die grense op tussen feit en fiksie, geskiedenis en letterkunde, tussen verlede en die hede van waaruit daardie verlede beskou en herskryf word.[6] Die doel van hierdie grensoorskryding is volgens Gilfillan (1991:52) "'n besinning oor die plek en die taak van die digter te midde van ongelykheid en onreg in die Suid-Afrika van vandag". In Breytenbach se unieke "tronkpoësie" onderneem hy verbeeldingsvlugte of voëlvlugte om die begrensing van die tronkmure te ontvlug, reise[7] wat uiteindelik ook introspektief geloods word. Stockenström se <u>Monsterverse</u> teken die mens as "naglopers(s)" en is in wese 'n besinning op:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat my as mens stempel en my menslik
dwaas laat regop loop en laat kyk en vat
om myself al wandelend te maak van die vat?

Hambidge se reisbundels versit bakens in die Afrikaanse poësie deur die openhartige ontginning van die "gay"-tema en die weerstand teen die patriargale tradisie in Afrikaans.[8] Ook sy reis deur die landskap van die literatuur, maar ook deur die inwendige lewe én die sigbare en denkbare werklikheid buite, met die doel om haar eie unieke menswees te stempel én haar plek te bepaal.

In gedig 'XIII' munt Cloete die begrip "poëtolek". Die neologisme "poëtolek" is waarskynlik saamgestel uit die konsepte "poëtika" en "idiolek", wat albei kernbegrippe binne die verwysingsraamwerk van hierdie studie is. Dorleijn (1989:31) maak die onderskeid tussen poëtika (staties) en die aard van teksverskynsels (dinamies), met ander woorde tussen poëtika en poësie. "Poëtika" dui op 'n outeur se bepaalde **literatuuropvattings**, dit wil sê opvattings oor die ontstaan, die aard, die doel en die middele van literatuur. Volgens Verdaasdonk (1980:379) is 'n literatuuropvatting 'n versameling normatiewe uitsprake oor die eienskappe wat in literêre tekste "essensieel" geag word. 'n Groot aantal definisies van tekskenmerke het op dieselfde verskynsels betrekking, met die gevolg dat bepaalde terme met 'n hoë frekwensie in poëtikas terugkeer: "funksie" (van literatuur), "mimesis", "oorspronklikheid", "vorm", "inhoud"; en gevolglik word ook 'n vaste aantal temas aangesny: die opbou van die teks, die procédés wat dit bevat, die verhouding tot die werklikheid, ensovoorts. Die woord "poësie" is afgelei van die Griekse woord **poiesis**, wat teruggevoer kan word na **poien**, wat beteken "om te maak". Volgens Dorleijn (1989:32) word die poësieteks, en meer spesifiek die tekskenmerke of tekseienaardighede, bepaal deur persoonlike en algemene konvensiesisteme, "idiolecten respectievelijk idiomen. Met andere woorden het synchroon niveau." Die "idiolek"[9] van 'n digter wat in sy poësie neerslag vind, dui op die digter se unieke kodesisteem of kommunikasiepatroon.

Op grond van die simbiose van "poëtika" en "idiolek" (soos blyk uit die neologisme "poëtolek") kan die afleiding gemaak word dat Cloete die poëtika en die idiolek "knoop" as noodsaaklike digterlike bagasie vir die "groot knokkeltrek". In die lig van wat vroeër gesê is, kan die vraag egter ook gevra word of Cloete nie juis die "groot (knokkel)trek" deur die landskap van "gevormde literatuur" onderneem op soek na 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ars poëtika, 'n eie idiolek, om sodoende te besin oor sy taak as digter, en om uiteindelik ook so sy eie plek in die kanon te (her)oriënteer.[10]

Die idiolektiese "omzetting" van Nederlandse tekste in die poësie van Cloete impliseer voorts dat hy tekste van ander digters met wie hy 'n besondere verwantskap voel, "knoop" aan sy eie.[11] Sy digterskap toon gevolglik 'n besondere historiese bewussyn vir die literatuur in al sy manifestasievorme. Hierdie kenmerk van Cloete se poësie ontlok egter ook negatiewe kritiek. L.I. Bertyn (1983:3, my kursivering) maak byvoorbeeld die volgende beswaar:

> Omtrent niks klink deurleef nie. **Die helfte van die gedigte is deur die bestaande literatuur voortgebring**, die ander helfte deur die woordeboek. Daar is geen woord waaraan 'n mens kan vat of ruik nie, niks om langs die pad op te raap nie. [...] Dis poësie van die olielamp. Gedigte wat buite die literêre broeikas sal wegkwyn en verlep. Demonstrasie van vernuf - totdat ook die vernuf 'n paar eenvoudige truuks blyk te wees.

Hugo (1986:11) tipeer in dieselfde trant die verse van Idiolek as "gewigtige deurstoppers" vol "pretensie". L.I. Bertyn se beswaar aksentueer die vraag waarmee ook in hierdie studie afgereken moet word: wat is die wins van Cloete se knoopwerk aan Nederlandse tekste en poëtikas vir die leser én vir die Afrikaanse literêre tradisie - of bly dit steek in 'n demonstrasie van vernuf of van 'n paar eenvoudige intertekstuele truuks?

As 'n mens 'n oomblik stilstaan by die praktiese implikasies van 'n ondersoek na die idiolektiese "omzetting" van spesifieke Nederlandse tekste in die poësie van Cloete, onderstreep dit ook 'n ander dilemma waarvoor die navorser te staan kom. 'n Ondersoek na die verhouding tussen die grondteks (architeks of oerteks) en die eindteks (fenoteks)[12] en die transformasie van die onderliggende teks na die resulterende oppervlakteteks, is uit die aard van die saak problematies; om betekenis daaraan toe te ken of om die funksie daarvan uit te wys nóg moeiliker. Die funksie van so 'n verwantskap tussen tekste, of transformasie van 'n grondteks kan byvoorbeeld hoegenaamd nie vásgelê word nie, omdat dit gedeeltelik ook in die leser setel om die funksie te aktualiseer. Die funksie is dus regstreeks afhanklik van 'n singewende subjek, wat op sy beurt deel het aan sosiale, kulturele, ideologiese en literêre konvensies. Moontlike funksies van die digterlike procédé van transformasie is

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dat die fenoteks ’n digterlike herlesing van die architeks is wat uitmond in ’n interpretasie van of kommentaar op die architeks, of dat die "omzetting" deel het aan die uiteindelike betekenisgewing van die fenoteks. Die heraktivering van die vertroude gegewens van die architeks vergroot dikwels die semantiese universum van sowél die architeks as die fenoteks. Die jukstaponering van gegewens uit ’n architeks in ’n fenoteks kan moontlik ook ten doel hê om die leser insig te gee in bepaalde poëtikale opvattings van die outeur wat met dié van die outeur van die architeks kan verskil of ooreenkom. Aan die fenoteks kan ook ’n simboliese, mitologiese of eksistensieel-filosofiese funksie toegedig word. Dikwels het die jukstaposisie van die grondteks en eindteks ’n parodiërende funksie.

Die realisering van die teks as "omzettingsproduct" setel dus grootliks in die leser[13] en sy kennis en bewussyn van die taalkonvensies, die literêre situasie en die literêre kanon, asook sy kennis van die betrokke digter se digkuns. Die transformasie van tekste maak aanspraak op ’n kognitiewe bagasie wat alle lesers van ’n spesifieke kultuur helaas nie in ’n gelyke mate besit nie - des te meer wanneer die grondteks deel uitmaak van ’n ander taal, tyd, kultuur en werklikheid. Om met Mertens (1990:22) saam te praat: "het beroep dat schrijvers doen op de intertekstuele competentie van lezers kan niet meer als vanzelfsprekend worden verondersteld".

Vanweë die feit dat Cloete se poësie ’n besondere verwantskap toon met talle voorgangerdigters, hetsy Afrikaans, Nederlands of ander, moet hy dus gelees word binne die Afrikaanse literêre tradisie, sowel as binne die Nederlandse én selfs die breër Europese literêre tradisie. Bolckmans (1989:146) beweer die volgende ten opsigte van tradisie:

> De literaire traditie is een zeer machtig en wijdvertakt verschijnsel, waaraan in feite geen enkel auteur volledig kan ontsnappen. Maar hij kan er verschillende houdingen tegenover aannemen: principieel afwijzend, zoekend naar iets nieuws en moderns of aanleunend erbij en het verleden voortzettend, en daartussen een aantal overgangshoudingen. Er bestaat geen twijfel over dat de voortzetting van de traditie kwantitatief veruit het belangrijkste aspect uitmaakt.

In aansluiting hierby word Smuts (1991:21) se siening volledig aangehaal omdat dit ’n meer kontemporêre tendens uit die oogpunt van Afrikaans weerspieël:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

> Tagtig is dus deel van 'n tradisie, maar getuig terselfdertyd ook van 'n ánder tradisie in die literatuur, naamlik dat die letterkunde steeds verander en muteer, dat dit bly rebelleer teen wat reeds bestaan. In dié proses wreek hy hom skynbaar op die verlede deur dit in hom op te neem en te transformeer tot nuwe vorme. Op sy beste ontwikkel dit tot 'n spel waarin tekste mekaar komplementeer en wedersyds verryk.

Dit bring 'n mens by die brandende vraag: Is Cloete besig om die Afrikaanse literêre tradisie te verruim met die wisselwerking tussen tekste, of is hy bloot besig om te borduur / "knoop" aan die Europese tradisie? Beteken dit Cloete het nie "onloënbaar aangeland" (soos Krog, 1981:25 sê) in Afrika nie? Is hierdie Europees-georiënteerde poësie binne 'n gevestigde Afrikaanse tradisie hoegenaamd relevant binne die konsep van die sogenaamde "nuwe Suid-Afrika" (soos vanuit die perspektief van 1992), waar die eis vir 'n Afrika-gerigte instelling reeds vir die afgelope paar jaar al dwingender klink. Olivier (1987:37) maak byvoorbeeld die stelling: "Jonger mense voel vandag 'n dringende behoefte aan 'n kritiese heroriëntasie [...] en dit sal onvermydelik ook 'n herwaardering van die gevestigde Afrikaanse tradisie moet inhou." Stander (1990:37) spreek háár wantroue in geïnstitusionaliseerde waardestelsels sterker uit. Haar wantroue rig by implikasie 'n beskuldiging dat die skrywers van die afgelope drie dekades, maar veral die sogenaamde Tagtigers, nie polities of ideologies of moreel betrokke geraak het nie, maar eerder in isolasie verkeer het ter bevordering van elitisme. Stander het dit veral teen Hambidge se poësie wat haar ideologies nie aanspreek nie, maar die beskuldigings wat sy rig, kan dalk ook op Cloete van toepassing gemaak word:

> Die reis waarop die leser in hierdie bundels geneem word, vleg deur die Afrikaanse literêre tradisie, deur die Europese tradisie van hierdie letterkunde en deur Europese teorie. In hierdie poësie word die apartheid en selfgesentreerdheid van die Afrikaanse literêre kanon tot sy logiese konsekwensies gevoer.

In die lig van die huidige klimaat waar die hele kwessie van gevestigde literêre tradisie bevraagteken en in sommige gevalle selfs verwerp word, benadruk dit juis die belangrike rol wat opvattings met betrekking tot die literêre tradisie by die lees van hedendaagse tekste te speel het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Uit hierdie wydlopige, gekontekstualiseerde relaas groei dus die probleemstelling ten grondslag van hierdie studie: in watter mate bepaal die kanon van die Nederlandse literatuur die poëtologiese aard en die idiolek van die oeuvre van die digter T.T. Cloete? Daarmee saam: in watter mate beïnvloed die hersirkulering van spesifiek Nederlandse tekste in Cloete se poësie die wesensaard van bogenoemde grensoorskryding?

## 1.3 Doelformulering

Die primêre oogmerk van hierdie studie is om T.T. Cloete se digterskap sentraal te stel: om 'n verkenning te maak van die verwantskap tussen die digkuns van Cloete en die kanon van die Nederlandse literatuur aan die hand van gekose eksemplariese gevalle, 'n verwantskap wat manifesteer ten opsigte van poëtika, sowel as verwantskappe op konseptuele en taalmanifestasievlak.

'n Besinning oor die rol van die literêre tradisie en die komplekse verhouding tussen oorspronklikheid en navolging sal noodwendig die aandag opeis. Ook Cloete se besondere bemoeienis met die literêre tradisie sal onder die loep kom, en meer spesifiek sy verwantskap met die Nederlandse literêre tradisie. Die uitgangspunt is dat die teks, soos idiolekties vergestalt, 'n kritiese lesing van die tradisie is. Binne hierdie tradisie bepaal Cloete sy eie plek en gee op sinvolle wyse daaraan beslag (én verslag) deur die aktualisering van dié ruimer tradisie binne 'n Afrikaanse konteks. 'n Ondersoek na die aard van die kompleksiteit van die verwantskap tussen Cloete en die digters, Leopold en veral Nijhoff, en 'n besluit oor die funksie en plek wat sodanige digters se poësie in die poëtika en die poësie van Cloete speel, sluit hierby aan.

Heynders (1988:2) wys op die belang van die bestudering van poëtikale opvattings van 'n digter, omdat dit 'n bydrae kan lewer tot die ontwikkeling van literatuurteoretiese insigte, en omdat dit perspektiewe bied vir die "groepering van teksten als historisch en stilistisch gebonden fenomenen". Indien die poëtiese en poëtikale stramien van verskillende oeuvres met mekaar in verband gebring word en ooreenkomste en verskille merkbaar gestel word, verdiep dit die insig ten opsigte van die historiese en stilistiese plasing van die betrokke digter se werk. Voortvloeiend hieruit sal dit ook as

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



doelwit gestel word om 'n verkenning te gee van Cloete se poëtika soos wat dit versekstern uitgespreek word, maar veral soos wat dit versintern idiolekties manifesteer. Terselfdertyd sal die interaktiewe ooreenkomste met die poëtikale konsepsies van Leopold en Nijhoff beklemtoon word. Ook op die terrein van die poëtika sal aangetoon word dat Cloete nie slegs toevallige ooreenstemmende poëtikale opvattings met Nederlandse digters handhaaf nie, maar dat hy ook aansluit by en dig vanuit 'n bepaalde poëtika-tradisie.

'n Volgende doelwit is om te fokus op eksemplariese tekste as "omzettingsproducte". Daar sal ondersoek ingestel word na wat gebeur met die teks as transformasie / "umwertung" / "omzetting"; op watter wyse word daar in die fenoteks met architekste omgegaan; op watter wyse het die grondteks en die fenoteks deel aan die dromende denke van die digter en hoe sien die finale teks idiolekties daaruit. Die doel is dus om aan te toon wát transformasie van **imitatio** onderskei: dit gaan dus om verskille sowel as ooreenkomste; naas invloed word identiteit vooropgestel; 'n "omzetting" wat uiteindelik kan neerkom op die totale negasie van die grondteks.

In 'n artikel oor die dromende denke van die digter wys Cloete (1984b:19) daarop dat die perlokusie van die gedigteks niks anders hoef te wees nie as "dat hy die leser aan die speel sit". In samehang hiermee is die aanname dat die realisering van die teks as "omzettingsproduct" in die leser setel. Volgens Van den Akker (1985a:16) hang ook poëtikaliteit van die leser af: "De mate van (in)directheid hangt voor een niet onaanzienlijk deel af van de lezer (onderzoeker): verschil in kennis van de conventies, van de opvattingen van de desbetreffende dichter, van de literaire situatie en dergelijke is hier sterk medebepalend." 'n Volgende doelwit van die studie bring dus die rol en literatuuropvatting[14] van die leser binne die literêre kommunikasieproses in die gedrang. Goedegebuure & Heynders (1991:537) se stelling word in hierdie studie onderskryf: "Bezinning op de leeshouding, op de literatuuropvatting die de onderzoeker zelf hanteert, is nog te weinig in het poetica-onderzoek betrokken. Men doet zich over het algemeen voor als een min of meer neutrale leesinstantie."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 1.4 Hipoteses

Die hipoteses vloei voort uit die gespesifiseerde doelwitte van die studie en hou ook verband met die ontplooiing daarvan.

1. Die poësie van Cloete toon 'n besondere bemoeienis met die Nederlandse literêre tradisie. Hy "knoop" aan hierdie tradisie, aktiveer nuwe kragvelde van verwysing, en aktualiseer gevolglik daardie wêreld in Afrikaans. Op hierdie wyse verruim hy die Afrikaanse literêre tradisie op 'n besondere wyse en bevestig terselfdertyd sy plek in die kanon.

2. Cloete se poësie getuig van 'n eie poëtika wat direk aansluit by die geskrifte van Leopold en Nijhoff. Die stramien van hierdie poëtika is opvattings in verband met die teks, wat insluit opvattings oor die ontstaanswyses van die gedig, die dromende denke van die digter en die selfaangedrewenheid van die gedig, 'n bepaalde werklikheidsiening en die objektiveringsteorie.

3. Op grond van hierdie ooreenkomste kan Cloete volgens Sötemann (1985) se model, gelees en beoordeel word binne 'n internasionale poëtika-tradisie.

4. Dit is moontlik om die allotropie van "gevormde literatuur" of idiolektiese "omzetting" van Nederlandse tekste in Cloete se oeuvre op konseptuele, formele taal en komposisionele vlak na te speur.

5. Die poësie van Cloete moet benader word as 'n voortdurende spel - 'n spel wat outeur, teks en leser in die literêre diskoers betrek. Hierdie digterlike en talige spel mond veral uit in die spel van transformasie of "omzetting" of dan: die allotropie van gevormde literatuur.

## 1.5 Terreinafbakening

Die teorie-gedeelte van hierdie studie word afgebaken deur die begrippe wat deur die titel en probleemstelling in die vooruitsig gestel is. In die praktiese verkenning word die terrein afgebaken deur hoofsaaklik na die oeuvres van die Nederlandse digters Leopold en Nijhoff te kyk, omdat die besondere verwantskap met hierdie digters die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

sterkste opval. Dit sluit ander relevante digters soos Revius, Van de Woestijne, Achterberg en Marsman nie uit nie, omdat elke teks sy eie kragveld kreëer en sy eie verwantskappe aktualiseer. Die leeshouding is dus om die gedigte so ver moontlik aan die woord te stel.

Die ondersoekmetode en -terrein ten grondslag van die studie stem ooreen met Fens (1979:16) se uitgangspunt: "'Gaan waar de woorden gaan' is ook de taak van de leser. Hij moet trachten binnen te dringen in de eigen wereld van het literaire werk, in de eigen wetten en eigen logica ervan. Aan die eigen wetten moet het werk getoetst worden, op zijn eigen logica dient het onderzocht." Om te gaan waar die woorde gaan, het ook dié belangrike implikasie vir hierdie studie dat dit grootliks die wyse van analise van gedigte bepaal. Allotropie as leesmodus staan voorop. Die uitvloeisel hiervan is dat die teks beskou word as aggregaat, of as (taal)kristal waarvan die belangrikste eienskap die veelkantigheid daarvan is. In die gedig 'Deelgenoot' (Driepas) word die gedig ook as 'n refleks tipeer:

> die gedig is 'n refleks
> in 'n enkele woord
> en in dié woord hoor
> die oor ineen ineens die teks
>
> van die versamelde gedig

Vanweë dié "versamelde" aard van die gedig (wat ook 'n "versameling" Nederlandse tekste insluit) pleit Hambidge (1990:7) óók vir 'n spesifieke leesstrategie. Sy voer aan dat gedigte nie as afsonderlike verse gelees moet word nie, omdat verse op mekaar inspeel, intertekstueel op mekaar aangewys is en ook na ander tekste verwys. Daar word gevolglik in dié studie nie 'n enkelteksgerigte benadering gevolg nie, maar gefokus op 'n groter samehang en wyer teksnetwerk.

By die lees van Cloete-tekste, hetsy teoretiese geskrifte of gedigtekste, dring die besondere verwantskap met Nijhoff se poëtikale geskrifte op. Cloete se verwantskap met Leopold erken hy eksplisiet na aanleiding van die artikel wat hy geskryf het oor die dromende denke van die digter: "dit was alles eintlik 'n bevestiging van my eie skryfervaring" (Cloete, 1984b:1). Hierdie teoretiese besinning oor Leopold se digterskap is besonder insiggewend, omdat dit 'n abstrahering is uit gedigtekste van die Leopold-oeuvre waarin Cloete ook eie poëtikale opvattings munt. Van den Akker (1990:49) wys terselfdertyd op die "essentiële overeenkomsten" tussen die digters

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Leopold en Nijhoff. Leopold en Nijhoff sal dus bestudeer word met die poëtika as vertrekpunt. Gekose gedigte as eksemplariese gevalle uit Cloete, sowel as Leopold en Nijhoff se oeuvre, sal derhalwe onder die loep kom.

Intertekstuele verwysings na tekste van Nederlandse outeurs in die Cloete-oeuvre geskied op verskillende wyses: in die vorm van verwysings, sitate, allusies en motto's, ten opsigte van korresponderende klankbewussyn, ritmiek, sintaksis, woordkeuse, tema of sintaktiese strekking, gestalte en tyd-ruimtelike aspekte en komposisie. Dié talle raakpunte op formele taal, sowel as konseptuele en komposisionele vlak, hetsy deur "symtonen of signalen", dit wil sê eksplisiet of implisiet, motiveer 'n verkenning. Begrippe soos "formele elemente" (ook "taalmanifestasies" of "taalelemente"), "konseptuele elemente" en "komposisie" word onderskei en gebruik na aanleiding van Cloete (1984a) se onderskeiding. Hierdie begrippe betrek alle fasette van die literêre werk en het ten grondslag Cloete (1984a:25) se definisie:

> 'n Omvattende distinktiewe omskrywing van 'n literêre werk is dus: dit is die kommunikasie van gebeure, met of deur figure of gestaltes (persone, diere of dinge), in 'n bepaalde tyd en ruimte, gestel in talle taalelemente, gesien en vertel vanuit 'n bepaalde perspektief, en gekonstrueer in 'n bepaalde tektoniek.

## 1.6 Aktualiteit

Die aktualiteit van hierdie studie berus op die eerste vlak in die problematiek rondom Afrikaans se "naelstringverbintenis" met Nederlands en die toenemende (h)erkenning van dié vormende verwantskap. Van Wyk Louw het reeds in sy opstel "Werktuig of naelstring" (1963) gewys op die merkwaardige eienskap van Afrikaans dat dit besonder verwant is aan Nederlands in al sy stadia. In samehang hiermee sê Louw (1986c:559) verder: "'n Unieke historiese toestand bring dit mee dat - en 'n mens sê dit sonder die minste hooghartigheid - dat die groot Nederlandse literêre tradisie vir ons 'n **onderdeel** van ons eie Afrikaanse tradisie is." Cloete (1966:5) self is van mening dat 'n literêrvormende krag van Nederlands kan uitgaan. Hy voer ook die argument aan dat elke leesgierige Afrikaner bewus of onbewus naas sy eie letterkunde 'n sterk behoefte het aan 'n ander literatuur wat ryker is, ryker om verskillende redes: "omdat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dit ouer is, omdat dit meer skrywers het en ook omdat dit van 'n ander ervaringswêreld praat".

Meer onlangs voer Links & Van Zyl (1991:6-10) grondige argumente aan ten gunste van Nederlands op skool (by implikasie dus 'n bevestiging van die besondere verbintenis tussen Afrikaans en Nederlands) en maak onder andere op die taalfeit attent dat Afrikaans onlosmaaklik deel is van 'n taal-ekologie wat tot ver buite die grense van Suid-Afrika strek. Hulle vra vir 'n groter taal-openheid en wys op die feit dat so 'n geesteshouding die student (leser) se leefwêreld verruim. 'n Ernstige pleidooi word ten slotte gelewer om Nederlands as ons venster op Europa te begin skoonmaak eerder as om dit toe te bou.

Hierteenoor huldig Stander (1990:38) 'n opponerende standpunt:

> Daar word teruggedraai na die Europese tradisie en daarmee word die mees konserwatiewe element van die Afrikaanse literêre tradisie juis bevestig, naamlik die onvermoë om die naelstring met Europa te sny. Want hoewel teorie revolusionêr is in die oopskryf van tradisies, lyk dit hier ter plaatse nie net onvanpas nie, maar ook na 'n voortsetting van elitisme.

Cloete se terugdraai na die Europese tradisie en sy bemoeienis met die Nederlandse literatuur moet myns insiens egter in die lig van Dijkhuis (1963:12, my kursivering) se uitspraak beoordeel word: "Heeft men een zintuig voor verleden en traditie, dan moet men de betekenis van het heden noodzakelijkerwijs inzien. Door het bestaan van polen ontstaat een **krachtenveld**." Hiermee saam moet Neil McGurk se opvatting, soos aangehaal deur Kriel (1987:34), gelees word: "Tradisie is iets wat lewe - dit groei en pas aan by nuwe omstandighede. Tradisie word in die hede gemaak - dit bepaal nie die hede nie."

Die besondere verbintenis met en voortbou op die Europese tradisie moet dus gesien word as die aktivering van nuwe kragvelde van verwysing. In hierdie studie sal aangetoon word dat Cloete nie slegs aanleun of "knoop" aan die literêre tradisie ter wille van die voortsetting van 'n sekere elitisme of onvermoë om die naelstring te sny nie. Hy aktualiseer juis daardie wêreld in Afrikaans - só skep hy 'n verruimde lees- en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

leefwêreld. Louw (1986d:413) se uitspraak kan myns insiens ook hier van toepassing gemaak word:

> daarmee het ek een van die meesterlikste voorbeelde van verwysing, of vertaalde aanhaling, wat ek ken, leer begryp ... 'n sinspeling nie net tussen tale of literature nie, maar tussen wêrelde en lewens; en het ek ook ingesien [...] dat die mens se woord, in die poësie, álles kan uitsê wat hom toegelaat word om te ervaar.

Vanweë Afrikaans se besondere verbintenis met Nederlands is 'n ondersoek waarin daar vergelykend en kontekstueel na die groter literêre toneel gekyk word, veral ook relevant. Malan (1984:31) se uitspraak staaf dié argument: "Die behoefte aan vergelykende navorsing is besonder groot, veral omdat 'n aantal jong letterkundes hier te lande in 'n unieke, afgeslote situasie bestudeer word."

'n Tweede aktualiteitsvlak lê op die gebied van die poëtika. Tot op hede is in Afrikaans op hierdie gebied weinig navorsing gedoen, veral ten opsigte van die versinterne poëtika. 'n Verkenning van die digterlike opvattings met betrekking tot die poësie bied aan die navorser 'n perspektief op die digterlike procédés, dit lei tot literatuurteoretiese insigte en bied ook perspektiewe vir die dekodering van die gedigte binne 'n bepaalde oeuvre.

In die kontemporêre Nederlandse literatuur is daar 'n lewendige belangstelling in poëtika-ondersoek, soos blyk uit onlangse geskrifte van Van den Akker, Dorleijn, Goedegebuure en Heynders, wat volg in die spore van Sötemann wat hom reeds die afgelope twee dekades besig gehou het met insiggewende skrywes op hierdie gebied. 'n Ondersoek na die poëtika in Afrikaans is dus ewe aktueel, en des te meer omdat daar in hierdie geval 'n direkte verwantskap met Nederlandse poëtikas aangetoon kan word.

## 1.7 Verloop van die studie

In hoofstuk 2 word die belangrikste teoretiese spilpunte van die studie begrond. Begrippe soos "tradisie", "allotropie van gevormde literatuur" en idiolektiese "omzetting", en "poëtika" word in reliëf gestel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hoofstuk 3 val in twee hoofkomponente uiteen. In die eerste plek word die kontoere van Nijhoff en Cloete se verseksterne poëtikas na aanleiding van die teoretiese begronding in hoofstuk 1 verken. Tweedens word ’n ondersoek geloods na die kontoere van Nijhoff en Cloete se versinterne poëtikas aan die hand van eksemplariese gedigte.

Hoofstuk 4 is ’n uitvloeisel van die teoretiese wegbereiding en terselfdertyd ’n bevestiging van die verwysingsraamwerk van hoofstuk 3. In hierdie hoofstuk word op praktiese wyse met tekste omgegaan. Die klem val hier op die gesprek tussen Cloete-tekste en Nederlandse voorgangerdigters, met die konseptuele elemente: gebeure, gestalte en ruimte en tyd, as breë rubrisering. Die wyse waarop dié gesprek op taalmanifestasievlak beslag kry, word in die loop van die bespreking aangeroer.

Die studie word afgesluit met hoofstuk 5, wat ’n samevatting van die bevindinge van die studie is.

0 - - - - - 0

**Aantekeninge by hoofstuk 1**

1. Die beeld waarvan Cloete hier praat, "word wit op wit" kom voor in die gedig ‘Stories’ (Jukstaposisie). Die laaste twee tersaaklike strofes lui so:

    Die mond wat ons gevoer
    het is nou ongetuit oorgegee
    aan die koue klei. Fragmente sloer
    in ons ore, draal in ons geheue,

    word wit op wit
    maar het ’n planeet
    in ons gehemelte versit,
    maanhelder, sterheet.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Cloete leen sy beeld van Leopold (1982:194) se teks ‘Duisend en één nag’: "en dit is wit op wit en wit op wit".

2. Hierdie term word in hoofstuk 2 volledig bespreek.

3. Vergelyk ook Botha (1991:5) se uitspraak in dié verband: "Ons weet nou dat daar ’n magspel in die hele proses van kanonisering aan die gang is waarop ons bedag moet wees. Ons moenie so naïef wees om te dink kanonisering gaan altyd om **literêre** waarde nie. Natuurlik, dit is ’n instrument om mag te verkry."

4. Die digtersfigure wat Cloete hier noem is veral beroemd vanweë die volgende literêre werke: Romances sans parole van Verlaine, Don Quijote van Cervantes, La Divinia Commedia van Dante, die Ilias en die Odyssee van Homeros, Le grand testament van Villon en Rimbaud se digbundels Poètes maudits en Illuminations.

5. Die uitdrukking "op die top, of aan die voet van die Helikon staan", beteken volgens die WAT om ’n goeie of slegte digter te wees. Die naam word ook soms vir die digkuns én digters gebruik.

6. Vergelyk ook Viljoen (1991:71) se opvatting dat Krog se herdigting van geskiedkundige gegewens midde-in die hersirkulering van tekste staan.

7. Brink (1980:18) staaf hierdie siening. Hy bespreek ’n vroeë "tronkgedig" van Breytenbach en onderskei ook tussen ’n verbeelde reis-na-buite wat geen finale ontvlugting kan meebring nie, en ’n reis-na-binne wat in wese ’n ontginning is van die gevangene se innerlike landskap. Hierdie onderskeid sou ook op Breytenbach se latere tronkpoësie van toepassing gemaak kon word.

8. Gilfillan (1991:54) sê ook die volgende in verband met Hambidge se digterskap:

> Ten slotte moet ’n mens Hambidge krediet gee dat haar postmodernistiese werk daartoe bygedra het om lesers te laat luister na die aanwesigheid van ander stemme in die kunswerk, "cursers", "precursers", eggo’s. Die verhouding tussen die digter en sy tradisie ervaar sy in die Harold Bloom-model as ’n "sielkundige oorlog met hul

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

vader-digter(s)". Vir so 'n feministiese leser kan dit natuurlik die mangesentreerdheid van die literêre kanon suggereer.

9. Vergelyk ook hoofstuk 2 vir 'n verdere omskrywing van die begrip.

10. Kannemeyer (1990:1) se mening betreffende Nijhoff en Opperman se kritiese uitsprake bevestig hierdie opvatting: dat hulle bewustelik of onbewustelik hul eie situasie bepaal in verhouding tot dié voorgangers by wie hulle aansluit en van wie hulle verskil of teenoor wie se werk hulle afsydig staan.

11. Brems (1991:53, my kursivering) formuleer sy opvatting oor die intertekstuele verbande tussen tekste in dieselfde idioom:

> Het is een overtuigende, esthetisch bevredigende, maar verwarrende gedachte, dat iedere tekst eindeloos **verknoopt** is met andere teksten, dat ieder woord een herhaling, een citaat is van datzelfde woord ooit en elders. Dat het in zijn nieuwe context even verschoven word in dat web, nieuwe woorden naas zich krijgt, gaat functioneren tegen de achtergrond van veranderde lees- en schrijfconventies, situasies, poëtica's.

12. Kristeva (1980) het die begrippepaar "génotexte / phénotexte" bekend gestel. In hierdie studie word Claes (1988:53) se latere begrippe "architeks" en "fenoteks"' gebruik. Hy beskryf die begrippe soos volg: "De tekst die men als uitgangspunt van de transformatie beschouwt (en dat hoeft niet per se de oudste te zijn), kan men **grondtekst** of **architekst** noemen, de tekst die als resultaat van de transformatie verschijnt, **eindtekst** of **fenotekst**."

13. Fokkema (1985:646-647) onderskei vyf kodes wat verband hou met die leser se verwagtingshorison of sogenaamde "literary competance", naamlik die linguïstiese kode, die literêre kode, die generiese of genrekode, die periode- of sosiokode en die kennis van 'n persoonlike kode, die idiolek van 'n digter. In die lig van die probleme wat in hierdie studie aangestip word rondom die kwessie van literêre tradisie, ontstaan die vraag of die verwagtingshorison van die leser nie ook in 'n groot mate beïnvloed word deur sy eie houding teenoor die literêre tradisie / kanon én die plek van 'n betrokke digter ten opsigte van dié tradisie nie?

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kortom, myns insiens is daar by Fokkema se vyf kodes ook 'n sesde te voeg, naamlik 'n kode van "literêre tradisie".

14. Volgens Oversteegen (1982:23) is alle wetenskaplike uitsprake oor literatuur afhanklik van 'n literatuuropvatting: "Zonder literatuuropvatting, dus zonder vooronderstellingen, valt er helemaal niets over literatuur te zeggen, omdat er geen literatuur bestaat."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 2

# TEORETIESE SPILPUNTE: TRADISIE, IDIOLEKTIESE "OMZETTING" EN POëTIKA TER VERKENNING

> Wer die Vergangenheit nicht ehrt verliert die Zukunfd. Wer seine Wurzeln vernichtet kann nicht wachsen.
> Hundertwasser

> hy wat versuim om sy lewe
> en dié se plek noukeurig te ondersoek,
> het die Skrywer van sy verhaal gefaal.
> Krog (1989:107)

## 2.1 Aanloop tot teoretiese spilpunte

Dit is Claes (1988:9) wat die mite van die nimf Echo, die mite van herhaling, met die tragiek van spraak en van alle vorme van literatuur in verband bring: "De mythe is het woord van de oorsprong. Alleen in de herhaling blijft het bewaard, alleen in de verandering blijft het bestendig. Zonder herhaling is er geen mythe, zonder mythe geen begin." Die mite van herhaling dikteer digters en vertellers se gedrag deur die eeue: altyd en oral het digters en vertellers mekaar herhaal, want indien hul werklik oorspronklike woorde sou uit, sou niemand in staat gewees het om hul te verstaan nie.

Die mite wat geweef is rondom die verhaal van Echo en Narcissus is van oudsher ’n soektog na die oorsprong en na oorspronklikheid. Uit die soektog na oorsprong spruit herhaling/navolging en uit die soektog na oorspronklikheid spruit tradisie. In die moderne tyd word daar op ’n persoonlike vlak steeds meer gesoek na sin en betekenis van die menslike bestaan, na ’n ervaring van volledige menswees. Só wen die mite weer aan krag, want daarin lê die eenheid van bestaan: in konformiteit van verlede én hede, tradisie én individualiteit, herhaling én oorspronklikheid. As teenvoeter vir middelmatigheid is die singewende handeling ’n inspirasie en voortdurende strewe om aan die oorspronklikheid getrou te bly, maar die nuwe en oorspronklike is alleen te begryp of te omvat, dus sinmakend, as dit ingebed is in die oue, in die tradisie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Om die outonome bestaan van die teks, losstaande van die tradisie tot norm te verhef, is om die wesensbeginsel van taal self te ontken. Wenseleers (1966:140, my kursivering) maak die volgende insiggewende stelling: "Niet alleen verschijnt de taal aldus als een objektieve, met leven bezielde en bezielende werkelijkheid, zowel buiten als binnen de dichter, zij is ook ten nauwste verbonden met het cultureel bezit, **de traditie**, waarvan zij de uitdrukking, de spiegel is."

In 'n ondersoek waarin daar sprake is van intertekstualiteit, of dan: die hersirkulering van tekste, of in die jargon van hierdie studie: die allotropie van gevormde literatuur, is dit byna noodwendig dat 'n besinnig oor die mite van oorsprong en herhaling, en verweef daarmee 'n besinning oor die dialektiek van oorspronklikheid en tradisie ter sprake kom. Daar word dus in die eerste plek aandag aan hierdie fasette geskenk. Die res van dié teoreties-georiënteerde hoofstuk word gewei aan spesifieke begrippe as teoretiese spilpunte waar rondom die studie saamgesnoer word, naamlik die allotropie van gevormde literatuur, idiolektiese "omzetting" en poëtika.

## 2.2 Die dialektiek van tradisie en oorspronklikheid

Louw (1986a) wys in sy opstel oor oorspronklikheid in die literatuur daarop dat die byna obsessionele strewe na oorspronklikheid, die koorsige soeke na die nuwe, 'n tendens is wat miskien maar die laaste tweehonderd jaar voorkom, in teenstelling met die Westerse literêre tradisie wat ongeveer tweeduisend jaar oud is. Daar was tye dat selfs die teenoorgestelde van die oorspronklikheid nagestreef is. Die ideaal was gevolglik nie dat elke skrywer iets moes lewer wat totaal van alle voorgangers se werk verskil nie, maar eerder dat hy hom so dig moontlik moes aansluit by die beste wat reeds bekend was. In hierdie lig staan die **mimesis**-begrip van Aristoteles en die **imitatio**-begrip van die Renaissance wat as basis van elke literêre aktiwiteit gedien het. Voortspruitend hieruit staan die **aemulatio imitatio**-gedagte wat Van Gorp et al. (1986:193) beskryf as 'n "literêre wedstryd" wat 'n skrywer met sy model aangaan om dit te ewenaar en selfs te oortref.

In die eerste periode van die Westerse literatuurgeskiedenis word die onderlinge verwantskappe tussen tekste dus erken en gesitueer in wat Claes (1988), na aanleiding van Lotman, die "esthetica van de gelijkheid" noem. Sedert die Romantiek is die konvensiesisteem negeer en die nadruk gelê op die oorspronklikheid, op die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verwoording van die normafwykende en dít is selfs tot waardeoordeel verhef. Hier is dus sprake van 'n "esthetica van tegenstelling" of "verschil". Die ironie is dat waar 'n tradisie deurbreek word, dit inderdaad ook bevestig word. Hambidge (1986a:69) wys tereg daarop dat herkenning van wedersydse invloed en beïnvloeding te maklik 'n negatiewe oordeel word: "Dit word 'n **waardeoordeel** wat impliseer dat 'n literêre teks **oorspronklik** moet wees, los behoort te staan van ánder invloede."[1]

Sötemann (1985a:40) maak die stelling dat die oordrewe klem wat op die uniekheid van die kunswerk en die outeur gelê word, ook 'n tweede verwaarlosing ten gevolg het, naamlik die mate waarin vernuwing en oorspronklikheid geïntegreer is in die totaliteit van die werk, en sê voorts: "Het is immers alleen tegen de achtergrond van die normen, en dank zij de doorbreking van een aantal ervan, dat een werk zich als nieuw, als bijzonder, kan manifesteren. Volstrekte nieuwheid is ondenkbaar."

Die stelling sou gemaak kan word dat die literêre werk slegs ervaar en na waarde geoordeel kan word in vergelyking met ander werke, as die teks "gemeet" word aan 'n kunswerk wat dit vooraf gegaan het. Elke skrywer is daarby onvermydelik verbonde aan die literêre, maatskaplike en morele konvensies van sy tyd - vernuwing, die aanspraak op oorspronklikheid, is in der waarheid dikwels bloot 'n modifikasie van bestaande konvensiesisteme. Eliot (soos aangehaal deur Sötemann, 1985f:58) poneer: "The poem which is absolutely original is absolutely bad: it is in the bad sense 'subjective' with no relation to the world to which it appeals. Originality, in other words, is by no means a simple idea in the criticism of poetry. [...] True originality is merely development."

Bronzwaer (1988:94) wys tereg daarop dat die sentrale kenmerk van die modernisme (ook postmodernisme - A.N.) die komplekse houding teenoor tradisie is: hoewel daar gebreek word met verouderde en stagnerende kunsopvattings, word daar terselfdertyd in die tradisie gesoek na vorme, waardes en tegnieke wat die kuns weer kan manifesteer as 'n lewende krag in die moderne tyd. In die praktyk beteken dit 'n toenemende toevlug tot parodieë, sitate en intertekstuele verwysings; modelle wat nog bruikbaar is, maar in gewysigde vorm. Een van die voor die hand liggende gevolge van hierdie komplekse verhouding teenoor tradisie is dat dié soort kuns as **metakuns** begryp moet word: dit handel altyd óók oor die kuns van die tradisie. Die kunswerk wat op hierdie wyse geskep word, toon dus altyd 'n bewustheid van sy status as kunswerk.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bloom (1975:32) se siening in verband met tradisie is veral ook relevant, en hy word gevolglik volledig aangehaal:

> You cannot write or teach or think or even read without imitation, and what you imitate is what another person has done, that person's writing or teaching or thinking or reading. Your relation to what informs that person **is** tradition, for tradition is influence that extends past one generation, a carrying-over of influence. Tradition, the Latin **traditio**, is etymologically a handing-over or giving-over, a delivery, a giving-up and so even a surrender or a betrayal.

Bloom het dit hier oor die spesifieke konteks met betrekking tot die verhouding tussen een digter en 'n ander digter. Die begrip "tradisie" word ook deur Eliot in sy bekende essay 'Tradition and the individual talent' (1919) gebruik in die sin van verbondenheid met ander, met voorgangers uit die verlede. Die kern van sy opvatting ten opsigte van die tradisie in die werk van 'n digter word deur Kuin (1988:59) bestempel as twee gelykwaardige komponente: die bekende verlede en die nuwe hede. Om die vitaliteit van die tradisie ten volle te besef, is 'n historiese bewussyn nodig en so 'n historiese bewussyn is volgens Eliot (1919:26-27) 'n onontbeerlike voorwaarde vir digterskap:

> ... historical sense compels a man to write not merely with his own generation in his bones, but with a feeling that the whole of the literature of Europe from Homer and within it the whole of the literature of his own country has simultaneous existence and composes a simultaneous order. This historical sense, which is a sense of the timeless as well as of the temporal and of the timeless and of the temporal together, is what makes a writer traditional.

Hierdie historiese bewussyn as voorwaarde vir digterskap waaroor Eliot dit het, is in 'n groot mate ook die maatstaf waarmee 'n digter **sy eie waarde** bepaal. Om weer eens Eliot (1919:27) aan te haal:

> No poet, no artist of any art, has his complete meaning alone. His significance, his appreciation is the appreciation of his relation to the dead

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> poets and artists. You cannot value him alone; you must set him, for contrast and comparison, among the dead.

In hierdie studie word Eliot se sienswyse volledig onderskryf. Dit is dus in hierdie lig wat Cloete en sy verwantskap met voorgangerdigters in die volgende hoofstukke nagevors word.

## 2.3 Knoopwerk in die literatuur: 'n heteronome benadering

In die voorafgaande hoofstuk is begrippe soos "transformasie", "omzetting", "transkripsie", "bronteks" of "architeks", "eindteks" of "fenoteks" gebruik; begrippe wat almal aan die nosie van intertekstualiteit gekoppel kan word. Sedert Julia Kristeva in 1967 die term "intertekstualiteit" bekend gestel het, het 'n stroom publikasies oor die onderwerp die lig gesien, internasionaal en ter plaatse. Die gevolg is dat verskillende literatuurondersoekers die term op verskillende wyses gebruik én misbruik het, sodat die betekenis wat Kristeva aan die begrip gegee het in sommige gevalle skipbreuk gely het.

Intertekstualiteit word deur Van Gorp <u>et al.</u> (1986:199) beskryf as 'n term wat in die hedendaagse literatuurstudie gebruik word om aan te dui dat 'n literêre teks gesitueer is tussen ander tekste en dikwels daarheen terugverwys. 'n Intertekstuele relasie tussen tekste ontstaan wanneer verskillende tekste ten minste één element as gemene deler het. So 'n element funksioneer dan as 'n intertekstuele kenmerk of intertekseem. In resente geskrifte word onderskei tussen 'n breër en enger kader van waaruit verskynsels bestudeer word. Naas die semiotiese intertekstualiteitsteorie het 'n hermeneutiese intertekstualiteitsbenadering ontwikkel.

Die beperkte intertekstualiteitsopvatting het te doen met "invloed" sowel as oorspronklikheid, en kom veral tot uiting in praktiese literatuuranalises. Morris (1985:3, my kursivering) se siening van intertekstualiteit is veral vir hierdie studie relevant: "texts in which the author imitates or borrows features from an earlier text or set of texts, but in the process changes or **transforms** these features to fit the characteristics of his own previous work".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Claes (1987b:43) onderskei op sy beurt 'n outonome en 'n heteronome benadering van die teks. Die onderskeid gryp terug na die etimologiese betekenis van "teks" as "vlegwerk". Hy verduidelik soos volg:

> Bij een zogenaamde 'autonome' benadering van literatuur gaat men er van uit dat zulk vlechtwerk van woorden op zichzelf moeten worden bestudeerd. De tekst wordt dan zoiets als een tapijt waarvan men de draden een voor een uitrafelt om de patronen bloot te leggen, de **structuur** van het weefsel te ontdekken.

'n Outonoom-strukturele lesing lê patrone bloot op grafiese, narratiewe en pragmatiese vlak. 'n Heteronome benadering ondersoek waar die patrone van die teks vandaan kom. Hierdie benadering noem Claes (1987b:44) **intertekstueel** en verduidelik:

> Een intertextuele lezing beschouwt de tekst niet als eén op zichzelf staande grootheid, maar als een effect van andere teksten. In plaats van de structuur onderzoekt zij de **textuur**, de wijze waarop andere teksten die ene tekst meeweven. De tekst is dan niet langer een tapijt, maar zoiets als een weefgetouw. De patronen die wij ontdekken, ontstaan door vergelijking met andere, soortgelijke teksten: de structuur wordt het gevolg van de textuur.

So 'n heteronome benadering staan nie slegs kompletêr tot 'n outonome benadering nie, maar is dikwels 'n voorvereiste om 'n strukturele analise moontlik te maak. In die postmodernisme word die teenstelling tussen die sogenaamde estetika van gelykheid en estetika van teenstelling opgehef om plek te maak vir die "esthetica van de transformatie" (Claes, 1987a:7), of dan: estetika van die spel.

In hierdie studie sal gefokus word op wat Claes (1987b:47) spesifieke intertekstualiteit noem, dit wil sê "wanneer een tekst relasies heeft met een welbepaalde andere tekst". Vanweë die term "intertekstualiteit" se besondere geskiedenis, word die term transformasie of "**omzetting**" verkies. Die term "omzetting" word gebruik in navolging van Marsman (1925a:241) wat die digter bestempel as transformator en die gedig as "omzettingsproduct".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

In navolging van Rotermund onderskei Beekman (1990:84) 'n vyftal transformasies op die oorspronklike as die vernaamste digterlike procédés: vervanging ("substitutie"), toevoeging ("additie"), weglating ("deletie"), permutasie (verandering van volgorde tussen sinne) en herhaling ("repetitie"). Transformasies kan voorkom op verskillende niveau's, naamlik die leksikale, sintaktiese, semantiese, foniese, (tipo)grafiese, die modale en die logiese.

Die ooglopendste vorm van herhaling is die sitaat[2] wat Claes (1988:61) definieer as 'n intertekstuele transformasie wat bestaan uit die grafiese (eventueel foniese) en semantiese herhaling van 'n architeks in 'n fenoteks met 'n bepaalde doelstelling of funksie voor oë. 'n Tweede vorm van herhaling is die allusie, wat bestempel kan word as 'n herhaling van die betekenis van die architeks sonder dat die betekenisvorm herhaal word.

Namate die sitaat korter word, neem die moeilikheidsgraad daarvan toe. Die vernaamste problematiek vir die leseraktiwiteit ten opsigte van sitate, maar ook ten opsigte van ander transformasies, is die **identifisering** en die **interpretasie** van diesulke sitate en / of transformasies. Tekstransformasies betrek op aktiewe wyse die leser by die kommunikasieproses. "Dat soort onderzoek appelleert niet alleen aan de creativiteit maar het vestigt ook expliciet de band met de lezer." (Gerits, 1983:107). Nie alleen moet die transformasie as sodanig deur die leser herken word nie, maar die gesiteerde teks moet ook geïdentifiseer word. Daarna kan die verhouding tussen die architeks en die fenoteks blootgelê en ondersoek word ten einde tot inspelende betekenis te kom.[3]

## 2.4 Die allotropie van gevormde literatuur en idiolektiese "omzetting"

Die begrip **gevormde literatuur** is reeds in hoofstuk 1 teruggevoer na N.P. van Wyk Louw se gedig 'Ars poetica'. Louw se versinterne poëtikale uitspraak ontken literatuur as transformering, verskuiwing en proses, en plaas terselfdertyd die esteties-kreatiewe aard van die poësieskepping voorop. Om poësie uit gevormde literatuur te maak, impliseer 'n rasionele wilshandeling, logies-analitiese konstruksie en 'n besondere historiese bewussyn. Cloete se digterskap getuig van die ongeldigheid van Louw se uitspraak, want "gevormde literatuur" dwing telkens aan die leser op in die vorm van idiolektiese toepassings, verwerkings (transkripsies), verwysings en transformasies.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hoewel hierdie intellektuele vorme van aktualisering op sigself nie voldoende is vir poësieskepping nie, is dit die komplement vir die irrasionele en intuïtief-emosionele aspek van die kreatiewe proses. Soos ook van die Nederlandse digter Marsman gesê kan word, kan Cloete se digterskap bestempel word as die poësie van pendante. Cloete se digterskap setel in die dialektiese spanning tussen oorspronklikheid en tradisie, weergawe en die kenmerkend eie, transkripsie en idiolek, vormende oorsaak en gevormde teks. Gevormde literatuur is dikwels die impuls van sy verse. Kortom, uit die gevormde literatuur maak hy wél weer poësie. Die maak van sodanige poësie is 'n proses van allotropie, van eenderse andershede.

Die begrip **allotropie** is afgelei van die Grieks **allos** (anders) + **tropos** (manier); dit beteken dus letterlik "'n ander manier". Allotropie is 'n natuurwetenskaplike term wat dui op die verskynsel dat sekere elemente en verbindinge in meer as een vorm of modifikasie kan optree bv. by koolstof, swael, fosfor. In 'n plantkundige verband beteken dit dat 'n orgaan anders gedraai of gevorm is. Die term "allotropies" as byvoeglike naamwoord word egter ook in die psigiatrie gebruik en dui op 'n persoonstipe wat gedurig besig bly met wat ander dink, bedoel of doen. Brink (1985:17) verklaar: "In die allotroop sal ons verwag: 'n stylfiguur, 'n taalwending waarin telkens 'ander vorme van dieselfde substansie' aan die bod kom." Toegepas op die literatuur impliseer allotropie poësie in die teken van andershede, verskeidenhede, veelheid in plaas van éénheid, afwykinge, permutasies, maar ook poësie in die kader van ander digters se denke, woorde, dade. Basson (1987:5) wys op die bewuste en funksionele aanwending van die premorfeem "allo-" in die bundel <u>Allotroop</u> en sê dit is die direkte vertrekpunt vir die ontginning van die variasies, modifikasies, veranderinge, oorgange en transposisie wat tematies in die bundel voorkom. Gilfillan (1985:18) vestig die aandag op die woord **troop** wat in **allotroop** aanwesig is en wat tradisioneel geassosieer word met stylfigure of uitbreidings van die standaardbetekenis soos in geval van die metafoor. Ook Gräbe (1985:1) bespreek die funksionaliteit van die titel as sy dié uitspraak lewer:

> In vergelyking met die vorige bundeltitels gaan Cloete in <u>Allotroop</u> egter 'n stap verder; uiteenlopende sake is nie slegs interafhanklik of komplementerend nie, maar is inderdaad herleibaar tot dieselfde grondvorm - 'n aanname wat in hierdie bundel die sekerheid van 'n feitlike gegewe verkry, weens die aanspraak op wetenskaplike bewysbaarheid wat deur die titel in die vooruitsig gestel word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Afgespits op hierdie dissertasie kan die stelling dus gemaak word dat Cloete ook diverse tekste se interafhanklikheid poneer, en terselfdertyd hul herleibaarheid tot dieselfde grondvorm staaf deur die proses van idiolektiese "omzetting".

Die allotropie van gevormde literatuur impliseer veral ook transformasie vanuit 'n grondteks (architeks) na 'n eindteks (fenoteks). Transformasie impliseer ooreenkomste én verskille, maar bowenal 'n sekere hoogspanning, die skep van nuwe kragvelde wat opnuut betekenis genereer.

Die term **idiolek** is saamgestel uit twee woordkomponente, naamlik "idio" en "dialek" (as teenbegrip van "sosiolek"). Die premorfeem "idio" is afgelei van die Grieks **idios**, wat beteken "eie, persoonlik, afsonderlik". Die betekenis van die lemma "idiolek" word in die HAT aangegee as "die individu se persoonlike, eie taalgebruik". Cloete (1986a:131) self praat in die bundel Idiolek van sy "taaldinkversameling". 'n Eie idiolek manifesteer in die digterskap ten opsigte van individuele taalomgang (hetsy woordkeuse, stylfigure, beeldspraak), taalbeskouing, sins- en versbou, tonaliteit en gevoelswaarde. Die karakteristieke wyse waarop die digter homself in taal uitdruk, sy unieke, persoonlike taalomgang, het dus betrekking op die term "idiolek". Hambidge (1986c:10) wys in haar bespreking van die bundel daarop dat begrippe soos "idiografies" ('n merkteken eie aan 'n persoon; handelsmerk), "idiomaties" en "ideologies" deur die titelwoord gesignifieer word. Van Rensburg (1974:172) meen ook dat die meeste groot skrywers een of ander "hebbelikheid" het waaraan hulle herkenbaar is. By nadere toesien blyk dit dat hierdie hebbelikhede nie maar willekeurig is nie (fratse, truuks), maar dat hulle verband hou met die skrywer se totale "manier", dus met sy styl of persoonlike handtekening.

Sötemann (1985c:22, my kursivering) se uitspraak onderskryf die standpunt:

> The hallmark of an important poet or novelist is that he has a personal "voice", which is immediately recognizable as such. However, no man is an island, and even the most "experimental" or avant-garde writer leans heavily on the **system** of the literary, social and ethical conventions that exist at the time of his emergence as a literary personality. Absolute originality would imply absolute incomprehensibility, as surely as absolute adherence to an already existing set of literary conventions and **traditions**

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> could not possibly result in an important work of art, at least in modern times.

Dorleijn (1984a:7-8) ken aan die idiolek twee komponente toe:

> De eerste bevat de eigenaardigheden op het gebied van de thematiek, de visie op het bestaan, op literaire persoonlijkheid, de "semantische Geste". De tweede bevat de retorisch-stilistische characteristica, te beschrijven als ingrepen op linguïstisch materiaal. Overbodig te zeggen dat er een hechte relatie tussen deze twee bestaat.

Volgens Dorleijn (1984a) word die literêre idiolek beïnvloed deur die tradisionele poëtika, sowel as die toepassing van die persoonlike poëtika, maar ook deur die kontemporêre literêre sisteem, dit wil sê die persoonlike verwerking van dit wat die literêre en algemeen-kulturele konteks bied. En sou 'n mens kon byvoeg, die besondere historiese bewussyn van die digter wat deel het aan sy vorming as digter, maar ook die dryfkrag is om "sy lewe /en dié se plek noukeurig te ondersoek" (Krog, 1989:107).

In hoofstuk 1 is die simbiose van die begrippe "idiolek" en "poëtika" in die neologisme "poëtolek" uitgewys. Naas die konsep "idiolek" wat oorkoepelend in die Cloete-oeuvre funksioneer, is die konsep "poëtika" dus ook 'n belangrike begripsapparaat wat in hierdie studie gebruik word. In uitbreiding op bogenoemde siening van Dorleijn word daar vervolgens gefokus op 'n teoretiese begronding van die begrip as 'n teoretiese aanloop vir die res van die studie. 'n Omskrywing van die begrip, die aard van die verhouding tussen poëtika en tradisie en die wyse waarop poëtika onderskeidings in die literatuur uiteenval, sal onder die loep kom.

## 2.5 Teoretiese begronding van die begrip "poëtika"

### 2.5.1 Begripsomskrywing

Aan die term **poetica** is in die loop van die eeue verskillende betekenisse toegeskryf. Die lemma "poëtika" in die HAT omskryf die begrip as "digkunde, leer van die poësie". In die klassieke tyd het Aristoteles reeds sy teorie oor die digkuns uiteengesit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in sy Peri Poiètikès en antwoorde geformuleer op die vrae: "Wat is kuns?" en "Hoe word 'n kunswerk gemaak?" Ook Horatius met sy De Arte Poetica en Quintilianus in sy Institutio Oratoria het 'n voorskriftelike poëtika uiteengesit. Tot aan die begin van die agtiende eeu was die streng preskriptiewe karakter van geformuleerde poëtikas geldig. Aan die einde van die agtiende eeu en begin negentiende eeu verdwyn die streng normatiewe standpunt geleidelik om plek te maak vir 'n poëtika met 'n groter deskriptiewe karakter: klem word met ander woorde gelê op die formulering van poëtiese beginsels vanuit die kunswerk self.[4]

Veranderinge op kulturele, wetenskaplike en filosofiese gebied in die negentiende en twintigste eeu het ook 'n invloed op die begrip "poëtika" laat geld. Die moderne filosofiese tradisie trag byvoorbeeld om teoretiese antwoorde te formuleer op die vrae "Wat is kuns?", "Wat is kunsskepping?", "Wat is kunsbelewing?", onder die breë dissipline van estetika en meer spesifiek die kunswetenskap. Die term "poëtika" word gevolglik gereserveer vir die geheel van opvattings van 'n spesifieke outeur of 'n bepaalde groep van outeurs oor literatuur, soos uiteengesit in en buite die literêre werk.

Volgens Eco (1990:11) hou die poëtika hom besig met die vraag: "Hoe maakt men een kunstwerk dat in overeenstemming is met een persoonlijk programma en een idiosyncratisch wereldbeeld?" Volgens Jacobson (1977:96) het die poëtika in die eerste plek te make met die vraag "wat maak van 'n berig in woorde 'n kunswerk?", en is die hoofonderwerp van die poëtika "de **differentia specifica** van verbale kunst met betrekking tot andere kunstvormen en met betrekking tot andere soorten van verbaal gedrag". In aansluiting by dié opvatting van die Praagse skool wat poëtika beskou as "**differentia specifica** van verbaal gedrag", definieer Eco (1990:11) poëtika as "de studie van het strukturele mechanisme van een bepaalde tekst met een introspectief karakter en het vermogen ambiguïteit en polysemie te creëren". Todorov (1981:6) lê in sy siening van die poëtika klem op die eienskappe van die literêr-spesifieke gesprek: "it does not seek to name meaning but aims at a knowledge of the general laws that preside over the birth of each work ... it seeks these laws within literature itself".

As gevolg van die betekenisverruiming van die begrip en die mate van ambiguïteit wat die gebruik van die term impliseer, stel Van den Akker (1985a:10) voor "een onderscheid te maken tussen poetica-in-engere-zin (poetica als concreet hand-of-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



leerboek voor de poëzie) en poetica-in-ruimere-zin (het geheel van literatuuropvattingen zoals dat blijkt uit de poetica-in-engere-zin of de verspreide uitspraken van een auteur)". Die ambiguïteit in die gebruik van die term spruit uit die feit dat poëtika kan verwys na 'n spesifieke geskrif waarin teoretiese insigte verwoord word en wat as hand- of leerboek funksioneer, maar terselfdertyd omskryf die term ook die geheel van literatuuropvattings soos dit uiteen gesit word in konkrete literêre vorm. Cloete se geskrifte, Hoe om 'n gedig te ontleed en Wat is literatuur, funksioneer byvoorbeeld as hand- en leerboeke, maar illustreer terselfdertyd eie (normatiewe) literatuuropvattings.[5] Die geheel van Cloete se poëtika kan voorts gelees word (hetsy eksplisiet of by implikasie) in talle artikels, kritieke en resensies wat hy deur die jare geskryf het, koerant- en ander onderhoude wat hy gevoer het, maar ook versintern[6] in die gedigte self.

Dit is navorser se mening dat die onderskeid ten opsigte van die engere/konkrete en ruimere/abstrakte karakter van die begripsomskrywing minder belangrik is; belangriker is die feit dat dit gaan om die **geheel van literatuuropvattings** van die outeur, hetsy eksplisiet logies geordend en verifieerbaar beskryf en verduidelik, of by implikasie afgelei uit die literêre werk as voorbeeldbron. Verdaasdonk (1980:379) definieer literatuuropvatting as 'n versameling normatiewe uitsprake oor die eienskappe wat vir literêre tekste as "essensieel" geag word. Hy vestig die aandag daarop dat daar gedurende 'n spesifieke tydperk verskillende literatuuropvattings naas mekaar kan bestaan. Oversteegen (1982:66) se definisie werp meer lig op die saak: "Een LO is de beschrijving van de denkbeelden van een (groep) auteur(s) of een (groep) lezer(s) omtrent aard en funktie van de literatuur, uitgebreid met een beschrijving van de strategieën als deze een programmatisch karakter hebben."

In beginsel kan die poëtika dus betrekking hê op alle vorme en tegnieke van literatuur en op alle genres. Afgespits op die poësie het die poëtika te make met die **kompleks van literatuurkonsepsies** oor die **ontstaan** van die gedig, die **wesensaard** van die poësie, die **middele** of literêre tegnieke wat die digter aanwend in die totstandkoming van die gedig (sy poëtiese maakmetodes) en die **funksie** van die poësie.

Anders as by die literêre kritiek is die literêre werk nie die direkte studieobjek van die poëtika nie, hoewel empiriese beginsels daaruit afgelei word, wat as normatiewe stipuleringe gewig dra.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Poëtikale opvattings van 'n outeur of groep outeurs sluit meestal al bogenoemde koördinate in met wisselende sienings ten opsigte van die onderskeie fasette en onderlinge verhoudings tussen die verskillende konsepsies. Kategorisering van poëtikale opvattings, sowel as 'n komparatiewe studie van die poëtikas van twee of meer verskillende digters, is dus geen enkelvoudige of onproblematiese onderneming nie. Kategorisering ten opsigte van digterlike konsepte en oeuvres op grond van ooreenkomste bied wel 'n mate van orde en sisteem, maar is terselfdertyd verwarrend omdat verskillende digters binne 'n skynbaar ooreenstemmende kategorie andersoortige idees oor spesifieke aspekte van die poësie kan handhaaf.

### 2.5.2 Poëtika en tradisie in reliëf

In 'n reeks artikels as neerslag van insigte verwerf deur middel van 'n poëtika-ondersoek onderskei Sötemann (1985b:101-102) vier[7] verskillende diakrone poëtika-tradisies, naamlik: 'n outonomistiese (simbolistiese/ modernistiese), ekspressiewe (romantiese), pragmatiese en mimetiese poëtika. Sötemann (1985b:100) baseer sy model op die uitgangspunt dat "the general degree of resemblance is fundamental and by far surpasses the number of dissimilarities". Hierdie model is nie slegs van toepassing op Nederlandse digters nie, maar op grond van die koherente kompleks van poëtikale opvattings is daar byvoorbeeld sprake van 'n outonomistiese of objektiewe tradisie in die ganse Westerse tradisie sedert 1855 en sluit dit digters soos Baudelaire, Mallermé, Valéry, George, Rilke, Yeats, Eliot, Crane en Stevens in.[8] Sötemann (1985b:96) motiveer sy standpunt soos volg:

> But - again - there can be little doubt about the existence of a degree of coherence, exerting its influence beyond the limits of one particular **oeuvre**. A literary work can only be experienced and appreciated against a wider common background. It has to be recognized as belonging to a certain order of artistic phenomena.

Ten opsigte van die Nederlandse tradisie sluit digters soos Boutens, Leopold, Nijhoff, Achterberg, die latere Van Ostaijen, Kouwenaar, Komrij, Kopland en Ten Berge by dié tradisie aan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die fundamentele uitgangspunte van die outonomistiese poëtika kan soos volg saamgevat word:

- die gedig is geen nabootsing van die realiteit nie (nie-mimeties), maar skep sy eie werklikheid;

- die gedig is nie-ekspressief, dit wil sê dien nie as ekspressie-middel van die emosies van die digter nie, maar moet los staan van sy maker;

- die gedig is nie-pragmaties, dit het nie ten doel om 'n boodskap of les oor te dra nie, maar is sy eie boodskap;

- die gedig word beskou as 'n outonome taalspel - die kreatiewe energie en eiesinnigheid van taal bepaal die voorskrywende aard van die gedig; en

- die outonomistiese tradisie ken aan die leser 'n aktiewe rol toe, want die leser moet die taalmoontlikhede wat deur die gedig opgeroep word, realiseer en die teks interpreteer.

Van den Akker & Dorleijn (1991:514) wys daarop dat die tradisie van die outonomisme in die moderne Nederlandse poësie oorheersend is, 'n sienswyse wat Anbeek (1990:260) met hul eens is. 'n Noodwendige beswaar teen Sötemann se model setel myns insiens in die benaming daarvan. Die term "simbolistiese" poëtika is vir navorser onaanvaarbaar. So ook die termepaar "simbolistiese" en "modernistiese" poëtika as beskrywend vir dieselfde saak, omdat dit in wese twee verskillende periode-strominge in die gedrang bring. Die term "outonomistiese" poëtika is tot dusver in hierdie betoog in navolging van Sötemann gebruik, omdat dit die nouste aansluit by die stramien van die opvattings ten opsigte van die eiesinnigheid en kreatiewe energie van taal. Ook dié term kan egter verwarring in die hand werk, omdat dit weer eens die outonomistiese beweging in gedrang bring. Die kern van die outonomistiese poëtika setel in die opvatting dat die gedig as "woordvoorwerp" op eiesinnige wyse losgemaak word van die sentimente van die maker én van die omringende werklikheid. 'n Alternatiewe benaming sou dus kon wees: "**die poëtika van taaleiesinnigheid**" (in teenstelling met die "poëtika van ekspressie", soos voorgestaan deur die Nederlandse Tagtigers).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sötemann se model is met sekere voorbehoude[9] relevant vir hierdie studie, en wel om die volgende redes:

- die model vestig die aandag op die feit dat daar wel sprake is van 'n literêre tradisie ten opsigte van poëtikale konsepsies;

- hierdie poëtikale tradisie is nie tyd- of plekgebonde nie, maar is 'n verskynsel wat in 'n breër internasionale kader manifesteer;

- die poëtika-model is 'n wegwyser na 'n diakroniese sowél as 'n sinkroniese poëtika-ondersoek en betrek dus 'n literêr-historiese konteks;

- die model bied die kontoere van diverse poëtika-tradisies en kan dus dienooreenkomstig as karakteriseringsinstrument diensbaar gemaak word; dit bied aan die poëtika-ondersoeker 'n knooppunt van waaruit hy allerlei nuanserings ten opsigte van individuele ooreenkomste en verskille kan aanstip;

- die model noop 'n ondersoek na die versinterne poëtika (benewens die verseksterne poëtika) van 'n outeur en vestig dienooreenkomstig die aandag op die teksverskynsels of -eienaardighede;

- die poësie van Cloete toon frappante parallelle met die poëtikale opvattings van Nederlandse digters (spesifiek Leopold en Nijhoff) en die stramien van hierdie poëtikale konsepsies setel in die poëtika van taaleiesinnigheid; op grond van sy poëtikale konsepsies kan Cloete dus binne 'n internasionale tradisie gelees en beoordeel word; en

- die model hou belangrike gevolge in vir literatuurgeskiedskrywing.

'n Diakroniese poëtika-tradisie, soos deur Sötemann voorgehou, impliseer dat 'n poëtika in 'n sekere sin staties is. Hoewel die denklyne van 'n bepaalde poëtika, byvoorbeeld die outonomistiese, binne 'n diakrone tradisie konstant bly, tree daar met verloop van tyd tog veranderinge in. As Dorleijn (1989:51) poneer: "het poeticabegrip kent dus ook een zekere dinamiek", het hy dit heeltemal juis.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Indien ’n poëtika-ondersoek na die oeuvre van ’n spesifieke digter geloods word, moet die aard van die poëtika-tradisie uitgewys word, maar ook die individuele wyse waarop met dié poëtika omgegaan word. ’n Bepaalde poëtika is noodgedwonge onderworpe aan ’n tydgebonde kleuring en dit sluit drie koördinate in wat betrekking het op die terrein van die poëtika, naamlik teks, outeur en werklikheid. Geen outeur kan byvoorbeeld heeltemal ontkom aan die literêre, morele en maatskaplike konvensies van sy tyd nie en dit moet noodwendig ’n neerslag vind in sy literatuuropvatting ten opsigte van die doel, die aard en die middele van die poësie. In die realisering van die teks verskuif met verloop van die tyd ook inhoudelike en stilistiese aksente. Die verhouding outeur, poëtika en lewens- en wêreldbeskouing is noodwendig ook tyd- (en selfs ruimtelik) verbonde. Die lewensvrae en -probleme van die jare tagtig staan byvoorbeeld in ’n ander konteks as dié van die periode van Nijhoff, Eliot en Valéry. Daarby is die lewensbeskoulike konteks van ’n Afrikaanse outeur binne ’n Afrika-werklikheid ook opmerklik anders as dié van sy Europese eweknieë. Selfs Afrikaanse outeurs huldig in dieselfde dekade opponerende ideologiese en lewensbeskoulike opvattings wat noodwendig ook hul poëtikale konsepsies beïnvloed.[10]

Dorleijn (1989:31) maak ’n onderskeid enersyds tussen poëtikale opvattings en eienskappe van tekste andersyds. Tekskenmerke word bepaal deur persoonlike en algemene konvensiesisteme, dus idiolek en idioom respektiewelik. Hoewel daar geen onlosmaaklike eenheid tussen poëtika (staties) en die aard van teksverskynsels (dinamies) is nie, is dit tog so dat ’n spesifieke poëtikale tradisie in bepaalde vormgewingsprinsipes en tematiek neerslag vind.[11] Dorleijn (1989:32) wys byvoorbeeld merkers uit ten opsigte van die tradisie van taaleiesinnigheid (of dan outonomistiese tradisie) soos die relatiewe kortheid van die gedigte, die mate waarin daar in die algemeen sprake is van duisterheid, meerlagigheid, opperste konsentrasie, informasiedigtheid, die gebruik van spesifiek "duistere" stylmiddels soos paradoks en oksimoron. Hierdie tekseienaardighede of -eienskappe is besonder waar van die poësie van Leopold en Nijhoff, maar is eweneens van toepassing op Cloete se poësie.

’n Poëtika-ondersoek toon dus duidelik aanknopingspunte met die outeur, teksverskynsels, resepsie (of aktualiseringsmoontlikhede van die teks wat gedeeltelik in die leser setel) én die literêrhistoriese problematiek. Gevolglik behoort dit ’n bepaalde invloed op literatuurgeskiedskrywing te hê. Cloete (1980c:106) benadruk byvoorbeeld

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



self ook in sy kritiek op Kannemeyer se Geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde: (Band 1) die verskillende elemente van wat hy die taak van "werklike literatuurgeskiedskrywing" noem, te wete: kennis van diakroniese en sinkroniese literatuurbeskouing, periodisering en van die resepsieteorie. In 'n insiggewende skrywe oor die poëtika en literatuurgeskiedskrywing beklemtoon Van den Akker & Dorleijn (1991:517) op hul beurt die feit dat poëtika wel 'n rol moet speel ten opsigte van literatuurgeskiedskrywing, hoewel dit nie hegemonies mag word nie.

### 2.5.3 Poëtikale onderskeidings

Die poëtika van 'n digter kan op twee wyses gelees word, naamlik versintern en versekstern, wat weer in twee onderafdelings verdeel kan word, naamlik implisiet en eksplisiet. Die poëtika van 'n digter kan beskryf word deur middel van 'n ondersoek na al hierdie kategorieë. Talle van Nijhoff se gedigte bevat byvoorbeeld 'n versinterne poëtika, soms direk uitgespreek, soms by implikasie. Sommige van sy gedigte is 'n toepassing van die teorie wat hy gee in sy prosa. Andersyds is sy teorie en prosa ook geabstraheer uit sy poësie. Leopold, daarenteen, het hom nooit anders as in sy gedigte uitgelaat oor die poësie nie en daar kan dus van 'n ondersoek na sy verseksterne poëtika nouliks sprake wees. Dorleijn (1984b:82) wys egter daarop dat veel van Leopold se gepubliseerde gedigte direk of indirek poëtikaal geïnterpreteer kan word.

#### 2.5.3.1 Implisiete versinterne poëtika

Heynders (1988:5) gee die volgende bruikbare definisie van die versinterne poëtika:

> Als impliciet poeticale gedichten beschouw ik die welke op een niet direct uitgesproken wijze aangeven welke opvatting de dichter heeft over de poëzie; het thema van het dichten, van het bewust scheppen van taal, wordt in het gedicht op een indirecte manier aan de orde gesteld. Via de analyse en interpretatie van inhoudelijke en retorische aspecten kan agterhaald worden welke conceptie de dichter in het vers heeft ten aanzien van het dichten.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Van den Akker (1985a:14) beskou die implisiete versinterne poëtika as uiters belangrik, maar tegelyk die mins konkrete kategorie omdat dit alles insluit. Hy definieer dit as "de poëzieconceptie zoals die blijkt uit de verspraktyk".[12] Die terreinafbakening van "die verspraktyk" is inderdaad baie ruim en sluit in formele of taalelemente, sowel as konseptuele elemente. Die poëtiese praktyk wat betrekking het op die poëtika, sou ook inhoudelike elemente kon insluit, want die keuse van spesifieke onderwerpe waaroor gedig word, sê dikwels ook iets van die digter se poësie-opvattings. Dit is belangrik om daarop te let dat hier geensins bedoel word dat die tegniese procédés van 'n digter op sigself poëtikale kategorieë is nie, maar dat dit hoogstens kan dien as wegwysers na 'n bepaalde poëtika.

Van den Akker (1985a:15) som die kwessie op as hy sê: "Iedere dichter werkt - bewust of onbewust - met een compleks van poëzie-inhoudelijke en -technische procédés die te zamen zijn literaire idiolect vormen. Een onderzoek naar de impliciete versinterne poetica tracht op basis van die procédés informatie te verkrijgen over de poëzieconceptie." Poësie as taalmaaksel eksploiteer die taal en tegniese middele op 'n heel besondere wyse - dit is dus moontlik om deur middel van uitvoerige analises en ondersoeke van die gedig 'n afleiding te maak hóé die digter dié poëtiese middele tot sy beskikking aanwend, en hoe hy die poësie, deur middel van die samespel van konstituerende elemente, tot stand bring.[13] Só 'n afleiding of interpretasie kan lei tot die karakterisering van 'n eie poëtika. Hierdie studie wil aantoon dat daar 'n definitiewe poësiekonsepsie uit Cloete se verspraktyk af te lei is. Cloete se opvattings oor die ontstaan, die aard, die doel en middele van die poësie toon merkwaardige ooreenkomste met Nederlandse voorgangerdigters. Die doel is ook om hierdie ooreenstemmende opvattings, maar ook onderlinge verskille, na te speur sodat aangetoon kan word hóé Cloete sy eie opvattings **idiolekties** vergestalt.

'n Fundamentele vraagstuk rondom die implisiete versinterne poëtika betrek die lesersrol, naamlik op watter wyse realiseer die leser die moontlikhede en aanbod van die gedig en op watter wyse word betekenis daaraan verbind. Met Goedegebuure & Heynders (1991:4) se stelling kan volkome akkoord gegaan word: "literaire competentie is een vereiste voor de observatie van poeticaliteit". Dus: die herkenning, interpretasie en betekenis van poëtikale uitsprake word mede-bepaal deur die leser wat die teks binne 'n spesifieke konteks en referensiekader plaas. Die mate van direktheid of indirektheid, hang ook soms van die leser af. Van die leser word dikwels agtergrondkennis verwag: kennis van die spesifieke digter se procédés en opvattings

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en vernaamste strategieë; van die konteks waarbinne 'n gedig of bundel gelees word; ook dat hy die gedig sal lees binne die kader van die poëtikale referensie. Vir die skerpsinnige leser geld hier wat Nijhoff (1936) in 'n brief oor die interpretasie van die poësie in die algemeen opmerk: "Wie meer licht heeft in zichzelf, ziet ook vanzelf meer." In hierdie verband is die leser se éie literatuuropvatting, sowel as die historiese en sosiale konteks, belangrik.

### 2.5.3.2 Eksplisiete versinterne poëtika

Heynders (1988:5) se definisie van die eksplisiet versinterne poëtika is hier belangrik: "De eksplisiet poeticale verzen zijn die waaruit onmiddellijk de poeticale opvatting te herkennen is: de dichter maakt de thematiek van taal en poëzie duidelijk middels het gebruik van bepaalde woorden en konventies." Die versimmanente poëtika is dus in wese 'n besinning in die poësie oor die poësie. In dié poësie is die poësiekonsepsie (of aspekte daarvan) dikwels die onderwerp van die gedig self - dié selfbewuste digterskap[14] impliseer 'n bewustelike omgaan met die ontstaanswyse van die kunswerk, die inherente probleme of moontlikhede van die kreatiewe proses, en die verband tussen die gedig as taalmaaksel en die werklikheid waaruit dit gekonsipieer word. Die implikasies hiervan is gevolglik 'n meer intellektuele benadering tot die digkuns en 'n spel met die moontlikhede, en onmoontlikhede, van taal.

Ook Sötemann (1985d:88) onderskryf hierdie opvatting as hy die volgende stelling maak:

> Het past meen ik volledig in deze kijk op de functie van de dichtkunst dat de reflectie op de mogelijkheden en de beperkingen van het werk van de dichter en van zijn produkten om zo te zeggen naar binnen slaat, en dat de poëzie tot haar eigen object wordt. Ik zei al dat de moderne dichter geobsedeerd is door het schrijfproces, door de mogelijkheden en de beperkingen van zijn gedichten.

In bykans elke belangrike digter se oeuvre bestaan daar eksplisiete versinterne gedigte. In Cloete se oeuvre kom dié eksplisiete versinterne poëtika naas die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



konvensionele wyse op eiesoortige wyse na vore deur sy tegniek van transkripsie of transformasie binne 'n idiolektiese konteks.

### 2.5.3.3 Verseksterne poëtika

Dit is 'n wêreldwye tendens wat vir alle literature geld dat digters soms versekstern, krities en reflekterend, oor die literatuur skryf. Digters skryf immers gedigte vanuit bepaalde idees en standpunte. Die oorheersende kenmerk van die eietydse poësie is waarskynlik die poëtiese selfbewustheid, en wat Anker (1982:62) noem, "door het intellek gestuurde verbeelding". Die selfbewuste en intellektuele benadering van die gedigproses toon dikwels 'n neiging om die eie opvattings in prosa te eksplisiteer. Volgens Malan (1985:22) word van die kritiek die drie aspekte van analise, interpretasie en evaluasie vereis, en daarvoor is 'n voorvereiste 'n eie literatuuropvatting. Kritieke[15] deur 'n digter oor die werk van 'n mede-digter is egter ook nie onproblematies nie. Poësie ontstaan nie in 'n vakuum nie, maar in 'n bepaalde literêre klimaat waarin daar min of meer omlynde literêre opvattings geld. Indien 'n bepaalde digter / kritikus se opvattings met dié van sy tydgenote verskil, kan dit lei tot polemiese uitsprake of 'n subjektiewe oordeel.[16] 'n Digter se eie poëtikale verseksterne uitsprake is natuurlik ook nie altyd algemeen geldend nie, maar dikwels afgespits op sy eie kreatiewe werksaamheid.[17] Verseksterne uitsprake ten opsigte van die poësie dien gevolglik as 'n voorbereiding, begeleiding of verantwoording, selfs selfregverdiging van die eie werk. Kortom, die verseksterne uitsprake van 'n digter (in watter vorm ook al) bied meestal nie 'n afgeronde poësie-teorie nie, omdat dit in die lig van verskillende kontekstuele faktore beoordeel moet word.

Soos wat met die implisiete versinterne poëtika die geval is, is die verseksterne poëtika nie altyd konkreet aan te toon nie. Sekere aspekte ten opsigte van die poësie word byvoorbeeld as so vanselfsprekend deur 'n digter aanvaar, dat hy dit nie by herhaling sal ekspliseer nie. Onder implisiete verseksterne poëtika reken Van den Akker (1985a:26) ook die wyse waarop 'n digter homself in sy kritieke uitdruk, die metode wat hy volg of die maatstawwe wat hy stilswyend aanlê. In die meeste gevalle word die kritiese norme nie duidelik uitgespel nie, maar kom dit aan die lig as gevolg van die verskil met ander.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

'n Interessante aspek van die implisiete verseksterne poëtika is die feit dat daar dikwels iets spreek van die digter se eie opvattings uit die wyse waarop hy krities te werk gaan. Cloete se opvattings in verband met Nederlandse mededigters is byvoorbeeld by implikasie af te lei uit sy samestelling van bloemlesing(s) van Nederlandse gedigte - dus watter gedigte van 'n bepaalde digter hy as belangrik beskou en watter hy uitlaat. Dit is ook 'n veelseggende verskynsel dat talle van die gedigte waarna Cloete direk of indirek in sy eie digkuns verwys (dus gedigte waarmee hy intertekstuele verbande lê) en wat hy eksplisiet transponeer, wel in dié bloemlesings opgeneem is. Dit is dus bepaald gedigte waarmee hy 'n besondere verwantskap voel, of gedigte wat direk tot hom spreek vanweë ooreenstemmende konsepsies.

### 2.5.3.4 Verseksterne poëtika en poësiepraktyk - 'n teoretiese besinning

Oor die verhouding tussen 'n digter se verseksterne poëtika en sy poësiepraktyk en die mate waarin eersgenoemde bepalend is by die interpretasie van 'n gedig, bestaan verskillende, selfs uiteenlopende menings. Van den Akker (1985a:43), byvoorbeeld, is van mening dat die verhouding tussen die verseksterne poëtika en die poësiepraktyk minder heg en direk is, as wat 'n mens geneig is om te dink. Hy baseer sy argument op 'n reeks artikels van Sötemann waarin laasgenoemde daarop wys dat digters wat opvallende verskille (ooreenkomste) in hul verspraktyk toon, nietemin opvallende ooreenkomstige (verskillende) opvattings in hul verseksterne uitsprake huldig.

Schrijvers (1984:39), daarenteen, is van mening dat die beste kommentaar op die gedigte van Nijhoff gevind word in Nijhoff se prosa. Bakker (1987:19)[18] kom tot die gevolgtrekking dat Nijhoff se uitsprake weinig waarde in die algemene belang het, maar dat dit, onder meer vanweë die besondere korrelasie tussen sy prosa en poësie, van buitengewoon groot spesifiéke belang is. Anbeek (1990:137-141) gee in sy literatuurgeskiedenis uitvoerig aandag aan Nijhoff se poëtika en regverdig homself met die uitspraak dat dit literatuurhistories van belang is. Hy motiveer voorts:

> In de tweede plaats geven Nijhoffs versexterne uitspraken een goede ingang tot zijn gedichten. Niet dat die poëzie met de poëtica in de hand "oplosbaar" zou zijn. Juist het tegendeel is waar: de poëtica van de dichter kan ons doen begrijpen waarom wij bij de interpretatie van deze gedichten

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



steeds weer ons hoofd stoten of in een valluik duikelen op het moment dat de interpretatie "rond" leek.

Dorleijn (1989) handhaaf ’n ewewigtiger uitgangspunt as hy sê daar is opvallende parallelle aan te toon tussen passasies uit sy prosa en sommige van sy gedigte. Dit kom dikwels voor of die prosa die kiem van die gedigte bevat, maar ook die omgekeerde is waar: in die prosa word dikwels verwys na uitsprake wat in die gedigte gemaak is.

In hierdie studie word die mening gehuldig dat dit ’n grondige argument is om van die veronderstelling uit te gaan dat die verseksterne poëtika nie **per se** met die poëtiese praktyk hoef ooreen te stem nie (vanweë eksterne faktore soos konteks, sosiale milieu en dies meer). Trouens, dit kan problematies wees as digterlike teorie en digterlike praktyk honderd persent saamval: anders sou "een beschouwing poëzie zijn en poëzie een beschouwing. En dat is niet zo." (Berger, 1979:141). Daar is dus nie **sonder meer** ’n onlosmaaklike eenheid tussen die verseksterne poëtika en die aard van teksverskynsels nie. Dorleijn se uitspraak ten opsigte van Nijhoff se prosa en poësiepraktyk is egter goed gefundeer, want dit is verifieerbaar en dit laat ruimte vir nuanserings in ooreenkomste én verskille.

Die poging om ’n parallel te trek tussen ’n koherente kompleks van fundamentele oortuigings en insigte ten opsigte van die aard, die oorsprong, middele en doeleindes van die poësie van twee (of meer) verskillende digters kan ook ’n diskrepansie tussen teorie en praktyk aan die lig bring. Soos reeds genoem wys Sötemann (1985) in ’n reeks artikels daarop dat verskillende poëtikas wel soms gepaard gaan met dieselfde soort poësie, maar dat die omgekeerde ook wel waar is. Twee digters kan dieselfde poëtika huldig, maar omdat teksverskynsels bepaal word deur ’n eie idiolek, kan hul poësie wyd verskil. Daarenteen toon tekste uit dieselfde periode[19] maar vanuit verskillende uitgangspunte geskryf, wel ook dikwels verwantskap.[20]

## 2.6 Samevatting

Tradisie en oorspronklikheid in die kunswerk is twee sye van dieselfde munt: die een sluit die ander nie uit nie. Alleen binne die tradisie, die bekende verlede, kan die digter die nuwe, sy eie oorspronklikheid manifesteer. Op grond van sy verbondenheid

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



met voorgangerdigters uit die verlede kan die digter se eie plek en waarde bepaal word. Hierdie verbondenheid vind in die praktyk neerslag in die feit dat ’n literêre teks geknoop is aan ’n ander teks of tekste. Sodanige teks(te) word getransformeer tot ’n nuwe teks met ’n persoonlike karakteristiek. In Cloete se oeuvre word hierdie proses gekoppel aan die begrippe "gevormde literatuur" en "allotropie" of "idiolektiese ‘omzetting’". Die literêre idiolek van ’n digter word onder andere (mede)bepaal deur sy poëtika, dit wil sê die geheel van literatuuropvattings oor die ontstaan, aard, middele en funksie van die poësie. Op grond van die koherente kompleks van poëtikale opvattings is daar ook ten opsigte van die poëtika sprake van ’n Westerse tradisie, waarvan die belangrikste eksponente die poëtika van taaleiesinnigheid en die poëtika van ekspressie is. Ten opsigte van ’n digter se poëtika is kategorisering moontlik. Daar kan ’n onderskeid gemaak word tussen verseksterne en versinterne poëtika, wat as onderafdelings die verdere onderskeidinge implisiet en eksplisiet het.

0 - - - - - 0

**Aantekeninge by hoofstuk 2**

1. Louw (1986b:21) het reeds in sy opstel "Oorspronklikheid in die kuns" (1955) daarop gewys dat "oorspronklikheid" met betrekking tot die kunswerk as ’n lofuiting en dus as waardeoordeel bedoel word, terwyl die woord "tradisioneel" dikwels in afkeurende sin gebruik word.

2. Van Gorp et al. (1986:69) noem die sitaat: "een vorm van tekstbewerking waarbij een tekstelement uit een ander werk door aanhaling in een nieuwe context gaat functioneren. De bedoeling kan velerlei zijn: aanspraak maken op autoriteit [...], het etaleren van eruditie [...], ontlening van kernachtige of beeldende uitdrukkingen [...], het ironisch spelen met bekende teksten [...]".

3. Gomperts (1981:159) beweer: "De beoordeling van literatuur gebeurt door de registratie van herkenningsschokken. De lezer en de criticus moeten bereid zijn informatie te herkennen."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4. Dit is onjuis om te beweer dat die normatiewe aspek ten opsigte van die poëtika in die twintigste eeu geheel en al verdwyn het. Hoewel die wesenlikheid van 'n streng voorskriftelike karakter van die poëtika afgekeur word, en daar gestreef word na 'n nie-normatiewe en deskriptiewe benadering, kan geen outeur wesenlik van 'n normatiewe uitgangspunt ontsnap nie, 'n Outeur skryf per slot van rekening vanuit bepaalde idees en standpunte en hierdie tiperende kompleks van literatuurkonsepsies is normatief vir sy individuele oeuvre.

5. Vergelyk ook Viljoen (1986:90) se opmerking in verband met Hoe om 'n gedig te ontleed: "Dit is 'n interessante leesavontuur om dié blokboek te lees as 'n skatkis van interpretasiereëls, gewoonlik boonop aforisties geformuleer. Cloete praat byvoorbeeld van die samewerkingsbeginsl van literêre werke (p.6) - 'n kerngedagte van sy literatuuropvatting.

6. Hierdie begrip word later in die hoofstuk in besonder bespreek.

7. Goedegebuure & Heynders (1991:531) onderskei, in navolging van Hillis Miller (The linguistic moment), drie poësieteorieë naamlik, 'n mimetiese teorie, 'n onthullingsteorie en 'n skeppingsteorie. Volgens die mimetiese teorie korrespon: deer die struktuur van die gedig met die struktuur van die werklikheid; volgens die onthullingsteorie onthul poësie dit wat die ratio as basis het, maar wat nie direk aanskou of gesê kan word nie; poësie is in die derde plek geen ontdekking nie, maar kreatio/skepping - betekenis ontstaan in die spel van die taal, die gedig skep so sy eie werklikheid in die vers en albei bestaan alleen maar in die vers.

8. Dit is insiggewend dat Gouws (1988:326-327) in Cloete se digkuns wys op die sterk trekke van digters soos Rilke, Stevens, Auden, Eliot, Baudelaire, Mallermé en ander, dit wil sê digters uit die outonomistiese tradisie.

9. Kritiek teen Sötemann se poëtikamodel bly egter nie uit nie. Van den Akker en Dorleijn (1991:523) som die belangrikste besware teen die huidige model soos volg op: "Het is te grofmazig, heeft te zeer oog voor overeenkomste, legt te weinig rekenschap af van de verschillen, met name waar het de literaire teksten zelf betreft, is nauwelijks bruikbaar voor een adequate beschrijving van het proza, en werkt etikettering in de hand."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



10. Krog en Cloete (albei belangrike eksponente van die dekade van Tagtig) kan as voorbeeld voorgehou word in hierdie verband. Krog (1989:34) spel die doel van die poësie (ooreenkomstig haar ideologiese opvattings) onomwonde versintern uit:

    woorde as AK 47's moet veg
    poësie moet nuttig wees, daad, belas
    met uitering van die stryd altyd part
    staan poësie kan rewolusie puur

    Cloete (1984b:19) daarenteen wil geen berge of state met die gedigteks versit nie, maar sien die doel van poësie enkel as 'n spel om sigself.

11. Sötemann (1985) wys byvoorbeeld herhaaldelik daarop dat twee digters skynbaar dieselfde tipe poësie kan skryf, maar verskillende poëtikale opvattings huldig. Die teenoorgestelde is natuurlik ook waar.

12. Sötemann (1985d:80) se uitspraak is ook hier van toepassing: "Dit is weliswaar het meest relevante poeticale niveau, maar tegelijk verreweg het moeilijkst toegankelijke."

13. Die titel van Van de Watering (1979) se gesaghebbende werk oor Lucebert se poësie is in hierdie opsig veral ook veelseggend: <u>Met de ogen dicht: een interpretatie van enkele gedichten van Lucebert als toegang tot diens poëzie en poetica</u>. Uit die uitvoerige analises wat Van de Watering maak van gedigte van Lucebert blyk dit dat daar wel bepaalde aspekte van sy poëtika uit af te lei is.

14. Dresden (1980:99) poneer: "een neiging bestaat de literatuur te zuiveren van het onderwerp ... en op die manier terug te buigen naar zich zelf ... Schrijven zal over zich zelf gaan."

15. Grové (1983:56) se uitspraak staaf dié siening:

    > Selfs wanneer 'n skrywer/digter hom as kritikus en nie noodwendig uitgesproke as literêr-teoretikus nie openbaar, behoort sy kritiese uitsprake oor die werk van ander nie sonder betekenis by die peiling van sy eie werk te wees nie. Uit sy kritiese arbeid moet dit immers

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

duidelik wees wat hy van die literatuur verwag. En daaruit sou 'n mens kon vermoed waarheen hy wil met sy eie werk. Soos dit vir my lyk moet die kritiese uitspraak van 'n skrywer onvermydelik iets van 'n **oratio pro domo** wees. In die geval van T.T. Cloete, wat jare lank die literêre kritiek beoefen het voor die publikasie van sy eerste digbundel, behoort so 'n verbandlegging tussen die kritiese arbeid en skeppende aktiwiteit hoogs sinvol en geldig te wees.

16. Auden (1975:280) maak die volgende uitspraak: "very few statements which poets make about poetry, even when they appear to be quite lucid, are understandable except in their polemic context. To understand them, we need to know what they are directed against, what the poet who made them considered the principal enemies of genuine poetry."

17. Vergelyk ook Anker (1982:62) se opsomming: "Je kunt verwachten dat de dichter die zich zo afhankelijk heeft gemaakt van de (on-)mogenlijkheden van het scheppingsproces, daar ook in zijn gedichten rekenschap van zal afleggen."

18. Bakker (1987:32) maak die volgende geldige opmerking ten opsigte van Nijhoff se versinterne poëtikale uitsprake, wat myns insiens deurentyd in gedagte gehou moet word by die lees en interpretasie daarvan: " Hoewel Nijhoffs beschrijvingen kennelijk niet voldoen aan de normen van wetenschappelijkheid, staat vast dat hij zich dikwijls bewust met de technische aspekten van de poëzie in theorie en praktijk heeft bezig gehouden."

19. Cloete (1980b) bespreek byvoorbeeld verwantskapsverskynsels tussen digters van uiteenlopende aard binne dieselfde periode.

20. Vergelyk Sötemann (1985b:103) se uitspraak: "There is something one may call period style, or, if the word style would seem too restrictive: idiom, or - vaguer still - affinity, which links contemporary authors together, irrespective of the theoretical or 'poetical' views they hold."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 3

## T.T. CLOETE SE "POëTOLEK" EN DIE INTERFERENSIE VAN TEKSTE - KNOOPPUNTE IN CLOETE EN NIJHOFF SE POëTIKAS

Hierdie hoofstuk wil aantoon dat daar ten spyte van geografiese, taal- en periodeverskille, tog merkwaardige ooreenkomste bestaan ten opsigte van die dieptestruktuur van Cloete en Nijhoff se digterskap, en hoe dit by Cloete op die oppervlaktestruktuur ten opsigte van teksverskynsels (woordkeuse, beeldgebruik, klankeffekte, metriese en ritmiese patrone, sintaksis) idiolekties omgesit word in sy gedigte.

### 3.1 Die kontoere van Nijhoff en Cloete se verseksterne poëtikas

Nijhoff sit sy verseksterne poëtika in veral drie belangrike prosastukke uiteen, naamlik in sy opstel oor Herman van den Bergh, "De pen op papier", en die uitvoerige en belangrike opstel, "Over eigen werk". Fragmentaries kom daar ook uitsprake voor in talle ander prosastukke - hy ontleen byvoorbeeld dikwels aan sy eie literêr-kritiese maatstawwe by die beoordeling van die werk van andere. Cloete se belangrikste uitsprake ten opsigte van die poëtika kom voor in die artikel "J.H. Leopold oor die dromende denke" - 'n artikel waarvan hy later (1984:1) sê: "Dit was alles eintlik 'n bevestiging van my eie skryfervaring." Aanvullend hierby is die kongresreferaat (1984) getitel "Die dromende denke van die digter." Fragmentariese uitsprake ten opsigte van sy opvattings oor die digkuns kom ook voor in onderhoude met koerante en tydskrifte.

Die kontoere van Nijhoff, sowel as Cloete se poëtika, val in drie koördinate uiteen, naamlik opvattings ten opsigte van die **teks** (wat insluit beskouings oor die ontstaanswyse van die gedig, die eiesinnigheid van taal, en ander taal- en vormteorieë); bepaalde **werklikheidsienings** en die sogenaamde **objektiveringsteorie,** dit wil sê 'n bepaalde konsepsie oor die rol van die outeur.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 3.1.1 Die ontstaanswyse van die poësie

’n Opvallende aspek by die lees van Nijhoff sowel as Cloete se poëtikas is die belangstelling wat die digters toon vir die ontstaanswyse van die poësie[1]. Van den Akker (1985a:40) sê in dié verband dat die verseksterne poëtika van Nijhoff ’n preokkupasie toon met die wyse waarop poësie tot stand kom: nie alleen ten opsigte van uitsprake met betrekking tot sy eie werk nie, maar ook algemene beskouings oor die aard en funksie van poësie word dikwels gestel aan die hand van argumente wat spruit uit bepaalde opvattings oor die kreatiewe proses.

Die kreatiewe proses mond uit in die voltooide vers, wat in ’n gefikseerde vorm bly voortbestaan en waarin elke onderdeel van die geheel ’n vaste plek en moontlike betekenis het wat deur die leser gerealiseer word. Die belangstelling in die ontstaanswyse van die poësie lei dus nie die aandag weg van die gevormde vers nie, maar is veral ’n wegwyser daarheen. Van den Akker (1985a:90) wys daarop dat Nijhoff se preokkupasie met die ontstaanspoëtikale kwessies in ’n groot mate die aard van sy uitsprake bepaal: "Voor hem vertegenwoordigt een gedicht het laatste stadium van een scheppingsproces en de werking die het uitoefent blijkt hem toegang te verschaffen tot de weg die het naar zijn voltooiing heeft afgelegd."

Insigte in die ontstaanswyse van die gedig is vir die leser sowel as vir die digter relevant. Die digter as leser kyk met ’n ander blik na die oorwegings wat ’n rol gespeel het by die ontstaan van die poësie, en kan gevolglik ook ander maatstawwe aanlê by die beoordeling van ’n teks; die geweldige kragte wat werksaam is in die menslike gees is dikwels ook vir die digter selfopenbarend. Cloete (1984b:11) ondersteun dié opvatting as hy sê: "Die digter weet nie wat hy dink nie, omdat die dromende denke meer kompleks dink as wat die wakende of bewuste of oppervlakte-denke kan saamvat. Dit is ’n simultane tienvoudige denke - ’n droomdink wat deur die oppervlakte-denke alleen analities, agterna gevat en gerekonstrueer kan word."

Die leser, sowel as die digter-as-leser, het ten slotte te make met die poëtiese resultaat van die ontstaansproses, ’n proses wat hom laat lei deur die eiesinnigheid en kreatiewe energie van taal. Uiteindelik is die "betekenis" van die gedig kenbaar uit die gefikseerde vorm alleen - ook vir die digter self. Die essensie van die gedig skuil dus in die gedig self en nie meer in die psige van die maker nie. Vir die essensiële segginge van die gedig is die digter van die leser afhanklik en uiteindelik moet digter

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

én leser hul laat lei deur die eiesinnige gang van die gedig. Van den Akker (1985a:176) som hierdie opvatting soos volg op: "Van de lezer wordt feitelijk verlangd het ontstaansproces van het gedicht in omgekeerde richting te volgen: door middel van de woorden moet hij als het ware 'achter' of 'onder' het gedicht kijken om de essentie ervan te kunnen bevatten." Die ontstaanswyse van die gedig betrek dus op komplekse wyse die verhouding tussen digter, teks en leser.

### 3.1.1.1 Invalle van buite

Volgens Nijhoff (1970:9) is die kiem van die ontstaan van die gedig "toewaaisels van buiten, of van binnen, en door die toewaaisels wordt de eigen vaart der gedachten eerst geschraagd, zoals een schip gedragen wordt door de golven". Die gedig ontstaan dus deur 'n magiese krag van buite, wat hy ook noem "die toevoegingen, die je van God bereiken" (Nijhoff, 1970:9) of, in dieselfde asem as André Gide, "de meewerking van God". Nijhoff se teorie kom daarop neer dat poësie nie gemaak word van klaargemaakte opvattings of vooropgestelde idees of nugter denke nie. Dit is ook nie 'n beskrywing van die werklikheid of 'n weergawe van stemminge nie - dit is in 'n groot mate nie-pragmaties, nie-ekspressief, nie-mimeties. Gedigte "valt je in", is "improvisatie", en sodra die pen op papier gesit word, neem die woord die mag oor.[2]

As Cloete (1970:173) ten opsigte van Leopold (en sy eie) poësie uitwys "dat gedagtes, gevoelens, beelde in die gedig **opkom**, die digter **in die sin kom** [...], in hom **opwoel**, hom **inneem**", dan onderskryf hy die siening dat die gedig hom ingegee word en dat dit soms volledig, soms minder volledig, maar sonder eie toedoen ontstaan. In 'n onderhoud bevestig Cloete (in Le Roux, 1987:4) hierdie opvatting as hy sê:

> Die meeste van my gedigte is in hul hele kontoer vir my gegee; dan vul jy net in, soos die Nederlandse digter Bloem gesê het. Die aanleiding tot 'n gedig is soos wanneer jy 'n klip uit 'n muur sal haal - dan kry jy daardie instorting, daardie implosiewe beweging wat talle ander klippe losmaak: ek het die ervaring van 'n lawine.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 3.1.1.2 Die opvatting dat die gedig homself realiseer

"Verzen schrijven zichzelf, zooals kinderen zichzelf doen geboren worden." Hierdie opvatting van die selfaandrywing of selfwerksaamheid van die gedig spreek Nijhoff (1957:541) uit in 'n brief aan P.N. van Eyck. Dit hang ten nouste saam met die sienswyse dat die hoofpunte vir die digter gegee word: as hy die ingewing het, "werk" die gedig hom met die digter se hulp self "uit" in taal. Daar is dus 'n magiese krag werksaam in die menslike gees wat in die gedig gestalte kry. Bakker (1987:29) verduidelik hierdie selfwerksaamheidsbeginsel soos volg: die rol wat die digter hierin speel, kan in hierdie situasie beskryf word as dié van middelaar of verlosser, want al is hy die persoon wat die woorde rangskik, is dit nie die digter wat die eindresultaat bepaal nie - dit doen die woord by wyse van spreke sélf.

Cloete (1984b:7) som die opvatting oor die selfaangedrewenheid van die gedig kernagtig op as hy sê: "Ek kan, om 'n beeld van Vestdijk (iewers) te verdraai, selfs nie sê nie, gedig ek wil jou dit vertel; ek moet vra: wat wil jy sê gedig? [...] Die gedig is in baie opsigte irrasioneel, ook deurdat hy selfverkose is, sélf voorskrywend is oor hóé en waaróór hy wil skryf." Gedurende die skryfproses ontstaan nuwe moontlikhede, stuur die klippe wat los geraak het (om Cloete se beeld te gebruik) die hele kreatiewe proses dikwels in 'n rigting wat die digter nóg kon voorsien of vermoed het, sodat daar selfs 'n diskrepansie kan ontstaan tussen die aanvanklike konsep en die voltooide vers. Pas na afloop van die ontstaansproses weet die digter eers waaroor die gedig wesenlik handel. Die korrelaat van die invalle of improvisasie en die eiesinnige en willekeurige verloop van die gedig is 'n streng, beheersde vorm. Nijhoff was by uitstek formalis, en ook Cloete onderwerp hom aan die streng eise van die beheersde vorm, al kom dit op die eerste oogopslag nie altyd so voor nie. As Nijhoff (1970:29) die belangrike uitspraak maak: "Een gedicht bestaat uit woorden, niet uit gedachten," dan is dit omdat hy die opvatting handhaaf dat die digter nie werk met klaargemaakte idees nie, maar dat die vorm die inhoud oproep. Ook Cloete (1970:179) formuleer sy opvattings in verband met die vormende denke duidelik, soos blyk uit die volgende: "Die dromende denke dwaal onbekommerd, maar hy dwaal op voorskrif van die vorm na 'einem präexistenten Ziele'."

Uit hierdie hele teorie vloei die bekende motto vir Nijhoff se digkuns, 'n motto wat net sowel op Cloete se verse van toepassing gemaak kan word: "Lees maar, er staat niet wat er staat." Die gedig is met ander woorde 'n rasioneel-irrasioneel gegewe wat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie ten volle verstandelik deurgrond kan word nie. Die teks is altyd 'n plus of res, wat die leser nie ten volle kan verklaar nie - kortom, iets magies.

#### 3.1.1.3 Aanleg cum oorleg; inspirasie cum tegniek

Die opvatting dat die ontstaanswyse van die gedig outomaties, nie-rasioneel en selfkontrolerend is, of soos Nijhoff (1982b:561-562) dit by geleentheid uitdruk: dit "een ander is, die de pen vashoudt, dat het geschrevene bijna zichzelf schrijft", kan die gedagte by die leser laat ontstaan dat daar geen sprake van 'n inset van die kant van die digter is nie. Inspirasie en tegniek is egter onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Die eis wat aan die moderne digter gestel word, is dié van uitsonderlike vakmanskap. Die invalle moet per slot van rekening deur die digter as sodanig herken word en is slegs betekenisvol binne die konteks van 'n bepaalde probleemstelling, in hierdie geval - die skep van poësie.

Vir Nijhoff is tegniese vaardigheid van net soveel belang: "ten slotte, nie het wat, maar het hoe is van importantie" (Nijhoff, 1982b:831). Van den Akker (1985a:118) het dit heeltemal juis as hy poneer dat die benodigde en vereiste vakmanskap nie soseer téénoor die inspiratiewe momente staan nie, maar 'n onmisbare onderdeel vorm van die kreatiewe proses. Cloete (1984b:3) formuleer sy opvatting ten opsigte van die ontstaanswyse van die poësie bondig en duidelik as hy sê: "Die digterskap is nóg sommer 'n droom, nóg sommer bedenksel. Dit is 'n aanleg, wat die oorleg egter nie uitsluit nie."

#### 3.1.1.4 Vorm

Een van die mees problematiese[3] begrippe wat Nijhoff in sy talle beskoulike prosastukke gebruik, is die begrip "vorm", en in die besonder die verhouding vorm - inhoud. By Nijhoff is die vorm onlosmaaklik verbonde aan die kreatiewe proses, wat daarop neerkom dat nie die inhoud 'n geskikte vorm kies nie, maar dat die vorm 'n inhoud produseer. Uiteindelik gaan dit in essensie daarom dat die term "vorm" nie soseer betrekking het op die voltooide produk, die voltooide gedig nie, maar wat Van den Akker (1985a:221) beskryf as: "de versformele aspecten van het gedicht-in-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wording en de formele momenten tijdens de genese". Nijhoff (1982b:340) formuleer sy opvatting soos volg:

> Men heeft thans, voorzover ik zien kan, het accent van de arbeidzaamheid verlegd naar de in creatiewe spanning gebrachte vorm. Vorm niet als een zo doorschijnend mogelijk omhulsel van ontroering, maar als een materie van geestelijke orde, geen belichaming maar zelf een lichaam, geen spiegel van leven maar zelf een organisch leven van tot ons besef afdalende en, als het ware, in deze materie zich condenserende en verstaanbaar wordende geestelijke realiteit.

Die oomblik dat die digter pen en papier opneem, ontplooi die dromende denke volgens 'n eie wetmatigheid en neem die woorde die mag oor.[4] As Nijhoff sê: "Een gedicht bestaat uit woorden, niet uit gedachten," moet dit gelees word as "een gedicht bestaat uit vorm, niet uit gedachten", want by Nijhoff is "woord" gelyk aan "vorm". Die poësie konsentreer nie op gevoelens of ontroering nie, maar op taal, op die woord/vorm self wat die kreatiewe geheim bevat en dikwels verrassend skeppend is.

Volgens Cloete (1970:168), in die beskoulike opstel oor Leopold se digkuns, ontstaan die gedagte "pas in die gedig, ontplooi pas deur die vorm van die gedig en raak geleidelik deur die vorm eers vervul. Die vorm en die inhoud van die gedig is met ander woorde koëkstensief." In 'n onderhoud, nadat hy as digter gedebuteer het, verduidelik Cloete (in Coetzee, 1983:13) dié skryfproses ten opsigte van sy eie digterskap in ooreenkomstige terme: "Die ingewing kom saam met die vorm, kies die vorm. Dit is nie ek wat hom kies nie. Dit is nogal die merkwaardige en vir my 'n geheim. Ek staan verbaas oor watter ingewing jou kies. Dit is nie jy wat die vorm kies nie." Hy beklemtoon veral die ordelike, formele, strenge verloop van die dromende denke en wys herhaaldelik daarop dat die dromende denke by uitstek 'n vormende denke is en dat die vorm die inhoud kan vooruitloop en oproep. Hierdie poëtikale opvattings manifesteer versintern by Cloete sowel as by Nijhoff.

In die opstel oor Herman van den Bergh verwerp Nijhoff die Tagtiger-teorie van die eenheid van vorm en inhoud en stel sy **drieledigheidsteorie**, wat die essensie van die ontstaanspoëtika in hom saamtrek, in die plek daarvan: daar is (i) 'n eerste inhoud/konsepsie, wat (ii) na 'n vorm soek, maar die vorm sélf skep (iii) 'n tweede inhoud/konsepsie. Hy (1982b:338) stel dit voorts soos volg:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> Zo heeft dus grotere kunst, om het nu maar eens ruw-weg te zeggen, eigenlijk één vorm en twee inhouden: een levens-inhoud, een vorm daarvoor en een geestelijke inhoud weer van die vorm; of anders gezegd: een werkelijkheid, een verbeelding en een beeld; of weer anders, [...] speciaal voor poëzie: menselijk of natuurlijk gevoel, uitdrukking in het woord, goddelijke aanduiding. Realiteit, expressie, creatie. De stem wordt woord, het woord wordt zang. Het is op duizend manieren te zeggen, deze merkwaardige drieledige functie der kunst ...

Hierdie drieledigheidsteorie, of "poëzie als drietrapsraket"[5] (Berger, 1979), kan dus in verskillende terme omskryf word. Die **transformerende** karakter van dié ontstaansproses blyk veral uit terme soos "omzetting" of "omvorming". 'n Essensiële kenmerk van die voltooide gedig is dat dit 'n eie wêreld konstitueer en geen verwantskap meer het met die eerste konsepsie/inhoud (hetsy die gedagte of ervaring of werklikheid van die digter) nie, met ander woorde, die aanvanklike inhoud/konsepsie word deur middel van die vorm getransformeer of gemodifieer tot 'n tweede inhoud/ konsepsie. "Drieërlei daad dus: de levensdaad der gedachtevorming enerzijds, en anderzijds de poëtische daad der verwezenlijking daarvan, met, als schakel tussen beide, de zelfaangedreven beweging van de eenmaal opgeroepen woord-vorm." (Nijhoff, 1982b:193).

### 3.1.1.5 Die gedig as outonome artefak

Nijhoff handhaaf die teorie dat die gedig 'n outonome taalspel is, 'n selfstandige artefak wat slegs na sigself verwys, sy eie boodskap kommunikeer en 'n eie werklikheid skep met woorde - 'n poëtika van eiesinnigheid dus wat lynreg staan teenoor die ekspressiewe poëtika van die Tagtigers.[6] Ook Cloete huldig dié opvatting, wat hy meermale versimplisiet uitspreek. Hy maak versekstern (1970:193) die volgende belangrike uitspraak: "Dit is hierdie eiesinnige, onberekenbare gedrag van die vorm waarin die dromende denke dink, wat van die digter 'n toeskouer maak by sy eie gedig, selfs onder sy oorwoënheid. Wat daar in die gedig gebeur, gaan sy eie gang en word vir die digter vreemd, syns ondanks."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Nijhoff (1982b:97-98) formuleer sy opvatting soos volg:

> Aan de andere kant is de taal een zelfstandig ding, het woord is een apart materiaal waarin men als in elk ander materiaal, als marmer of klanken, psychische gesteldheden objectiveren kan. Het woord is een voorwerp, iets dat vol groeid is en vastgelegd, iets met een eigen bestaan, langzaam zichzelf opbouwend uit duizend bestanddelen van eeuwenoude herinneringen, associaties en benamingen.

Nijhoff het dit hier oor 'n belangrike aspek, naamlik die **funksie van taal**. In die eerste plek het taal 'n suiwer kommunikatiewe funksie en dienooreenkomstig is die woorde ondergeskik aan die boodskap wat gekommunikeer word en dus slegs middel tot 'n doel. In die tweede plek het taal 'n eie wetmatigheid: dit is 'n selfstandige ding; tot selfs in die kleiner entiteit, die woord, het dit 'n eie bestaan en gevolglik 'n eiesinnige geaardheid of wesensaard.

Die konsep om die woord (taal) as 'n selfstandige entiteit te beskou, bevry dit van 'n mimetiese of werklikheidsbeskrywende karakter en ken terselfdertyd daaraan 'n werklikheidskeppende funksie toe - 'n verskil wat setel in die alledaagse versus die sogenaamde poëtiese vorm van taalgebruik. Glaudermans (1985:273) stipuleer 'n ander belangrike konsekwensie vir die poësie wat spruit uit hierdie poëtikale nosie: wanneer woorde in die poësie die belangrikste is en dit nie daarom gaan om die werklikheid te reproduseer nie, gaan daar vir die digter allerlei moontlikhede oop. Hy kan in die wêreld wat hy in sy gedigte oproep skynbaar hou aan die realiteit, of juis opvallend afwyk van wat in die werklikheid gebruiklik en moontlik is.

In aansluiting by die funksie van taal formuleer Nijhoff (1982b:98) vervolgens sy opvatting oor die **taak van die digter**, naamlik om hierdie wetmatigheid van die taal te agterhaal en uit te buit. Hy poneer:

> Dit is de grootste en diepste taak van de dichter: **niet** het vertolken van zijn gevoel, hoe algemeenmenselijk dat ook wezen moge, waarbij dan altijd het woord slechts in wat ik als zijn eerste functie aanduidde, dus als middel, gebezigd wordt; **niet** het weergeven van de werkelijkheid, **niet** het beschrijven van wat reeds bestaat en wat wij allen reeds kenden; - de onafhankelijke en verantwoordelijke taak van de dichter is het hanteren van de natuur der taal, zoals boven omschreven.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Anbeek (1990:139) som die drie belangrikste elemente ten opsigte van die poësie, wat kenmerkend van Nijhoff se opvatting is, soos volg op: i) poësie staan los van die maker;[7] ii) poësie staan apart van die werklikheid, en iii) hierop berus die "goddelike" aard van die poësie.

### 3.1.2 Werklikheidsiening

Die oënskynlik paradoksale van Nijhoff se poëtikale opvattings is dat hy dit het oor die irrasionele van die gedig en oor Goddelike aangedrewenheid, en dat terme soos "buiten-werkelijke" en "bovenmenselijke" en "boven-aardse" met hoë frekwensie in allerlei variasies voorkom. Tog is hy geen metafisiese digter nie, maar deur en deur die aardse digter. Die nadruk wat hy wel lê op die metafisiese dimensie van die digterskap setel waarskynlik in 'n afwysing van die mimetiese teorie. Hy (1982b:140) formuleer die **wese van die literatuur** soos volg:

> Aannemend dat een der functies van de kunst, zo niet haar roeping zelwe, bestaat uit een buiten de werkelijkheid stellen van het leven, aannemend dat de kracht daartoe geput wordt uit een ingeboren verlangen van de menselijke geest naar iets boven zichzelve, zien we dat de geschiedenis der kunst met die der religie nauw samengaat.[8]

Die metafisiese dimensie van die menslike bestaan lê dus nie verborge of verskuil buite die aardse werklikheid nie, maar is volledig gesetel in die gewone werklikheid van die hier-en-nou. Van den Akker (1985a:270) beklemtoon dan ook dat "de verbondenheid met de aarde en de werkelijkheid al vanaf het eerste uur een belangrijk bestanddeel van zijn poetica" is.

In "Over eigen werk" gee Nijhoff tegelyk die gedagte dat poësie nie onsterflik is nie; hy relativeer die poësie, sonder dat dit egter tot nihilisme lei. Volgens hom het die verganklikheid eienskappe wat verkieslik is bo die ewigheid: die verganklikheid ontken nie die liggaam, die geloof, skoonheid of natuur nie, mits dit in die kader van die tyd beskou word en in die vorm van 'n selfstandige openbaring. Belangriker egter is dat die gewone, reële ding eksemplaries moet wees, met ander woorde verteenwoordigend van die geheel, die onsienlike of die gewone ook van die ewige. Hy sê verder ook dat die individu moet mens wees, want hoe meer gewoon jy hom maak, hoe

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

grootser is hy. Ten opsigte van dié gegewe maak hy (1970:28) die uitspraak: "die hoe eenvoudiger ze zijn gekozen, des te meer toestraling van betekenis toelaten". Hoe eenvoudiger die lewe is wat jy positiveer, hoe moontliker is dit om dit om te sit in die magiese.

In sy bespreking van die bundel Idiolek wys Grové (1986:8) op die Nijhoviaanse vertrekpunt dat vir die digter die wonder Gods ook in die nietigste skeppingsding beslote lê, sodat hemel en aarde mekaar in hierdie poësie ontmoet. Cloete se poësie getuig van dieselfde vertrekpunt. Van Cloete se werklikheidsiening kan dus byna woordeliks dieselfde gesê word as van Nijhoff s'n. Ook Cloete is geosentries gerig en het 'n diepe verbondenheid met die aarde en die gewoon aardse werklikheid: "Die werklikheid waarbinne ek my tuis voel, is van die bodem van die Visriviervallei tot by die sterre in die hemel. Ek sê dit ook in my gedigte: die grense van die werklikheid is onuitputlik." (In Le Roux, 1987:4.) Van die onderaardse tot die hemelse is inderdaad die spektrum van die werklikheid wat in sy poësie verken word en dit sluit in die liggaam, die aards-erotiese, die geloof, die skoonheid en die natuur- en dierewêreld én die verborgenheid van die hiernamaals.[9]

Cloete se lewens- en wêreldbeskouing is duidelik Christelik. Met Spies (1984:28) se siening kan akkoord gegaan word as sy sê: "As 'n mens weet dat die Here God is, kan jy alles wees - sensueel, ironies, speels, ernstig: dit is die groot 'tema' van Angelliera", én sou 'n mens kon byvoeg, ook van Cloete se ganse digterskap. Die God-gesentreerde mens verloën nié sy verbondenheid met die gewone werklikheid nie - nie alleen is die mens uit stof gebore en vergaan hy tot stof nie, maar dit is in dié werklikheid waarin God Homself deur sy Seun aan die mens kenbaar en sigbaar gemaak het.

In die gedig 'Jesaja' (Idiolek) formuleer Cloete die probleem: "Ek moet U uitvind." Hierdie woorde is die stukrag van sy ganse digterskap. Vanaf Angelliera tot en met Driepas is daar 'n onvermoeide soeke na God - die soeke van 'n diep gelowige om **binne die spektrum van die aardse werklikheid** iets van God se eksistensie te wete te kom. Van Halsema (1989:418) verklaar die mens se soeke soos volg: "De mens zoekt God omdat hij met Hem verwant is; God dringt zich aan de mens op opdat wij Hem kennen ... Het is een wederzijds kennen, dat een herkennen - op kracht van de verwantschap en het al van tevoren gekend worden - insluit."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Nijhoff word allerweë beskou as 'n religieuse digter in die Christelike sin van die woord; waarskynlik op grond van die feit dat hy talryk verwys, in sy gedigte sowel as in sy prosa, na Bybeltekste en -begrippe. Hy bemoei hom dikwels met religieuse prinsipes en begrippe, soos blyk uit sy totale oeuvre.

Die persoonlike verhouding mens-God, digter-God is egter nie by hom, soos by Cloete, 'n sentrale gegewe nie; daar is trouens selfs nie enige sprake van nie. Hy toon wel belangstelling in die lewensbeskoulike aspekte van die literatuur en gee soms wel rekenskap van sy opvattings ten opsigte van religie. Sommige van hierdie uitsprake toon ooreenkomste met dié van Cloete. In 1922 maak hy byvoorbeeld die volgende uitspraak ten opsigte van die moderne digters "'Ik ben een God in 't diepst van mijn gedachten', zou nimmer door deze generatie geschreven kunnen worden. Zij erkent veeleer een God in het **diepste der realiteit**. Men is niet God, men kan **Hem slechts aanschouwen**."[10] (Nijhoff, 1982b:143, my kursivering.)

Nóg 'n suiwer mimetiese, nóg 'n suiwer transendentale strewe is vir hom aanvaarbaar. Laasgenoemde wys hy versintern af in 'Het lied der dwaze bijen' en onder andere ook versekstern in "De pen op papier" (1982b:1064):

> Omdat ik bovendien onlangs, in dit eenzaam voorjaar namelijk, na talloze vergeefse nachten van bittere inspanningen, waarin het mij mislukte mijn ziel in haar intellectuele essentie omhoog te drijven tot wat ik noemde een 'zien van God', - mij voorgenomen had het andere uiterste te kiezen en haar bij mij omlaag te houden in het lichaam, zodat ik besloot alleen nog datgene te schrijven, wat het schrijven zelf tot een **fysiek** genot maakt, tot een avontuur of match ...

"De pen op papier " word beskou as Nijhoff se antwoord op, selfs afrekening met, <u>De afspraak</u> van A. Roland Holst, wat 'n jaar vroeër verskyn het. Hieroor sê Anbeek (1990:143, my kursivering): "Tegenover de metafysische aspiraties van Holst en zijn beeld van de dichter die van een dubbelganger de opdracht krijgt van een gelukzaliger wereld te getuigen, stelt hij zijn **keuze voor deze wereld.**"

Nijhoff (1982b:258-259) se opvatting ten opsigte van die verhouding tussen God en werklikheid spreek waarskynlik die duidelikste uit die volgende uitspraak, wat ter wille van die konteks volledig gegee word:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> Voor de jongere poëzie is Hij voelbaar als het diepst der realiteit ... **God is in de realiteit**, of Hij bestaat voor ons niet. Het Christelijk geloof is alleen nog aldus te aanvaarden: God heeft zijn Zoon (d.i. zijn voor mensen kenbare openbaring) in de wereld, in de werkelijkheid, gezonden. Daar is Hij nog, of Hij is nergens. De opstanding is een geloofsdroom, gaat onze kennis als zodanig te buiten. Gods mystiek Lichaam blijft in de wereld begraven. Is het onze taak onze droom te versterken en Hem weder van ons weg gered te weten? Of, veeleer, het besef de overhand te doen krijgen, dat zijn Lichaam thans, en tot het einde der wereld, de hoogste zin der werkelijkheid heeft ingenomen? Is dit niet de diepe betekenis der Blijde Boodschap? Hij is in **onze natuur, in onze wereld, in ons vlees.**

### 3.1.3 Die objektiveringsteorie

In "De pen op papier" gee Nijhoff 'n uitvoerige relaas ten opsigte van sy opvatting van die rol wat die "ek" in die poësie moet speel. Dit kom in essensie hierop neer: "Denk en leef in andermans gevoel. Zo alleen kom je van jezelf vrij, dat is het doel." (Nijhoff, 1982b:1073). Soos Eliot,[11] huldig Nijhoff (1970:30) dus 'n objektiveringsteorie:

> Geen directe lyrische gevoelsuitstorting meer, maar korte stukjes geobjectiveerd leven, geconstrueerd, gecomponeerd, meer in de stijl, waarin vroeger epische gedichten werden geschreven. De persoonlijkheid van de dichters scheen voldoende onderwerp te vinden in het gewaarworden niet van zichzelf als dichter, maar als mens.

Nijhoff spreek hom uit ten gunste van 'n maskerteorie waarvolgens die skrywer "zichzelf eindeloos (moet) verminderen" (Nijhoff, 1970:21), uiteindelik in sy werk moet verdwyn en die gedig as masker voorhou. Hy objektiveer sy gevoelens deur dit te projekteer in objekte. In dié verskillende figure of gestaltes wat in sy digkuns voorkom, skep hy vlugvorme buite homself - in hierdie gestaltes word die dramatiese drif gelê en hulle dien as artistieke teenhangers vir wat in sy eie hart woed. Volgens hom moet die "ek" eksemplaries van "die mens" gesien word, want die hele mensheid hou skuil in elke mens, as hy maar net bevry kan word uit die slawerny van sy persoonlikheid.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie uitgangspunt is ’n afwys van ’n ekspressiewe of romantiese poëtika en ’n eksplisiete afrekening met die konvensionele liriek van die Tagtigers wat die ekstreme opvatting huldig van: "kunst is de allerindividueelste ekspressie van de allerindividueelste emotie".

Cloete se digterskap is op die oog af intens persoonlik: sy verhouding met God, sy gesin, die natuur, die liggaamlike (hetsy die aftakeling van die liggaam as gevolg van siekte en pyn of die seksuele belewing) en die naderende dood, vorm die tematiese stramien van sy oeuvre. Ook hier kom sy Christelike lewens- en wêreldbeskouing in gedrang: "Om volle mens van God te wees, beteken om volle mens te wees [...] God-gesentreerde poësie word binne die paradoks van geloof en taal mens-gesentreerde poësie - in terme van Cloete is dit ‘Homosentrie’"[12], is Spies (1984:28) se uitspraak. Dit gaan dus in sy digterskap om die totale scala van menswees[13], sonder dat hy egter aansluiting vind by die ekspressiewe poëtika. Van Zyl (1987:11) wys tereg daarop dat die groot wins van die bundel Idiolek (én, sou ’n mens kon byvoeg, van Cloete se ganse digterskap) lê in die feit dat hy nie vassteek in die persoonlike emosies nie, maar ’n vermoë tot afstandname van die self en ’n oopstelling vir die res van die skepping openbaar.

Cloete objektiveer sy eie gevoelens en sienswyses op formele taal en konseptuele vlak. Volgens Gouws (1988:327) vra Cloete se poësie om met ’n transkripsiebril gelees te word - die teks as transkripsie staan inderdaad voorop in talle gedigte met jukstaposisie as kenmerkende digterlike strategie, en in aansluiting daarby die tegniek van verwysing en sitering. Op hierdie wyse formuleer hy verstegnies idiolekties sy eie objektiveringsteorie en gee hy dit algemeen-geldigheid deur ander voorgangerdigters en -skrywers te laat saampraat.

Die konsep van objektivering of depersonalisasie is ten nouste verwant aan die beginsel van objektiewe observasie. Vroeër is op Cloete se besondere visuele ingesteldheid gewys. Die oog as orgaan van die menslike bewussyn en rede is noodsaaklike digterlike toerusting. In die poësie kry die kreatiewe woord alleen deur middel van die kreatiewe oog vergestalting, wat op sy beurt die werklikheid óf deur één bril (die persoonlik getinte) óf deur ’n verskeidenheid (die objektief getinte) kan waarneem. Kortom, deur middel van die visuele kan die digter die persoonlik waargenome werklikheid objektiveer. Cloete (in Kruger, 1990:11) onderskryf hierdie stelling op indirekte wyse as hy sê: "My hele standpunt is - en dit staan ook in Driepas - van al die miljoene brille wat daar is om die werklikheid te bekyk, het jy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

maar een ... Dit is baie goed om deur ’n ander bril ook te kyk. Die literatuur is ook niks anders nie as ’n glas waardeur jy kyk na die werklikheid."

In aansluiting hierby spreek hy hom eksplisiet uit ten gunste van die sogenaamde objektiveringsteorie as hy (in Le Roux, 1987:4) van die bundel Idiolek sê: "Ek wou juis duidelik my stempel sit op daardie gedigte, maar ek wou ook ander stemme deur my laat praat, of dit van die blom, die by, die tortelduif of die hond is."

Cloete se intens persoonlike verhouding met God objektiveer hy, byvoorbeeld, onder andere deur middel van ’n betrokkenheid, ’n persoonlike gemoeidheid en identifisering met Job. Buscop (1989) bespreek byvoorbeeld Job as ’n geobjektiveerde spieëlbeeld van Cloete en wys tereg daarop dat die oorsprong van hierdie spieëlbeeld teo-logies van aard is. "Die verhouding Job-Cloete-God en God-Cloete-Job is die eintlike kern van die spieëlbeeld." (Buscop, 1989:70). As gevolg van sy identifikasie met Job kan hy met God in gesprek tree én die verhouding eksemplaries maak van ’n groter menslike problematiek ten opsigte van die verhouding mens-God.

## 3.2 Die kontoere van Nijhoff en Cloete se versinterne poëtika - ’n verkenning

### 3.2.1 Inleiding

Vervolgens word ’n lesing gegee van die versinterne poëtika soos wat dit implisiet en/of eksplisiet uit eksemplariese gedigte blyk. Ter wille van die diskoers is die verseksterne opvattings puntsgewys onder die loep geneem. By die bespreking van die versinterne poëtika sal die klem laat val word op spesifieke gedigte omdat meer as een van die versekstern geformuleerde konsepsies in een gedig gekommunikeer word. In Cloete se oeuvre is daar talle gedigte waarin sy poëtika geïllustreer kan word. Die gedigte wat bespreek word, is uitgesonder vanweë ’n direkte of indirekte verwysing na of relasie met ’n Nijhoff-teks (hetsy prosa of poësie). Dit is dus geensins die intensie om ’n volledige ondersoek te loods na al die poëtikale gedigte in Cloete se oeuvre nie.

### 3.2.2 ‘loopskrif in ’n vakansiehotel’

ek sit en skryf by die lig beheers hier
in my vertrek en hoor die ritsel en kras

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van my pen en van die papier
en tussendeur 'n geswem en geplas

en sien deur my venster 'n ster uitbrand

jongmense in die aand in die water gier
en gil en die skerp lag verras
van 'n jongmeisiestem van plesier
'n orgasme onbeheerbaar op die terras

my pen staan orent luisterend in my hand

wanneer albei ontploffings bedaar
het kry die hand wat koud
geword het weer loop en klier en kwasar
soek daarin 'n nuwe behoud

en gaan aan en aan
waar dit daar aan die loop gaan

In die beskoulike artikel oor die dromende denke van die digter maak Cloete (1970:193) die belangrike uitspraak dat die gedig oor die gedig die natuurlike uitkoms van die dromende denke is; die gedig dus wat op beskoulike wyse geïnteresseerd is in sy eie ontstaanswyse en denkpatroon. Die gedig 'loopskrif in 'n vakansiehotel' (Idiolek) met sy eksplisiete poëtikale nosies, is 'n gedig waarin dié opvatting gemunt is. Die "loopskrif" van die titel impliseer reeds by die eerste oogopslag 'n poëtikale strekking en die gedig kommunikeer inderdaad 'n verslag oor die ontstaanswyse van die poësie, wat aansluit by Nijhoff sowel as Cloete se verseksterne opvattings.

Versreël 3: "my pen ... die papier" lê 'n duidelike verband met Nijhoff se verseksterne poëtika, want dit is waarskynlik 'n direkte verwysing na Nijhoff se geskrif "De pen op papier".[14]

Nijhoff se gedig, 'Sonnet 1' van die siklus 'Voor dag en dauw' (Nijhoff, 1970:193) dwing hom ook aan die leser op vanweë simultane beelde en ooreenkomstige woordgebruik. Nijhoff se volledige teks klink só:

De tekentafel voor het brede raam
bewaart van 't sterrenbeeld voorbijgevloden
een spoor op het papier; passer, potloden
liggen gedrenkt door de verdwenen maan.

De booglamp, op 't fabrieksterrein nog aan,
slaapt lachend in, als op haar bed een dode,
nu zij, voor 't werkmanstreintje uit stad ontboden
de klokjes langs de lijn heeft horen slaan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



De ingenieur, om 't heerlijke gesuis
van de machines, droomt, hij laat zijn huis
later, vlak tegen de fabriek aan bouwen.

De vogel is het struikgewas ontsneld.
In grote stilte gaat over het veld
het langzaam licht zich als een hand ontvouwen.

Om 'n vergelyking te vergemaklik, word die volgende toeligting volgens numerering gegee: 1) De tekentafel voor het brede raam, 2) 't sterrenbeeld voorbijgevlogen, 3) een spoor op het papier, 4) de klokjes langs de lijn heeft horen slaan, 5) het langzaam licht zich als een hand ontvouwen, 6) In grote stilte gaat ...

Cloete sluit by die voorafgaande aan ten op sigte van die volgende beelde en woordkeuse, hetsy eksplisiet of by implikasie: "ek sit en skryf" (1), "sien deur my venster" (1) (by implikasie **voor** my venster), "'n ster uitbrand" (2), "die papier" (3), "loopskrif" (3) (laat by implikasie 'n **spoor** na), "die hand ... gaan aan en aan / waar dit daar aan die loop gaan" (3), "gier /en gil en die skerp lag" (4) (by implikasie **hoor**), "hoor die ritsel en kras" (4), "my hand" (5), "die hand" (5), "wanneer albei ontploffings bedaar het" (6) (by implikasie **stilte**).

Die beeld van die gestalte voor die venster of raam is in albei gedigte opvallend en verdien allereers aandag vanweë die besondere implikasies daarvan in die Cloete- én Nijhoff-oeuvre.

### 3.2.2.1 Die beeld van die raam

As Bakker (1987:278) sê die raam is waarskynlik die mees voorkomende konvensionele beeld in Nijhoff se poësie, het hy dit heeltemal gelyk, hoewel navorser van mening is dat hy die belangrikste konsekwensies van dié tipiese Nijhoviaanse beeld nie heeltemal raak gelees het nie. Hy maak wel dié belangrike opmerking dat die beeld van die "raam" in een of ander variant in een derde van die gedigte in De wandelaar voorkom en deurgaans in die betekenis van afskeiding tussen die hoofpersoon en die wêreld. Reeds in die programmatiese openingsgedig van die bundel, met die gelyknamige titel, kom dié beeld voor:

Kloosterling uit den tijd der Carolingen,
**Zit** ik met ernstig Vlaamsch gelaat **voor 't raam**;
**Zie** menschen op een zonnig grasveld gaan,
En **hoor** matrozen langs de kaden zingen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In Vormen is die gedigte waarin "raam" 'n prominente en simboliese funksie vertoon, talryk. 'n Enkele voorbeeld is die gedig 'De jongen' waarvan die openingsreëls soos volg klink:

Hij **zat** in nachtgoed **voor het raam** en liet
Willoos het hoofd hangen op het kozijn-
Hij **zag** ...

In 'De soldaat en de zee' uit Nieuwe gedichten is die beeld van die skrywer wat voor die raam sit en skryf die belangrikste gegewe van die eerste strofe:

Wanneer ik mijn lamp vergeet
en de kamer donker laat blijven,
**zie** ik, buiten, een **houten keet**
waarin een soldaat **zit** te schrijven.

Die sintuiglike gegewe, benewens die beeld van die skrywer voor die raam/venster het in Cloete se gedig eweneens prominensie:

Ek sit en skryf ...

... en hoor ...

... en sien ...

Die ooreenkoms wat die Cloete-gedig ten opsigte van die **sintuiglike waarneming** en **die raam-beeld** met die Nijhoff-gedigte toon, is nie toevallig nie, want laasgenoemde gedigte het, soos 'loopskrif in 'n vakansiehotel', eksplisiete poëtikale nosies. Al drie die gesiteerde gedigte van Nijhoff kommunikeer naamlik opvattings in verband met die digterskap, wat op merkwaardige wyse ooreenstem met die verseksterne uitsprake.[15]

Die perspektiwiese oriëntasiepunt in 'n literêre teks is 'n figuur; in hierdie geval die skrywersgestalte voor die venster/raam. In die eerste plek bied die venster **'n uitsig na buite** - op reële vlak dus die plek van ingeskerpte sintuiglike waarneming en, soos Cloete (1987:4) dit stel: "die kiem vir 'n gedig is 'n sintuiglike belewenis". Die visueel-sintuiglike belewing wat noodsaaklike digterlike toerusting is, geskied deur die raam.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Die perspektief op die waargenome werklikheid is dikwels 'n register van belewenis: die omvattende lewe, en kry juis deur middel van die raam groter reliëf.

Schrijvers (1984:36) se uitspraak ten opsigte van Nijhoff is ook insiggewend:

> De 'klassieke' uitgangspositie van Nijhoff als 'eenzaam schrivertje in het raam' brengt met zich mee dat hij het leven (de werkelijkheid) soms ziet als een omraamd schilderij, maar ook en vaker nog een omraamd schilderij/ portret in zijn rêverieën [16] tot leven ziet komen.

In albei poëtikas is kyk en skryf / dig onlosmaaklik aan mekaar verbonde; in die poësie kry die kreatiewe woord slegs deur middel van die kreatiewe oog vergestalting. **Kyk** gaan by die digter dikwels direk oor in **skryf**[17], net soos **kyk** soms oorgaan in **weet, ken** of **droom**, dit wil sê beskoulik kyk. Die raam of venster as optiese instrument met sy refleksiemoontlikheid word op ideële vlak simbool van die beskoulike kyk, of dan van 'n inwendige blik na binne. Dit wat visueel-sintuiglik beleef word, word via die raam getransponeer na die milieu van die abstrakte. Wat Ruitenberg-de Wit (1978:35) van die raam as simbool in die poësie van Achterberg sê, is duidelik ook van toepassing op Cloete en Nijhoff se digkuns: "Raam en spiegel met hul sinoniemen en varianten zijn dus symbolen voor het medium waardoor de indrukken van het onbewuste in het bewustzijn worden opgevangen."

Die raam as werklikheidsomlyning in die Cloete-gedig, sowel as in die gesiteerde Nijhoff-gedigte, dien in die tweede plek as 'n **verbinding tussen twee wêrelde:** 'n wêreld waarin die hooffiguur hom bevind, en die wêreld van die waargenome werklikheid. Die teenoorgestelde is natuurlik ook waar: die raam kan juis dien as 'n skeidingsmiddel tussen die gewone afgeslote werklikheid waarin die persoon hom bevind en die gewone werklikheid wat deur die skeppende, artistieke oog waargeneem word. Op hierdie wyse word die gewone werklikheid los gemaak van reële, dinamiese verskyningsvorme en verduursaam in die artistieke vorm van die gedig. Dienooreenkomstig dien die raam as **objektiveringsmiddel.** Die objektiveringsgedagte is 'n dwingende poëtikale gegewe in al drie die genoemde gedigte van Nijhoff. Die insetversreël van 'De wandelaar' lui: "mijn eenzaam leven wandelt in de straten, / langs een landschap of tusschen kamerwanden", 'n bykans skisofrene formulering wat verskillende interpreteerders 'n verskeidenheid interpretasies laat maak het. Die dubbele persoonlikheid, wat hier na 'n alter ego kyk, is die poëtiese variant van Nijhoff (1970:27) se verwysing "toen wij leefden en geleeft werden tegerlijkertijd" en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



’n ekstreme konsekwensie van sy objektiveringsteorie. Die "ek" van die gedig vertrek in die gedig uit homself, objektiveer hom in voortye, vermenigvuldig hom in talle ander figure.[18] Hy is in strofe 5 inderdaad deur middel van ’n ruimte geskei van die wêreld en daardeur is sy kyk, sy perspektief op die wêreld vervormd: "die ’k kleiner zie en als van heel ver-af". As hy in strofe 6 sê "zagen mijn oogen" in plaas van "ik zagen", is dit ’n hernude bevestiging van die objektiewe waarneming wat die hoek is van waaruit die spreker sy teks konstrueer of manipuleer én wat hy as vereiste vir die digterskap stel.

In ‘De jongen’ is ’n kernreël van die gedig: "hij zag zichzelf daar wand’len in een dag"; ook hier is sprake van die "ek" wat homself vanuit ’n ander invalshoek bekyk. Die kerngedagte van die verseksterne poëtika soos verwoord in "De pen op papier" is meesterlik verdig in ‘De soldaat en de zee’. Of is "De pen op papier" dalk ’n meesterlike uitbreiding van dié gedig?

Die ruimtelike plasing, sowel as die skryfaksie in strofe 1 van ‘De soldaat en de zee’, dui by implikasie aan dat dit hier gaan om die digter as sodanig.[19] Dat dit wél handel om ’n geobjektiveerde ek, word in strofe 6 bevestig:

> Want ook ik droeg de blauwe tuniek,
> zodat, toen hij daar zat te schrijven,
> ik een voormalig ik
> in het spiegelend glas zag drijven.

Die kernstrofes van hierdie gedig, strofes 15 en 16, wat direkte verwantskap toon met die tuiskomsgedagte in "De pen op papier", lui soos volg:

> Geleidelijk bracht de brug
> van het leven over het leven
> mij naar mijn oorsprong terug
> en ik werd die ik was gebleven.
>
> Zo komt men tenslotte thuis,
> ziende het ongeziene,
> en bevindt zijn laatste huis
> gelijk aan zijn eerste kantine.

Ook hier vertrek die "ek" uit homself, loop oor ’n brug (met ander woorde ’n verbinding met ’n tweede werklikheid) en kom dán terug[20] in homself, maar dan as iemand anders. "Zo alleen kom je van jezelf vrij, dat is het doel." (Nijhoff, 1982:1073). Die raad van die rottevanger (Nijhoff, 1982:1074) word versintern toegepas in die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

gesiteerde strofes: "Wacht tot ge vrij zult zijn, wacht tot ge een vreemdeling voor uzelf zijt geworden, tot gij als het ware een dubbel leven gaat voeren. Er komt voor ieder een tijd dat een mens zichzelf ziet wegwandelen uit zijn eigen leven."

Die "ik" wat "verzinkend in dromen" (strofe 5) was, ontwaak ten slotte "als kind der aarde" (strofe 19) en bevestig só die diepe verbondenheid met die gewone werklikheid en pas dan (strofe 20) neem die kreatiewe proses 'n aanvang: "nu de hand schrijven gaat". Hierdie versreël eggo terug in Cloete se gedig as "die hand ... aan die loop gaan".

Die ruimte is "'n belangrike konstituent van die gestalte; 'n gestalte kommunikeer alleen in en deur sy ruimte" (Cloete, 1984a:63). In die Nijhoff-gedigte sowel as in die Cloete gedig is die gestaltes ruimtelik gesitueer binne die gewone reële werklikheid (die tuin, die kamer, die kantiene, die vakansiehotel); dit dui op 'n geosentriese gerigtheid. Die ontstaansruimte van die gedig, die plek van digterlike omsetting is die gewone realiteit[21] en die uitsig deur die venster is terselfdertyd ook 'n blik op die gewoon aardse, op "'t eenvoudig leven Gods" ('Holland'). In 'loopskrif in 'n vakansiehotel' bied die venster wel ook 'n sig op 'n metafisiese ruimte (die kosmos, die sterre), maar sy visie beweeg terug vanuit die metafisiese na die hier-en-nou. Die implikasie is dat hy wel tussen twee wêrelde leef, naamlik 'n aardse en 'n hemelse, maar die grootste deel waaraan hy verbonde is, is die aardse.[22]

### 3.2.2.2 Die raam as toegang vir toewaaisels van buite

Die beeld van die digter wat voor die venster sit en skryf, is dikwels 'n demonstrasie van die teorie dat die digter "toewaaisels van buiten" kry. Hierdie magiese krag van buite wat Nijhoff (1970:10) ook "toevoegingen, die je van God bereiken" of "cadeau" van God noem, bereik die digter deur die oop venster of raam.

In aansluiting by die "cadeau"-denke, huldig Nijhoff die opvatting dat die mees intense gevoelens by die digter ontstaan in oorgangsmomente en nie in durende gevoelstoe-stande nie. Nijhoff noem dit "stiltes" of "oponthoude" (dit wil sê momente waar jy die sensasie so 'n bietjie vashou). Agter hierdie teorie skuil die opvatting dat die durende versteen raak.[23] Dit is 'n kwessie van uitademing en inademing - daar hang lewe van af. Nijhoff (1970:14) sê hierdie stiltes is gevoelige punte waar jy die uitspraak van God hoor. Die "ingewings" of Goddelike inwaaiings kom in hierdie oorgangsmo-mente.[24]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

In elke digter se leksikon is daar sekere woorde wat prominensie verkry vanweë die hoë gebruiksfrekwensie daarvan. Dit gebeur soms in die digter se oeuvre dat die semantiese lading van sulke woorde wyer strek as die leksikale betekenis. 'n Digter se leksikon is dus altyd gelaai met betekeniswaardes. As Nijhoff dan praat van "stilte", dui dit ook op die "stiltes" (lees "oorgangsmomente") van sy oeuvre.

Om terug te keer tot 'Sonnet 1' van 'Voor dag en dauw'. In die slotstrofe van die sonnet dwing bepaalde poëtikale woorde hul aan die leser op:

> De vogel is het struikgewas ontsneld.
> In grote stilte gaat over het veld
> het langzaam licht zich als een hand ontvouwen.

Hierdie strofe kan geïnterpreteer word as 'n versinterne poëtikale uitspraak ten opsigte van die ontstaanswyse van die gedig. Volgens De Vries (1974:48) dui "voël" volgens tradisionele simboliek op dinge rakende die intellek, terwyl dit terselfdertyd verwys na 'n artefak wat geskep is. Die voël in die Nijhoff-oeuvre is inderdaad beeld van die teks of aandraer of "inval" van die teks.[25] Die plotselinge karakter van die inval blyk uit die snelheid waarmee die voël die struikgewas verlaat. Die laaste twee ritmies enjamberende versreëls illustreer die langsame[26] groei na samehang, die kontinue proses wat besig is om hom te voltrek deur middel van die (skrywers)hand. Die slotwoord word as gevolg van die posisionering (aan die einde van die slotstrofe) en die tydsbepaling releveer, sodat die implikasie is dat die proses voortstu, ten spyte van die feit dat die sonnet, soos wat dit vir die leser aan bod kom, voltooi is. Van den Akker (1987:386) lewer in dié opsig insiggewende kommentaar wat waarskynlik ook op dié bepaalde geval van toepassing is. Hy haal naamlik Valéry se uitspraak ten opsigte van die "voltooidheid" van 'n sonnet aan: "Je les traduis par sonnet abondonné", en kommentarieer: "In zijn visie is een gedicht nooit af[27] - zou dat wel zo zijn, dan zou de dichter het volmaakte vers hebben geschreven - maar het wordt op een zeker moment opgegeven, de maker trekt er zijn handen van af. De Nederlandse dichter M. Nijhoff zou het in dezen met zijn Franse collega geheel eens zijn geweest."

In 'loopskrif in 'n vakansiehotel' demonstreer Cloete Nijhoff se teorie dat die digter toewaaisels van buite kry én dat die mees intense gevoelens by die digter in oorgangsmomente ontstaan en nié in durende gevoelstoestande nie. In dié gedig geskied hierdie oorgangsmomente in kosmiese én aardse "ontploffings": die verskiet-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

ende ster en die orgasme op die terras. Hierdie "oponthoude" bereik die digter **deur die raam** en werp sy digterlike beheer omver, sodat die gedig uiteindelik sy eie koers inslaan. Die gedig ontstaan dus nié uit 'n vooropgestelde stemming of vanweë intellektuele denke nie - die gedig "valt je in". In strofe 1 en 3 is daar 'n konstellasie van opposisies wat die aard van die invalle semanties releveer:

> beheers (strofe 1) x onbeheerbaar (strofe 2)
> binne ("in my vertrek") x buite ("op die terras")
> lig ("by die lig") x donker ("in die aand")
> gedempte klank ("die ritsel en kras") x uitspattige, luidrugtige klanke ("gier en gil").

Nijhoff se opvatting dat daar wel twee moontlikhede van inspirasie vir die digter is, naamlik die realiteit en die metafisiese word gedemonstreer deur die feit dat dit hier gaan om 'n "aardse" sowel as 'n kosmiese inval.

Die aard van die "ontploffings" wat die oponthoud veroorsaak en die beheerste skrywe omver werp, kan waarskynlik ook om 'n tweede rede verklaar word. "Ster" word metafoor vir die helderheid[28] van insig en kreatiewe energie en dít resoneer weer eens twee verseksterne uitsprake van Nijhoff (1970:12 en 16):

> Dat was het dus, wat de taal teweegbracht: een **verheldering van bewustheid** binnenwaarts, en tevens van het doel buitenwaarts. Twee werelden over en weer gelijktijdig ontsloten: de inwendige en de uitwendige, en dit alles in het **moment van een ademstoot.** [...] De mens heeft een technische structuur over de wereld aangelegd, en deze structuur werkt even perfect als de jaargetijden, als dag en nacht, als geboorte en dood in de natuur. De tram is een ster, de politie-agent is een ster, al zijn het sterren langs hun banen voortbewogen door een door mensen, massa's van mensen geslachten van mensen, **geschapen drijfdracht.**

Die seksuele energie van die "orgasme onbeheerbaar op die terras" word metafoor vir die kreatiewe energie en dien terselfdertyd as teenvoeter vir die beheerste skrywe in die vertrek. Nijhoff was die eerste digter na die geslag van Tagtig in wie se werk daar so 'n bewustheid is van die geweldige kragte wat werksaam is in die menslike gees en dan in die teks gestalte kry. By Cloete is daar dieselfde bewussyn: die ontploffings buite is dan terselfdertyd beeld van hierdie magiese kragte in die menslike gees.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Soos Nijhoff is Cloete skerp sintuiglik ingestel - in al die gesiteerde Nijhoff-tekste, sowel as in die Cloete-teks, bereik die invalle van buite die digter visueel en ouditief. Die skrywer "sien" deur die venster en die pen staan "luisterend" orent. Dat die ontstaan van die gedig 'n kontinue proses is, is ook af te lei uit die teenwoordige deelwoord "luisterend". Die semantiese veld wat deur "luisterend" geaktiveer word, is 'n oomblik van stilte, of stilstand, wat korrespondeer met Nijhoff se "stiltes" van die oorgangsmomente.

Cloete se gedig 'loopskrif in 'n vakansiehotel' kan ook op merkwaardige wyse geknoop word aan 'Liedje'[29] van Boutens (in Cloete, 1977:59), die digter "van het in den slaap gevonden rijm". Boutens se gedig kommunikeer, soos die Cloete-teks, 'n definitiewe versinterne poëtikale nosie. Dit is veral ook die ontstaanswyse van die poësie wat voorop staan soos blyk uit dié versreëls:

> In zwellende' ademtocht begint
> Der lange strofen teêr geheim - [30]

Cloete (1970:167) praat met Nijhoff saam en wys daarop dat die belangstelling in die ontstaanswyse van die poësie 'n belangstelling is in die "asemhaling" van die vers. Hierdie beskouing word versintern deur Boutens bevestig, soos blyk uit die gesiteerde versreëls. Die ontplooiingsgedrag van die gedig, die langsame, aanswellende begin van die vers word ook klankmatig deur dié musikale, ritmies-enjamberende reëls vergestalt. Daar is voorts blyke van 'n genererende en pre-eksisterende klank en ritme wat die selfaangedrewenheid of eiesinnigheid van die gedig kommunikeer (vergelyk byvoorbeeld die talle alliterasies, die klankpatroon van die rymwoorde, ensovoorts).

Die ritmies-musikale en ritmies-foniese kwaliteit van die gedig is ko-semanties: die kosmiese ritme en klanke van "de wind en de wilde zee" word só gemanifesteer. Die natuurelemente, die wind en die see, die blou lug en die sonskyn, word (soos in 'loopskrif in 'n vakansiehotel') metafoor vir die ouditiewe en visuele invalle van buite. Soos in die Cloete-teks in daar sprake van 'n binne- en 'n (kosmiese) buiteruimte, asook 'n gesuggereerde erotiese betekenislaag wat dien as inspirasie vir die kreatiewe energie. Op hierdie wyse ontstaan "een wonderbaar gedicht" waaroor die digter geen beheer het nie. Die begin, die strofes, die rym en die refrein van die lied/gedig word deur die kreatiewe energie en eiesinnigheid van die taal (metafories vergestalt deur die kosmiese magte) dikteer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 3.2.2.3 De interne eigen-leven van het gedicht

Die selfaangedrewenheid van die gedig word uitvoerig deur Nijhoff uiteengesit in die geskrif "De pen op papier". Die opvatting dat daar ’n magiese hand is wat die skrywer se hand vat as hy skryf en eintlik sy handskrif skryf, word versintern in Cloete se gedig uitgespel, want "die hand gaan aan en aan /waar dit daar aan die loop gaan". Die semantiese strekking word terselfdertyd klankmatig gemanifesteer in die herhaling van die [a:]-klank in die laaste strofe:

> en gaan **aan** en **aan**
> **waar** dit **daar aan** die loop **gaan**

Die kreatiewe energie van taal en die eiesinnigheid van die teks is ’n baie belangrike faset van Cloete, maar ook van Nijhoff se versinterne (sowel as verseksterne) poëtika.[31] Van den Akker (1985a:140) maak selfs die stelling dat die hoeksteen van Nijhoff se poëtika "de autonomie van het gedicht" is.

Komrij (1984:22) se konsepsie in verband met taal word hier aangehaal, aangesien dit vanuit die oogpunt van die digter die wyse waarmee taal met die digter omgaan, so tekenend weergee:

> De taal gaat ook met ons om. Wie een vol wit papier voor zich neemt om daaraan toe te vertrouwen wat hij aanziet voor eigen gedachten, voor **invallen** uit vrije wil, kan misschien enige tijd in die waan blijven verkeren, maar er komt een moment waarop het metrum, de adem en de slagorde van de woorden **basta** zeggen, en ingrijpen. Ze doen iets terug, ze dringen zich aan ons op. Dat is een van de wonderlijkste aspecten van het schrijven: het altijd weer terugkerende moment [...] waarop de pen geen woorden loslaat, maar de woorden de pen besturen. Geen kalligrafie van het hogere, van de Onzienlike is dat, maar een zichtbare, vitale eigenschap van de taal.

Nijhoff se uitspraak dat die skrywer moet verdwyn in sy werk, word by implikasie ook deur Cloete gekonstateer. In strofe 1 en in strofe 4 is daar sprake van "my" pen. As die gedig sy eie loop neem, word die besitlike voornaamwoord "my" vervang met die lidwoord "die" - in plaas van "my hand" dus "die hand". Hier is ’n eksplisiete manifestasie van die feit dat die digter gedurende die kreatiewe proses "verdwyn"; die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kreatiewe resultaat van die skrywer se uitdrukkingsorgane is nie meer déél van hom nie.

Volgens Nijhoff se drieledigheidsteorie is daar in die gedig (i) 'n eerste inhoud/konsepsie, wat (ii) na vorm soek, maar die vorm sélf skep (iii) 'n tweede inhoud/konsepsie. Hierdie drieledigheidsteorie is by implikasie ook in 'loopskrif in 'n vakansiehotel' ingebed. By Nijhoff vind dié teorie dikwels neerslag in die struktuur van die gedig[32] - dieselfde geld vir die Cloete-gedig Die gedig bestaan uit ses strofes van afwisselende lengte: vier versreëls, een, vier, een, vier, twee. Ook in die klankstruktuur is daar 'n funksionele organisatoriese faktor ten opsigte van die rymklanke: abab c abab c dede ff. Daar is dus duidelik ekstra patroonvorming en afwyking in die slotstrofe. Die genoemde afwyking in die strofeverdeling en rymskema, sowel as die opeenstapeling van die rymklank in strofe 6, releveer dié slotstrofe en manifesteer terselfdertyd die semantiese strekking daarvan. Die eiesinnigheid van taal, en ook die eiesinnigheid van die gedig, word dus formeel én konseptueel, sintakties én semanties gekommunikeer. In strofe een en twee is die konsepsie: "ek sit en skryf ... beheers" en "ek sien". In strofe 4 is die digterlike beheer omver gewerp deur indrukke van buite en die gevolg is: "my pen staan luisterend in my hand" - daar word dus na vorm (woorde) gesoek ("een gedicht bestaat uit woorde, niet uit gedachten"). In strofe 5 kry die hand wat koud geword "weer loop", soek 'n nuwe behoud (wat klankmatig verband lê met in**houd**) en "gaan aan en aan" in strofe 6. Daar is dus nou 'n tweede konsepsie: geen beheersde skryfwyse meer nie, maar 'n eie koers, 'n gedig met 'n "interne eigen-leven".[33]

### 3.2.3 Die ontstaanswyses van die gedig: plotselinge inval versus langsame oorleg

In "De pen op papier" wys Nijhoff (1982b:1067) op momente waarop "het leven eensklaps onwaarschijnlijke proporties in de klaarlichte werkelijkheid" aanneem, en in 'n ander verband identifiseer hy die inspirasie met "een eensklaps verhelderd beeld" (Nijhoff, 1982b:466). Van den Akker (1985a:114) kommentarieer: "Wat opvalt in beide citaten is het plotselinge karakter van het illuminatieve moment: de 'inval' of het 'inzicht' dient zich niet langzaam, stukje bij beetje aan, maar plotseling en integraal."

Cloete verwoord dieselfde poëtikale opvatting op 'n eksplisiete wyse versintern in 'Die gedig is 'n refleks' (Driepas):

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die gedig is 'n refleks
in 'n enkele woord
en in dié woord hoor
die oor ineen ineens die teks

van die versamelde gedig
snel soos die byt van die lip
hom laat insuig of die knip
van die oog teen 'n naald lig

só soos die spiere by flink balspel
die hand elektrochemies vinniger prik
as wat lig trek soos angs of skrik
hoendervleis maak op die vel

dit het selfs iets weg van die vier
van 'n vinnige grap wat banaal
die bomkrag van die taal
laat vuur in le gros rire

die gedig van vreugde of pyn ontplof
uit donsklein geringhede en word
tot 'n wye stelsel uitgestort
van gloeiende asteroïede stof

Volgens die HAT beteken "refleks" terugwerking; onwillekeurige reaksie op 'n senuprikkel. Wat dus ook by Cloete opval is die plotselinge karakter, die spoed van die inval: "ineens", "snel", asook die integrale karakter daarvan: "ineen". Van dié vormende denke sê Cloete (1970:176, my kursivering): "Ons stel nie agterna belang in wat gevind en wat gegee is of was nie. Al wat saak maak, is dat die dromende denke in 'n vorm dink en dat dié vorm **onvermoed** en **onverhoeds verrassend** skeppend is."

Cloete beklemtoon in die eerste strofe die woord as selfstandige eenheid, of in Van Ostaijen (1970:177) se terme: dat "de woorden als organen zelfstandig uitkomen", kortom die "aseïteit" van woorde. "Poëzie = woordkunst", is Van Ostaijen se ander bekende programmatiese uitspraak; ook die Franse digter Mallarmé (in Buddingh, 1968:123) was van mening: "Gedichten worden gemaakt met woorden en niet met ideeën."[34] Nijhoff (1982b:346) verklaar insgelyks: "Maar toch is het met woorden, en met niets anders dat men gedichten schrijft."[35] Die aseïstiese gedrag van woorde beteken dat hulle 'n groter selfstandigheidswaarde in die sin van die literêre werk as in die sin van die natuurlike taal het, maar tegelyk is daar ook 'n groter tekstuele afhanklikheid van die woorde ten opsigte van mekaar in die teks. Aseïteit veronderstel juis : "die teks /van die versamelde gedig". Die geheel is dus in die deel en die deel is in die geheel. Die woord is, volgens die gedig, "een verzamelpunt van energie"

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

om met Nijhoff (1970:26) saam te praat. Deur die enumerasie van vergelykings word die kreatiewe krag van die woord dan beskryf. Só toon die gedig sy vermoë om baie verskillende dinge uit een mond te laat praat deur hulle saam te hoor (met dié kwalifikasie dat hoor en begrip saamval), te "versamel" met as eindproduk die "versamelde gedig".

Nijhoff verwys na die oorsprong van die gedig as "in creatieve spanning gebrachte vorm" en in ’n ander konteks na die vorm (by Nijhoff ook **woord**) as ’n "zuigende wortel" en ’n "onweerstaanbare kracht". Hierdie beeld transformeer Cloete (1989:34) poëties as: "soos die byt van die lip hom laat insuig". Die vergelykings wat in dié gedig "polsknal" op die leser "afgebal" (Cloete, 1986:10) kom, is veelseggend. "Oor", "lip", "oog", "hand" en "angs en skrik" is die semantiese merkers wat die semantiese veld aktiveer. Die betekenisaanbod is gevolglik: klank (oor), woord/taal (lip), visuele persepsie/sintuiglikheid (oog), kreatiewe handeling (hand) en emosies of gevoelens (angs en skrik) - dus, die verskillende bestanddele van die vitale, "versamelde gedig". Scholtz (1990:11) vestig die aandag tereg op die feit dat die "versamelde gedig" ook ’n uiters belangrike digterlike vormgewingskenmerk - enumerasie - aandui. Cloete se dominante enumerasietegniek ontlok by ’n aantal kritici die beswaar[36] van eentonigheid en barokke oordaad. Van Zyl (1990:5) maak egter die skerpsinnige opmerking dat, wat sy noem die "verbluffende, allesinsluitende breingimnastiek", juis op ’n postmodernistiese wyse kommentaar lewer op die leser se geykte verwagtinge ten opsigte van die poësie as gekonsentreerde literêre vorm. Die gemarkeerde grense van die gekonsentreerde vorm word met ander woorde oorskry. ’n Mens sou selfs so ver kon gaan om te sê dat dié woordoordaad die gevolg is van die kreatiewe energie en eiesinnigheid van taal. Die apparaat wat poësie is, werk dus as ’t ware outomaties en met ’n outonome, eiesinnige krag: dit beweeg, versamel en stapel op sodat die digter beheer verloor oor die omvang daarvan.

In die hierop volgende gedig, ‘Moer’[37], word die wese van die "versamelde gedig" poëties verbeeld in kosmiese terme:

> - daar sweef tog ook baie rommel
> deur die heelal
> leeg en nutteloos -
> maar dié wat in ’n hoos
> sluit het ’n veeg
> weg van wat planete komete en sonne beweeg [38]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Eliot (1919:29) het waarskynlik dieselfde digterlike procédé in gedagte gehad toe hy gesê het: "the poet's mind is in fact a receptacle for seizing and storing up numberless feelings, phrases, images, which remain there until all the particles which can unite to form a new compound are present together".

Die gedig 'ars poetica' (Driepas) het op grond van die titel reeds eksplisiete poëtikale segging:

> en wat verbeel die kletser
> van verse hom van die taal se harde duur
> wéét hy van die groewe wat geskuur
> is in die woestynrotsbank deur 'n gletser

Die kommunikatiewe krag van hierdie gedig setel in sy kortheid - in vier reëls beklemtoon Cloete op ironiese wyse die teenoorgestelde aspek van die ontstaanswyse van die gedig. Die oorleg[39], die langsame proses van "aanslibt" (Nijhoff, 1970:31), die tegniese raffinering word voorop gestel. Die inset van die gedig met die voegwoord "en" aan die begin van die versreël en as inleiding tot die gedig, en boonop met 'n kleinletter geskryf, veronderstel dat iets vooraf gegaan het - juis deur die eliminering van die voorafgaande verkry die teksaanbod groter kommunikatiewe waarde. "Verbeel" dui daarop om in die gees voor te stel of om in 'n waan te verkeer, die teenoorgestelde dus van "verseker weet". Die "kletser van verse" kan geïnterpreteer word as die ligsinnige digter vir wie die digproses dui op 'n moeitelose omgang met taal, 'n blote rymelary óf 'n opvatting dat die gedig puur inspirasie of aanleg is en geen perspirasie of oorleg nie.[40]

"Die taal se harde duur" verwys waarskynlik na die gedig, die gewrogte produk wat verduursaam, bewaar, bestendig, 'n "taalkristal".[41] Nijhoff (1982b:370, my kursivering) verwoord die digterlike strewe versekstern só: "de dichter streeft naar een poëzie van een 'volstrekte helderheid', naar een woord dat **hard** en tevens **ijl-doorzichtig** als glas is". Cloete se beeld van die werksaamheid van die gletser is die metafoor vir sodanige poësie. Die leksikale betekenis van "gletser" is : 'n langsaam bewegende ysmassa, en die betekenisaanbod in die konteks van die gedig is dat die vormlose dinamiek van die chaos en die ongevormde wat water is, tot ys gestol/gevorm en verduursaam het. Ys impliseer terselfdertyd (soos kristal of glas) die "volstrekte helderheid"[42] en is volgens 'n ander uitspraak van Cloete (1963c:26) "simbool van die ligvorm en bestendigheid wat die menslike gees aan die natuurlike, chaotiese en ongevormde dinge gee. Dit is 'n simbool van die mens se herskeppende vermoë."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"Wéét" (hier weer eens vooropgestel deur die posisionering aan die begin van die versreël, sowel as die aksenttekens) is reeds in hierdie dissertasie uitgewys as die kulminasie van kyk/sien in 'n beskoulike perspektief of ware insig. Visuele vergestalting (sien in die geestesoog) van die elementale en die natuurwetmatige, gaan in die gedig oor in beskouing en word op die wetmatigheid van taal van toepassing gemaak. Cloete se beeldspraak is hier ook multikommunikatief: die groewe in die woestynrotsbank en die vorming van 'n gletser is 'n natuurwetmatige proses wat moeisaam en langsaam geskied. Die jukstaponering van gletser en woestyn - die warm, droë, kaal landskap van die woestyn teenoor die koue, bewegende ysmassa, dui op die oerverband tussen dinge, en verwoord terselfdertyd op poëtikale wyse die digterlike ervaring waarvan Cloete (1970:185) sê: "dat 'n menigvuldigheid dinge van uiteenlopende aard skynbaar vanself **onverwagte verbande** met mekaar aangaan **in die kunsskepping**". Hierdie lê van onwaarskynlike verbande in die vers kommunikeer die poëtikale opvatting dat die wondere van die skepping vir die mens onvatbaar bly; ook dat die wondere van die **taal**skepping vir die mens onvatbaar bly.

Die wonder sluit egter die digterlike inset, die moeitevolle werksaamheid nie uit nie. Nijhoff erken in "De pen op papier" dat die gedig hom dwingend aan die werk sit en aan die werk hou. Van den Akker (1985a:113) wys tereg op die waarde wat Nijhoff heg aan die beheersing van die tegniek. Ook Vestdijk (1991:247) beklemtoon Nijhoff se konstruktiewe werksaamheid:

> Bij de vakgenoten is Nijhoff niet alleen beroemd om de voortreffelijke poëzie die hij geschreven heeft, maar ook om de koppige zelfverloochening waarmee hij jaren en jaren achtereen steeds weer hetzelfde vers ter hand neemt, eraan schaaft en polijst, of het in zijn geheel omwerkt of bekort, en op grond van talloze probeersels en varianten tot het best denkbare resultaat tracht te komen.[43]

Dat Cloete sélf ook dieselfde vers ter hand neem en daaraan skuur en verander, blyk byvoorbeeld uit die gedig 'loopskrif in 'n vakansiehotel' wat uiteindelik in 1986 in Idiolek verskyn. Die variant van hierdie gedig in gepubliseerde vorm verskyn in Mei 1984 in Ensovoort as 'Skoonskrif in 'n vakansiehotel'[44] Cloete varieer strofe 4 en strofe 6 in die tweede teks wat, myns insiens, 'n verbetering op die eerste teks is, en wat ook 'n ander nuansering van die semantiese segging van die gedig gee. "Skoonskrif" impliseer 'n berekende, sierlike wyse van skryf, 'n vaslegging ter wille van die sierlikheid of skoonheid daarvan; 'n gedagte wat onderskryf word deur die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



slotreël: "en staan waar dit daar **sierlik staan**". En dit is juis wat poësie nié is nie. Teks, poësie word geskep om sigselfswille onder die voorwaarde van die kreatiewe "omzetting" of transformasie van die invalle van buite en die eiesinnigheid van taal. En dit is die konsepsie wat in die tweede variant op meesterlike wyse gekommunikeer word.

### 3.3 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die kontoere van Cloete en Nijhoff se verseksterne poëtikas in reliëf gestel. Die belangrikste spilpunte waar rondom dié poëtikale opvattings geweef is, is opvattings (ooreenkomstig sowel as genuanseerd verskillend) oor die ontstaanswyse van die poësie, 'n bepaalde werklikheidsiening en die objektiveringsteorie. Ooreenstemmende poëtikale konsepsies oor die ontstaanswyse van die poësie sluit in: die opvatting dat invalle van buite aan die digter gegee word, die opvatting oor die selfaangedrewenheid van die gedig, inspirasie én tegniek as vereistes vir die voltooiing van die gedig, die drieledigheidskonsep as belangrike vormteorie en die siening van die gedig as outonome artefak. Aan die hand van gekose eksemplariese gedigte is die kontoere van Cloete se versinterne poëtika soos wat dit idiolekties manifesteer, op praktiese wyse blootgelê. Talle gedigte in Cloete se oeuvre reflekteer poëtikaliteit, maar daar is uit die aard van die saak gekonsentreer op voorbeelde wat die ooreenstemmende opvattings met dié van Nijhoff die duidelikste illustreer.

Die vergelykende aard van hierdie hoofstuk trag om die interaktiewe ooreenkomste (en verskille) met dié van gekanoniseerde Nederlandse voorgangers te beklemtoon. Dit hang saam met die doelwit wat in hoofstuk 1 gestel is, naamlik om insig te bekom ten opsigte van die historiese en stilistiese plasing van Cloete se werk. Hierdie hoofstuk bevestig die aanname dat Cloete, soos Nijhoff, dig vanuit 'n bepaalde Westerse poëtika-tradisie wat getipeer kan word as die poëtika van taaleiesinnigheid. Die implikasie hiervan vra 'n (her)besinnig oor Cloete se plek binne die Afrikaanse literêre tradisie, maar ook 'n (her)besinning oor die groepering van Afrikaanse digters binne die Afrikaanse literêre tradisie op grond van gemeenskaplike poësiekonsepsies.

0 - - - - - 0

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Aantekeninge by hoofstuk 3**

1. Ook die Franse digter Valéry toon byvoorbeeld 'n obsessionele preokkupasie met die ontstaanskwessies van 'n teks - vir hom is dit die wesenlike van die teks self. Dresden (1980:194) sê in die verband: "Wat wij van hem bezitten bestaat dan uit overblijfselen van een streng en superieur spel dat op zigzelf en alleen op zichzelf van eminent belang is. Nog sterker: dit spelen met mogelijke transformaties die beproefd zouden kunnen worden is de enige zuivere activiteit van de menselijke geest."

2. Dit is veral die ekspressiewe poëtika van Kloos en die Tagtigers wat Nijhoff in sy beskouings afwys. Geen liriese gevoelsuiting nie, want: "Een dichter schreit niet." (Nijhoff, 1982:285).

3. Die problematiese rondom die begrip blyk ook uit die aantal uitsprake wat verskillende outeurs maak rondom die kwessie; vergelyk veral ten opsigte van Nijhoff die uitsprake van Van den Akker (1985a:216-221), Berger (1979:143) en Bakker (1987:29-30).

4. Vergelyk ook Nijhoff (1982b:1064) se uitspraak: "het vreemde vrije zwaaien van mijn eigenmachtige hand zelfstandig schrijft, ik begin te merken dat hij zichzelf kant en klaar in de vorm uitdrukt".

5. Die drieledigheidsbeginsel of dan "poëzie als drietrapsraket" (Berger, 1979) hou ook verband met die drie vlakke (hemel, aarde en onderaardse) wat skering en inslag van Driepas is. Vergelyk ook hoofstuk 4 in dié verband.

6. Marsman (1925b:242) lewer die volgende insiggewende kommentaar:

> De poëzie-zelf uit en door het leven geformeerd, is ín zichzelf een levend organisme. Indien iemand het interne leven van gedichten nauwkeurig, of nauwkeuriger, wil leeren kennen, kan hij niet beter doen dan Nijhoff's critieken lezen: hun groote beteekenis ligt hierin, dat zij met dikwijls onnavolgbare scherpte het eigen-leven van het gedicht ontleden. Ik geloof niet, dat iemand in Holland het gedicht-als-zoodanig, het zelfstandige, autonome taalorganisme, het "ding-van-het-gedicht", zooals hij zelf zegt, dieper en vollediger begrijpt dan hij.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



7. De Jong (1979) bespreek ook hierdie skynbaar ekstreme outonomistiese opvatting van Nijhoff na aanleiding van Nijhoff se "persiese matjie-teorie". Volgens Jan Greshof sou Nijhoff die ideale waardering van 'n gedig vergelyk het met 'n persiese tapyt wat bewondering vir sy skoonheid uitlok as volkome onafhanklike artefak, sonder die minste kennis van sy maker en dié se lewensoortuigings of lewensomstandighede. De Jong (1979:109) waarsku dan tereg op 'n ekstreme outonomistiese interpretasie van dié teorie: "Want uiteindelijk is het zo: Nijhoff beschouwt het gedicht weliswaar als een autonome taalvorm die een van zijn maker om onafhankelijk bestaan als artistiek objekt leidt, maar diezelfde autonome taal-vorm blijft voor hem tevens funktioneren als een uitdrukkingsvorm van zijn maker." Nijhoff se teorie moet dus binne die **totale konteks van sy poëtika** geïnterpreteer word, naamlik dat die teks nog altyd deur middel van die kreatiewe werksaamheid van die digter tot stand kom, vir wie aanleg sowel as oorleg 'n vereiste is.

8. Van den Akker (1985a:247) som die kern van die metafisiese dimensie in Nijhoff se poësie op as hy sê: "Dit betekent dat, wanneer Nijhoff spreekt van een 'boven-aards' verband of een 'buiten-werkelijk' verlangen, dit niet gelezen moet worden als een gerichtheid op het Jenseits, maar als een gerichtheid op de werkelijkheid die metafysische dimensies krijgt."

9. Grové (1984:62) bespreek die gedig 'hechten hier beneden' (<u>Jukstaposisie</u>) en lewer die volgende kommentaar ten opsigte van Cloete se werklikheidsopvatting: "Maar wat Cloete se gedig óók sê, is dat die mens die werklikheid nooit volkome kan ontsweef nie. Hy is in die wêreld al is hy dan nie van die wêreld nie."

10. Vergelyk ook Nijhoff (1982b:506) se ander uitspraak: " Wij gelooven niet meer in een trance[n]dentalen God boven in den hemel, wij vertrouwen en bestaan niet meer in de mathematische resultanten der werkelijkheid. Het Koninkrijk Gods is binnen ons ..." Van den Akker (1985a:247) verklaar hierdie uitspraak soos volg: "Met andere woorden: de metafysische dimensie van het menselijk bestaan ligt verborgen of verscholen in, en niet buiten de werkelijkheid."

11. Eliot (1919:30) maak dié bekende uitspraak: "Poetry is not a turning loose of emotion, but an escape from emotion; it is not the expression of personality, but

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



an escape from personality. But of course, only those who have personality and emotions know what it means to want to escape from these things."

12. **Homosentrie**

> Die God van die lewendes
> is Hy, Hy laat hulle op 'n teerpad
> in 'n Mercedes Benz
> windglad seepgat
> tussen twee lane lang rooigras
> ongelukvry ry,
> Hy laat hulle in dorpies
> soos Kareedouw of Tarkastad
> woon, die God van die lewendes
> is Hy,
> hulle mag die lewe pynlik liefhê,
> Hy wat een vrou aan sewe mans
> gun het so gesê

13. Vergelyk Marsman (1925b:242): "In de scheppingsdaad léeft de kunstenaar met alle organen: hart en hersens, bloed en geslacht."

14. Dié verband sal later verduidelik word.

15. Dit sal in die loop van die bespreking nader toegelig word.

16. "Rêverieën" beskryf hy as "dag-dromen, waarbij - overeenkomstig de etymologie van het woord (Latijn: **re-ex-vagus**) - de menselijke geest zelfstandig en met een zekere intensiteit en herhaling lijkt uit te zwerven".

17. Vergelyk Cloete (1990:11) se uitspraak: "Die literatuur is ook niks anders nie as 'n glas waardeur jy kyk na die werklikheid."

18. In die hele afdeling 'Stokkiesdraai' (Driepas) word dieselfde verskynsel by Cloete aangetref - vergelyk as enkele voorbeeld gedig 'v':

> Van Gogh sit op my stoel toegevou
> en huil. Deur my hele liggaam sit ek
> hygend naas 'n cancanvrou
> bruisend in La Blanche Fleur
> met die gepootjiede Toulouse Lautrec.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



19. Die soldaat as prototipe van die digter, soos trouens ook die priester ("kloosterling") en die kunstenaar in 'De wandelaar' is as gestaltes 'n afskaduwing van Christus, wie se lewenstaak/roeping nie in diens van die self gestaan het nie.

20. Die tuiskomsgedagte duik verskeie kere by Nijhoff op. Die implikasie is dat skoonheid in die onmiddellike omgewing ingebed is, dat die stof vir die magiese omsettingsproses van die digterlike werkwyse in die eenvoudige dinge gesetel is. Dit is merkwaardig dat ook by Cloete dieselfde gedagte voorkom in die slotgedig van die bundel Driepas, met die veelseggende titel: 'tuiskoms'. Na al die digtelike omswerwinge kom die digter tuis op sy "grootword"-dorp en kom tot dié insig:

    ek moes van geboorte uit reeds weet wat ek later
    ontdek het, hoe ek op die koepel woon van 'n wonder

    want:

    ... daar is die Skepper vandag nog sigbaar naby
    al het Hy vroeër as vroeg al daar rond met 'n gróót vinger geborrel.

    God is dus ook in die eenvoudige omgewing naby, was nog altyd naby en sal altyd immanent in sy skepping teenwoordig wees.

21. Lees saam met hoofstuk 4.

22. Die teenoorgestelde is dikwels ook waar; die horison, die metafisiese, selfs die goddelike word dikwels gewaar (byvoorbeeld "het blauw verschiet" in 'De Jongen'), maar dan via die gewone werklkheid of vanuit 'n gewoon aardse perspektief. Die toeskouer deur die venster sien selfs soms dinge wat onbegrypbaar is en die dieselfde dimensies verkry as die onaardse, soos in 'Het veer' van Nijhoff waar daar ook sprake is van "lamplicht door een raam" en 'n "blik naar 't venster" om:

    te zien naar dingen die zij hoorde en zag
    **maar niet bevatten kon**, een trek van pijn
    om de vermoeide mond en van bevreemding.

23. Hierdie insigte is bekom van Cloete (1985b) gedurende honneurs-lesings aan die PU vir CHO.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



24. Die klassieke manifestasie van die teorie is 'Het uur U' in die krisismoment voor die militêre aksie.

25. Vergelyk 'De schrijver' waar daar spesifiek sprake is van "vogels met nieuwe tekst", asook 'De schrijver [2]':

> Telkens komen tusschen de wolken door
> vogels met nieuwen tekst tegen de ramen,
> en ik zit mij, onder mijn lamp, te schamen
> dat ik niet neer kan schrijven wat ik hoor.

Cloete gebruik dieselfde beeld om die invalle van buite te illustreer in die gedig 'voëls met nuwe teks' (<u>Idiolek</u>):

> vrou mier voël
> hulle dra dag en nag teks aan

26. Nijhoff (1970:320, my kursivering) maak die verseksterne uitspraak: "... is de samehang **langzaam** tot mij doorgedrongen". Ook in 'Impasse', 'n gedig wat reël vir reël metapoëties is, illustreer die gedig in die slotstrofe die **langsame groei** tot **plotselinge voltooiing.** Die gedig eindig met 'n paradoks. Die vrou as muse se antwoord op die digterlike problematiek van die kreatiewe impasse is: "ik weet het niet". Sy gee egter juis deur negasie 'n positiewe afsluiting, want daar is klaar 'n gedig en boonop 'n sonnet volgens die vereistes van die streng tradisionele vorm. Dit is relevant om daarop te let dat in hierdie gedig die variant "tuimelraam" voorkom; dit is 'n raam wat om 'n horisontale as kan draai. As tipe raam is dit dus 'n tradisioneel Nijhoviaanse beeld. Bakker (1987:278) interpreteer die spesifiek **tuimel**raam in hierdie geval as 'n versoening tussen twee werklikhede in poëtikale vorm, naamlik 'n aardse en 'n hemelse. Hy baseer sy argument op die feit dat die tuimelraam na beide kante willekeurig verwisselbaar en in 'n sin dus gelyk is. Dit klop dan met Nijhoff se filosofie ten opsigte van die gelykheid en gelykwaardigheid van twee uiterstes.

27. Vergelyk ook die titel van die vertaalde essays van Valéry (1987): **Wat af is, is niet gemaakt.** Wat vir die kunstenaar volgens Valéry, altyd voorlopig, onvoltooid bly, neem vir die leser definitiewe vorm aan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



28. Vergelyk die slotstrofe van 'Stories' (Jukstaposisie) ten opsigte van die gedig/taal:

> word wit op wit
> maar het 'n planeet
> in ons gehemelte versit,
> maanhelder, sterheet.

29. **Liedje**

> Achter de wuivende duinenlijn
> Stoeien de wind en de wilde zee.
> Wij liggen als gekamerd in den vreê
> Van blauwe lucht en zonnenschijn.
>
> Mijn oog drinkt uit uw oogelicht
> Gelijk een zomerbloem die bloeit
> Aan water dat de wind niet moeit.
> Het wordt een wonderbaar gedicht.
>
> In zwellende' ademtocht begint
> Der lange strofen teêr geheim -
> Dan roept de zee haar ruischend rijm,
> Dan fluit zijn hoog refrein de wind.
>
> Wij liggen als gekamerd in den vreê
> Van blauwe lucht en zonnenschijn.
> Achter de wuivende duinenlijn
> Stoeien de wind en de wilde zee.

30. Leopold beskryf die digterlike dromende denke in bykans dieselfde terme in die gedig 'Er komt mij in den zin':

> Een eenzame gedachte, opkomend langzaam
> bevend en dan aanzwellend totdat al
> mijn ziel vervult een eenzame gedachte

31. Die dwang wat die maak van poësie op die digter plaas spreek Cloete versintern in verskillende gedigte in sy oeuvre uit. Vergelyk byvoorbeeld die openingsreëls van 'Rotsode' (Jukstaposisie):

> Onderdanig gereed sit
> hy by sy tafel verplig
> hoe weet hy deur wie om oor dit
> wat hom voorgesê word te dig.

Ook 'Afflatus' (met die veelseggende betekenis van: metafisiese inspirasie) in dieselfde bundel spreek die opvatting eksplisiet uit:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die uitsprankelende heelal is
vol bevele bloed dra sy vrag
gehoorsaam rond molekulêre meganismes
word skrander beweeg die kosmiese genetiese opdrag

word nougeset gehoorsaam ...

Jooste (1989:104-106) gee ’n knap en uitvoerige bespreking van ‘tennisspeler’ (Idiolek), waarin die "spel" van buite aan die digter gedikteer word:

soos in die gedig kom
woorde polsknal
op hom
afgebal

32. Vergelyk byvoorbeeld ‘Het derde land’ (Nijhoff, 1970:104).

33. Marsman (1925b:243) maak die belangrike uitspraak: "Ik deel Nijhoff's inzichten over het interne eigen-leven van het gedicht volkomen."

34. Bakker (1987:407) sê oor Van Ostaijen en Nijhoff: "De dichters delen een bewustheid, eigenlijk een bewustwording, van de kreatieve kracht van het woord. Als er inderdaad één eigenschap is die deze twee dichters gemeen hebben, waarin zij opvallend van hun voorgangers verschillen en waarin zij de volgende generatie tot voorbeeld strekten, is het deze bewustwording."

35. Die gedig ‘tennisspeler’ kan ook hier as voorbeeld voorgehou word.

36. Vergelyk Brink (1968), Hugo (1986a en 1986b), Malan (1990) en Spangenberg (1990).

37. Die trilogie, ‘Die gedig is ’n refleks’, ‘Moer’ en ‘Komeet’ moet saamgelees word, want Cloete rubriseer hul saam onder die titel ‘Deelgenoot’.

38. Vergelyk ook ‘Wakker word’ (Allotroop): "Mooi drome woel om ons ’n hoos."

39. Cloete (in Le Roux, 1987:4) maak ook die ooreenkomstige verseksterne uitspraak: "Die meeste van my gedigte ontstaan baie vinnig, plotseling. Maar die afronding is stadig." Aan Coetzee (1983:13) sê hy: "Ek dink dit is ’n baie goeie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ding om 'n ding te skryf en hom te laat lê. Intussen werk hy in jou gees. Jy word ryper vir hom."

40. Die digter wat moeiteloos skryf, het die leser wat moeiteloos wil lees as eweknie. In sy bespreking van 'Impasse' wys Gouws (1988:345) op skerpsinnige wyse uit wat die vrou as leser se bepaalde leesverwagting in hierdie geval is: "Al is sy formeel opgelei om tipiese literêre elemente te onderskei, wil sy nie 'n swaar, intellektuele, moeilik verstaanbare gedig hê nie." Sy wil dus "moeiteloos lees" en op oppervlakkige wyse **klets** oor die voorkoms, aard en middele van die vers.

41. Vergelyk Cloete se transkripsieteks 'Leopold' (<u>Idiolek</u>):

> die ganse heelal
> is daar ter wille van 'n taalkristal.

Vergelyk ook Leopold se kwalifikasie van dié taalkristal wat tot stand kom deur middel van aanleg en oorleg, deur middel van die dromende denke. Gouws (1988:338) stel dit só: "Dit is die literêre teks: 'n leë latwerk, weefsel, 'web met open gaten', 'n tekstuele ruigte wat bind en saamhou, 'n verdigtingsbegin, 'n grys juweel, taalkristal." Dit is interessant om daarop te let dat ook Achterberg (1967:88) in die gedig 'Densiteit' die doelstelling van die digter in terme van die kristal verwoord:

> bevriezen van gevoel
> tot **taalkristal**,
> - het oude doel-

42. Volgens Sötemann (1987:200) is die strewe na "helderheid" 'n tipiese outonomistiese poëtikale konsepsie:

> ... het gedicht zeggen de aanhangers van deze opvatting, dient een maximum aan **helderheid** te vertonen. Dat is iets geheel anders dan eenvoud, simpelheid. Integendeel, deze dichters impliceren het enigmatische: 'een raadsel van kristal' zegt Valéry; 'heldere doorschenen oppervlakte' noemt Nijhoff het, 'van een geheimzinnige naaktheid van dictie'. Mij dunkt dat deze eigenschap geïmpliceerd is in Achterbergs gebruik van hetzelfde woord **kristal**, maar vooral is uitgedrukt in het beeld van de slotterzine, dat een fraaie evocatie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

geeft van kristalvorming: 'De symmetrie verstrakt. / Uit alle lijnen klimmen steile vlakken / tegen de nu gevonden evenaar'.

43. Sötemann (1984), sowel as Van Halsema (1989), wys op die talle koerantuit-knipsels, literêre tekste, sitate, los aantekeninge, notas en instruksies wat as brontekste geld, maar wat juis ook getuienis is van die moeitevolle "skuur" en "poleer" van die gedig.

44. **'Skoonskrif in vakansiehotel'**

ek sit en skryf by die lig beheers hier
in my vertrek en hoor die ritsel en kras
van my pen en van die papier
en tussendeur 'n geswem en geplas

ek sien deur my venster 'n ster uitbrand

jongmense wat in die aand in die water gier
en gil en die skerp lag verras
van 'n jongmeisiestem van plesier
'n orgasme onbeheerbaar op die terras

my pen staan styf luisterend in my hand

wanneer albei ontploffings bedaar
het kry die hand wat koud
geword het weer loop en klier en kwasar
soek daarin 'n nuwe behoud

klein, kosbaar en gaan aan en aan
en staan waar dit daar sierlik staan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 4

# "AFGEKYK VAN EN NAGEPRAAT NA": IDIOLEKTIESE "OMZETTING" VAN NEDERLANDSE TEKSTE

## 4.1 Inleiding

Cloete (1984a:21) onderskei in sy verseksterne poëtika, Wat is literatuur? tussen 'n aantal elemente waardeur die literêre kommunikasie voltrek word, naamlik deur middel van die formele taalelemente, sowel as literêr-konseptuele elemente, wat insluit gebeure, persoon of gestaltes, tyd en ruimte.

In hierdie hoofstuk word 'n lesing gemaak van die gesprek tussen Cloete-tekste en dié van Nederlandse voorgangerdigters ten opsigte van die konseptuele elemente as breë rubrisering. Cloete (1984a:61) se uitspraak word egter as uitgangspunt voorgehou: "Elke element in sigself is onvoltooid, omdat alle elemente ten opsigte van mekaar komplementerend is, en alle elemente gesamentlik loop op komplementerende dimensies uit." Dit wil sê, indien die loop-idioom onder die hofie "gebeure" bespreek word, is die komplementerende element die gestalte van die wandelaar of reisiger, en is die tyd-ruimtelike dimensie wat gedurende die omswerwinge verken word ewe relevant. Dié hoofstuk moet dus ten spyte van die rubrisering as 'n eenheid gelees word. As gevolg van die konfigurasie van literêre elemente is die taalelemente (die ritme, die taalklank, die semantiek, die sintaksis en die woordbetekenis) medekommunikatief in die totale kommunikasie van die literêre werk. Hierdie taalelemente word gevolglik nie onder 'n aparte hoof bespreek nie, maar waar relevant, geaktualiseer.

## 4.2 Gebeure

Gebeure word in navolging van Cloete (1984a:59-62) as 'n omvattende begrip hanteer wat alle handeling of diskursus in die vorm van verhaal, intrige, temas, motiewe, strekking en dergelike insluit. Daar is twee belangrike manifestasies van literêre gebeure wat uitgesonder kan word vanweë die prominensie daarvan, maar ook as gevolg van die ooglopende ooreenkomste wat uitgewys kan word met gebeure in die digkuns van Nijhoff, sowel as Leopold, naamlik die **loop**-kode (met **reis** en **dans** as variante) en die verskynsel van die **spel** in die poësie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 4.2.1 Die loop-kode in die poësie van Cloete en Nijhoff

Wie ver reis, kan heelwat vertel.
- Nederlandse spreekwoord

There is only one journey, and
that is inward, towards the self.
- Henry Miller

#### 4.2.1.1 Vertrekpunt

Die gestalte van die digter as wandelaar/reisiger is geen onbekende in die wêreldliteratuur nie. In die Bybel neem die "wandelende Jood" dikwels 'n prominente plek in: Abraham, Moses, Paulus tot by Jesus wat die aarde bewandel het in die gedaante van die swerwer.[1] In die Afrikaanse poësie is die digter as voetslaner geen onbekende nie. Sedert Sestig is dit egter nie meer Van Wyk Louw (1981:49) se "hoër, kouer paaie" ('Opdrag') wat bewandel word nie, maar is dit 'n op pad wees van 'n nuwe geslag wat op gewone aardse weë wandel. Ingrid Jonker (1975:29) spreek trouens reeds as vroeë Sestiger in die gedig 'Opdrag' die versugting uit:

Wees jy die pad waarlangs ek weer
kaalvoet oor die dubbeldorings loop
na waar die varing en die varkblom bloei
- die gousblom kranse oor die velde knoop ...

Antjie Krog (1970:12) skryf sommer 'n "kaalvoet gedig" ('Ma'), terwyl Wilma Stockenström (1984:9) die mens/digter beskryf as "naglopers .../ met oë op die voete in 'n wêreld van stof/ tot stoflikheid in ewigheid gedoem".

Hierdie is enkele, willekeurig gekose voorbeelde van die loop- of pad-idioom in die Afrikaanse poësie, 'n kode wat voortstap in die poësie van T.T. Cloete en 'n kulmineerpunt bereik in sy vyfde bundel Driepas. Met die loop-idioom as belangrikste tematiese gegewe in die bundel sluit Cloete egter nie net aan by 'n Afrikaanse literatuurtradisie nie, maar ook by die Nederlandse literatuurtradisie in die algemeen, en by die digter Nijhoff in die besonder. De Vries (1980) noem Nijhoff "wandelaar in de werkelijkheid", want ook in Nijhoff se oeuvre gaan dit gestaltematig en tematies om die beweeglike, die reisvaardige. Nie alleen heet Nijhoff se debuutbundel De wandelaar nie, maar die belangrike epiese gedig 'Awater' (Nieuwe gedichten) stel die motto: "ik zoek een reisgenoot". Teen die slot van die gedig word gesê die trein

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vertrek "op het voorgeschreven uur". Volgens Barensen (1981:236) is die "reisgenoot" 'n bekende sprokiesmotief by onder andere Anderson, en Spillebeen (1981:307) wys op 'The waste land' van T.S. Eliot en James Joyce se Ulysses wat in 'Awater' meespeel. Ook Nijhoff sluit dus op sy beurt aan by die literêre tradisie van die reis- of loop-idioom.

Indien die lemma "wandelen" in Van Dale (1984) nageslaan word, is die talle Bybelse verwysings en simboliek opvallend. Wandel of loop word dus nie net as 'n fisieke aktiwiteit bedoel nie, maar moet veral as 'n geestelike of simboliese handeling geïnterpreteer word. Ten nouste hiermee saam hang die opvatting dat die mens (dus ook die digter) per definisie 'n reisiger is. Sy hele lewe is 'n reis - van die wieg tot aan die graf.

**4.2.1.2 "Het leven is een vreemde reis" - die digter as lewensreisiger**

"Het reisvaardige, het vertrekvaardige, het was een essentieel kenmerk van Nijhoff," is Donker (1954:47) se belangrike uitspraak; 'n uitspraak wat ook sonder meer op Cloete se digkuns van toepassing gemaak kan word. Schrijvers (1984:39) bevestig hierdie opvatting met die volgende stelling:

> Het leven van Nijhoff kan men beschouwen als een reis door verschillende werelden: de eerste wereld van de concrete werkelijkheid; alleen wie daaruit weet weg te sterven, kan de tweede wereld van de verbeelding binnengaan, die door de tweede, 'eigenlijke' dood overgaat in een derde, trancendente wereld aan gene zijde. De overgang van de tweede naar de derde heeft hij naar mijn mening symbolisch aangeduid, aan het slot van 'Het veer' en 'Awater'. Zijn eenzame wandeling bezong hij zelf in 'Het derde land'.

Loop of reis as dwingende tematiese gegewe is dus 'n belangrike gemene deler in Cloete sowel as Nijhoff se oeuvre, en het gevolglik spesifieke implikasies wat op albei van toepassing is. Indien die loop-kode ondersoek word, is daar 'n aantal fasette wat aandag verdien: die doel waarom geloop word, die vertrekpunt en die rigting van die loop, die ruimte waarin geloop word en die wyse waarop geloop word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Waar daar sprake is van die gestalte van die digter as 'n reisiger of voetslaner impliseer dit 'n **regop, beweeglike**[2] **figuur**; 'n ontdekkingsreisiger wat met verskerpte sintuiglike belewing homself vervreem én vertroud maak met sy omgewing. Wie staties en omgewingsgebonde bly het 'n beperkte scala van ervaring. Benewens die reislus van die gees, het reis in essensie alles te make met lewe: nuwe lewe in die verte. "Het lewe is een vreemde reis," is Nijhoff se uitspraak in 'Het schip', sowel as in 'De jongen'. Dit sluit in die dood as 'n laaste reis: "... een overtocht van het land hier naar een gebied in de diepte, in de hoogte, in de verte; van de plaats hangt het af of men erheen moet trekken of heen wordt gevoerd" (Fens, 1991a:171).

Die digter as voetslaner het dikwels ook die implikasie dat hy "**voorloper**" is[3] ; dat hy as sinsoekende ontdekkingsreisiger die volle register van menslike belewing[4] sinmakend kan verwoord en opteken: temas soos die mens se verhouding met sy medemens en die natuur, sy soeke (of afwys) van God of die goddelike, sy belewing van die liggaamlike/erotiese en sy hantering van die dood. Barensen (1981:244-245) wys byvoorbeeld daarop dat die reisiger, Awater, in Nijhoff se gelyknamige gedig ook geïnterpreteer kan word as 'n dubbelganger; iemand in wie die digter projekteer wat hyself sou wil en moet doen:

> Zo geloof ik dat we kunnen stellen: Awater is de medemens die inspireert, opnieuw moed en bezieling geeft in een vastgelopen situatie, kortom die datgene doet wat de dichter zelf ook voor zijn medemensen, zijn volk, zou willen doen - en, de lijn doortrekkend, de ene mens ook voor de ander.

By Cloete kry die loop-idioom ook 'n **religieuse diepgang**. Reeds in Idiolek het hy in 'Jesaja' die versugting uitgespreek: "Ek moet U uitvind," en hiermee die essensie van sy digterskap kernagtig saamgevat. In 'prospekteer' in die bundel Driepas word die **doel** van die reisiger eksplisiet geformuleer:

> **ek bly reis bly soek**. Hy die Here
> is gekamoefleer, gediversifieer,
> oneindig eindeloos meer
> mega- as enkelvoudig geformuleer.

God se (vir Cloete) wonderlike aarde is en bly die **vertrekpunt** van die reis en die soeke na God. Vandaar dat Cloete (soos trouens ook Nijhoff) op reis is in die gewone werklikheid[5], in die natuur, in die kombuis, in die taal, in die spore van voorgangerdigters, om sodoende God se "vingerpatrone" raak te sien. Cloete se

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



versugting eggo ook Job se smagting om God te ontmoet en met sy eie oë te sien (Job 23:3, 19:27). Die merkwaardige is dan dat God Homself aan Job openbaar, deur hom op **'n reis** deur die natuur te neem (Job 38 en 39) - 'n reis wat ook 'n verkenning van die aarde en die wondere van die natuur insluit. Job 42:5 gee Job se reaksie en sy uiteindelike insig: God is alomteenwoordig en ín alles; daarom is Hy toeganklik. Dit bly egter die mens se verantwoordelikheid om op reis te gaan met die doel om God in sy meervoudigheid en alomteenwoordigheid te soek, en, soos Job, inderdaad te aanskou. Die mens is beperk ten opsigte van tyd en ruimte. Dit het 'n onvermoë om God in totaliteit te sien tot gevolg. Cloete spel hierdie opvatting uit in 'alle dinghe bounding line' (Idiolek), 'n gedig wat terugspeel op Nederlandse tekste van die Middeleeuse digteres, Hadewijch, waarin sy die veelheid van dié "alle dinge" beskryf:

God is poliglot ongemeet
en oral onbepaal
ék moet baie goed weet
waar ek my bevind
in tyd en ruimte en in watter taal
ek moet my aan grense en isoglosse verbind
só lank en sóveel breed

.....
God gaan buite my sy gang
groot en vanuit my oog gesien meer
in die ligte wat hy eindeloos ophang

Die kernidee wat in 'n ander gedig 'Die wonderlike liggaam' (Driepas) uitgespreek word, is dat die mens reeds vanaf geboorte deel het aan die goddelike élan:

... in die voet is reeds 'n verlange na swewe
ekstaties ingebou en slegs die hak en die tone maak
spoor op ons aarde, die brugboog is reeds verhewe.[6]

Die mens wat gegenereer is uit stof, **loop** met sy toon en hak in die stof, en tog is daar 'n vertikale gerigtheid. Gouws (1990:44) vestig die aandag op die simboliese verband van die koepel, boog of gewelf met die klawer en noem die "konkawe krul" 'n oeuvrekode. Die mens/digter word dan ook in sy bevoorregte (gewelfde) staat voorgehou, maar hoewel hy reeds op aarde deel het aan hierdie Goddelike élan, kan die mens/digter die volmaakte nie peil nie, slegs ten dele verken. In die gedig 'tristetrahedronis' (Driepas) sê hy dit só:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Onse Vader, omdat ons U wil begryp, beperk
ons U tot ons afgekoepelde hemel, U wat ook woon
buite u holte oral waar u werke is en U wat werk

oral waar U woon, U die getripleerde trigoon.

God as drie-enige is dus op drieërlei wys in die heelal teenwoordig: in die hemel, die aarde en onder die aarde. Die komposisie van die bundel Driepas is 'n neerslag van hierdie "getrigleerde staat". Vandaar dat Cloete in 'n onderhoud met Kruger (1990:11) verklaar: "Ek sê vir hulle hulle moet Driepas van agter af lees, begin by die goddelike!" Die slotafdeling met sy drie onderafdelings, 'Trigloop', 'Nou en dan' en 'Stokkiesdraai' handel inderdaad oor die essensie van die menslike bestaan: die onvermoeide soeke na God wat in sy skepping ingebed is, die rustelose ontginning (prospekteer) van die ganse universum om daarin die "groewe van die oorspronklike Hand" te ontdek. Die implikasie is dat daar egter nie net binne 'n aardse ruimtelikheid gereis word nie, maar dat ook die hemelse sfere verken word (soos in 'Hemelvaart'). Omdat God "meester van die kuns van kamoefleer" is ('Paddaman'), bevind Hy Hom ook in sy "onderwatertuin waar oranje sterre floreer". Hierdie tuin word beskryf as:

... 'n hemel waar U

U kleurryk en versteek slegs vir avonturiers gedra
in vorme wat groots verbeel is, speels en slu ...

Die loop en dans, die pendel en reis van die digterskap is dus alles te herlei na die oerbeweging van die kosmos waar alles wentel en draai volgens die ritme van die heelal; tot 'n Primum Movens. Cloete formuleer dit só in 'onderhoud': "'n primitiewe wiel/ volgens God se model gerol". Van der Leeuw (1930:9)[7] wys op die dans as 'n lewensfunksie wat ten nouste verband hou met die uitinge van die menslike gees. Volgens hom is dans die oudste taal van die mens, want dit spreek van die groot geheimenis van beweging en teenbeweging: "de beweging, die gaat van deze aarde tot God en de beweging, die van God uitgaat naar deze aarde".[8]

Cloete verwoord hierdie konsep op digterlike wyse soos volg in 'Mercury' (Idiolek)

... Om onder my
die vreugde te mag voel
van die aarde wat draai
soos 'n reusespoel

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van 'n wewer is ek begenadig
om deel te mag hê
aan die vuur van Prometheus
en die Primum en Perpetuum Mobile.

God is die ewige beweging deur tyd en ruimte heen en om iets van hierdie bewegende God te kenne te kom, moet die mens en ook die digter onvermoeid aan Hom dink: "Ek moet onverpoos bly oorweeg." ('Infinitief' Driepas). In 'Sunday blues' (Driepas) formuleer hy dieselfde konsepsie:

Laat ons suksessief dink aan U,
soos asemhaling, aaneen, onafskeibaar,
U wat selfs in u rus bly voortstu
sewe maal sewe dae, U wat onbedaar
bly pols, soos 'n hart se klop kontinu.

Naas die religieuse motivering vir die reisgegewe, is reis soms vir die digter 'n **essensiële lewenshouding**. Volgens Donker (1954: 47) word hierdie ingesteldheid veral by Nijhoff gevind, en dieselfde kan myns insiens van Cloete gesê word. Die **wyse** waarop geloop word, word dus grootliks daardeur bepaal. Geluk is om die aarde te bewandel - dit is die konsep wat in 'Bereken die geluk' verwoord word:

... **Loop** laaistoknek
**loop** gelukkig, **loop** laggend, **loop** berekend.

Hierdie versreëls eggo ook 'n ander Nederlandse teks, naamlik die gedig van A. Roland Holst (1982:209-210) 'De ontkomen zwerver':

mij lokt alleen het vreemde leven
**lopende, lopende ...**

en

Ik voel mij weer gelukkig worden
**lopende, lopende ...**

Teenoor die berekende geluk word die klein, toevallige geluk gestel, en ook dít is geleë in die doellose rondslenter op die aarde. Die vreugde wat die digter het aan God se aarde en die medekunstenaars wat dit ook eens bewandel het, word uitgespel in 'Goeie aarde' (Driepas) as hy sê: "Ek kan onmoontlik sonder die aarde bestaan."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Om saam te vat: die mens (ook digter) as lewensreisiger is by Cloete, sowel as by Nijhoff, 'n belangrike tematiese gegewe. Daar is by albei 'n reis/loop deur die konkrete werklikheid. Die belangrikste verskil ten opsigte van die loop- of reis-kode setel in die abstrakte niveau waarin gereis word. By Nijhoff is daar, volgens Schrijvers (1984:39), 'n derde transendente wêreld waarheen gegaan word en wat in 'n groot mate simbolies geïnterpreteer moet word. In Cloete se digterskap setel die loop- of reisgegewe in 'n groot mate in die religieuse. Dít bepaal gevolglik die doel, die vertrekpunt en die rigting van die reis, die ruimte waarin gereis word en die lewenshouding van die reisiger.

In die gedig 'God die digter' (Cloete, 1989:49) word dié opvatting uitgespreek: "die aarde is deur 'n digter gemaak". Waar daar sprake is van digterskap kom taal noodwendig aan bod. In navolging van God as die eerste digter én die Primum Movens, kan die digterskap dus ook in 'n sin gelyk gestel word aan 'n loop in taal.

**4.2.1.3 "'n ander haglike soort oorloop" - die loop in taal**

Die verband tussen loop en digterskap, loop en taal, kom dwarsdeur Cloete se oeuvre voor, maar kan die duidelikste geïllustreer word aan die hand van die bundel Driepas. Die bundeltitel dien bykans altyd as komposisionele stramien in Cloete se digterskap - Driepas is geen uitsondering nie. Die titel van die bundel is saamgestel uit die woordkomponente **drie** en **pas**. Binne die Christelike tradisie, waarbinne Cloete hom situeer, dui drie op 'n volmaakte getal, asook op die Drie-eenheid. Op semantiese vlak beteken "drie-eenheid" letterlik " eenheid van drie in een" en dit gaan inderdaad in die bundel om die saamsien "binne een verbeel" ('Paddastoeltuin') van die veelheid van skeppingsdinge: die sinvolle samehang en ordening van 'n verskeidenheid woordelemente, beelde, temas, gedigte en gedigvorme binne een bundelverband.

Afgespits op die digterskap hou die driedeling wat die bundel kenmerk waarskynlik verband met die drieledigheidskonsep in Nijhoff se oeuvre: die sogenaamde "derde land", die land van die digterskap wat ingegaan moet word. Nijhoff verwoord hierdie konsep versintern in die gedig 'Het derde land', 'n gedig waarin ook die gestalte van die wandelaar/reisiger figureer. Dié singende figuur gaan ten slotte die land van die digterskap in waar hy nie weet wat op hom wag nie. Om hierdie land te betree, moet daar egter wegbeweeg word van die self. Dit word meesterlik geïllustreer deur die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

alleenstaande slotreël waarin die voornaamwoord "ik" weggelaat is. Nijhoff se drieledigheidsteorie van een vorm en twee inhoude, soos uiteengesit in hoofstuk 3, moet ook hier in verband gebring word.

Die drieledigheidskonsep in Nijhoff se oeuvre manifesteer byvoorbeeld ook in 'Awater' op komposisionele sowel as konseptuele vlak. Dié gedig toon 'n duidelik drieledige konstruksie: 'n proloog, ses strofes en 'n epiloog. Spillebeen (1981:313) wys ook daarop dat Awater as literêre gestalte drievoudig gekonstitueer word en konstateer: "gedrieën vormen ze de hele Nijhoff uit deze periode". Awater is naamlik tegelyk 'n individu én 'n kollektiewe gestalte wat Nijhoff se gemeenskapsvisie beliggaam. Hy is terselfdertyd ook digter wat "dit werk" wil skryf en in die openingsreëls die "allereerste gees" aanroep.

As eerste komponent van die bundeltitel, Driepas, het "drie" dus duidelik betrekking op die digterlike werkwyse en kan selfs teruggevoer word na die driedeling: digter - werklikheid - taal/gedig. Skering en inslag van die slotafdeling, 'Klawer', is die loopgegewe en die **pas** wat ingeslaan word in die verkenning van en soeke na die Goddelike. Die saamgeperste titel van die eerste onderafdeling, 'Trigloop', trek op kriptiese wyse die bundeltitel en selfs die inhoud in hom saam. Die eerste woordkomponent "trig" is afgelei van die Griekse woord **treis** wat dui op die volmaakte getal drie, by implikasie dus op God. Cloete (1989:160) verwys self ook na God as " die getripleerde trigoom".

Belangrik is egter ook die tweede woordkomponent, naamlik "pas" wat moontlik verwys na 'n dans- of looppas, maar ook op die wyse waarop en selfs die snelheid waarteen geloop word. Die WAT ken die volgende betekenisse toe:

> 1. Pas van drie, 'n dans, veral gekenmerk deur drie passe in elke beweging, soos een waarby die een been vooruit geplaas, die ander been bygetrek, die eerste weer vorentoe gesit en die beweging herhaal word m/d ander been eerste. 2. (argit.) Geometriese motief van maaswerk in venstertoppe, nisse, friese, ens., veral i/d Gotiese boukuns, gevorm n/d patroon van 'n klawerblad wat ontstaan as drie mekaar rakende sirkels, beskryf uit die hoekpunte van 'n gelyksydige driehoek en omskryf deur een groot sirkel, se segmente tussen die raakpunte weggeneem word; drielob.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Op grond van die leksikale betekenis van die woord kan die stelling gemaak word dat dit in die eerste plek gaan om ’n besondere **eiesoortige manier van loop of dans**, of dan ’n loop volgens **eie pas**. In die tweede plek is die maaswerk veelseggend: maaswerk verwys na breiwerk of netwerk met wol en gaas of stopwerk - ’n aktiwiteit wat assosiasies lê met **weef**, Latyn **texere**, dus die etimologiese oorsprong van **teks**. Loop en teks, wandel en gedig, selfs dans[9] en liriek het dus op grond van die titel alles met mekaar in gemeen. En dit is nie vergesog om die afleiding te maak dat die "eiesoortige" manier van loop, ook gelees kan word as "eie-soortig". Om op eie-soortige wyse of pas te loop, eggo dus ook die betekenis van "idiolek" (eie idioom, eie dialek), dit wil sê om op eie-soortige wyse te loop, dus te dig in taal.

Paul Klee se uitspraak in verband met die skilderkuns: "To draw is to take a line for a walk," kan in gewysigde vorm op die digkuns van toepassing gemaak word: "To make a poem is to take a word for a walk." Trouens, Cloete verwoord hierdie idee self in ‘Oorloop’:

> die kosbaarste poësie
> - dit is ’n ander haglike
> soort oorloop - ...

Cloete loop met die woord én loop die woord oop. Donker (1954:48) bevestig hierdie faset van die loop-kode by Nijhoff as hy daarop wys dat Nijhoff ook **reisiger in taal** is. Die skryfproses kan dus eerstens op metaforiese wyse gelyk gestel word aan ’n loop in taal. Die versreël: "dit is ’n ander haglike soort **oor**loop", kan waarskynlik op letterlike wyse in die tweede plek teruggevoer word na die grensoorskryding waarvan in hoofstuk 1 melding gemaak is: ’n loop in taal oor die grens van die eie oeuvre heen om die oeuvres van voorgangerdigters te verken. Die neerslag van hierdie soort "oorloop" is dan die idiolektiese "omzetting" van Nederlandse tekste, of, meer ooglopend, die transkripsie van Nederlandse tekste binne eie oeuvre-verband.

In die bundel <u>Idiolek</u> maak Cloete ’n aantal tekste tot transkripsie (onder die rubrisering ‘Transkripsie’). In die gedig getiteld ‘Nijhoff’, word die Nijhoff-gedig met die veelseggende titel, ‘Levensloop’, tot transkripsie gemaak. Dit lui:

> dit is goed dat mens vereensaam raak
> oud word alleen aan ’n tafel bly sit
>
> werk met vermoeienis en teensin
> en tot aan die einde staan voor ’n leë begin

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in onvrugbare aarde moeisaam bly spit
ter wille van gedroomde pooltogte wat gedigte maak

Die laaste drie strofes van die Nijhoff-teks lui soos volg:

Moest ik tot zoo 'n verlatenheid geraken:
Oud worden, aan eenzame tafels zitten,

Werken, om 't werk niet, maar om tegen 't zwijgen
En twijf'len argumenten te verkrijgen,

Het hart tot de onvrugtbare plek omspitten,
Pooltochten droomen en gedichten maken?

Cloete se gedig is byna 'n woordelike transkribering van die Nijhoff-teks. Dit is seker nie toevallig dat Cloete juis hierdie spesifieke teks kies vir sy digterlike "omzetting" nie. In albei gedigte word ooreenstemmende versimmanente poëtikale uitsprake gemaak; opvattings wat Cloete opnuut in sy transkripsie aktiveer. Die eensaamheid van die digter word beklemtoon, 'n lewenshouding wat telkens by Nijhoff aangetref word, soos byvoorbeeld: "O eenzaam schrivertje in het raam" ('De twee nablijvers') of "Mijn eenzaam leven wandelt in de straten" ('De wandelaar'). Die versreël: "en tot aan die einde staan voor 'n leë begin", van die Cloete-teks aktiveer terselfdertyd 'n ander Nijhoff-teks, naamlik die slotreëls van 'Memlinc' (Nijhoff, 1970:98):

Dit is geen einde nog, maar
Een voorgoed begonnen begin.

'n Moontlike kerngedagte wat in hiérdie gedig uitgespreek word, is dat die digter homself tussen twee wêrelde bevind - 'n hemelse, die wêreld van God en die gewone werklikheid, en daartussen loop hy. Ten slotte word die gedagte geopper dat die digter na daardie twee wêrelde wat buite homself lê, moet luister, en nie na homself nie. Die oorsprong, die skeppingskrag lê dus buite die self.

Die beeld van die digter wat in onvrugbare aarde bly spit, bevestig die poëtikale nosie dat die digterskap ook moeitevolle oorleg/arbeid insluit. In die slotreëls van albei die gedigte word twee kernkomponente aangetref wat essensieel geag word om gedigte te

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kan maak, naamlik die **loop/reis**-kode ("pooltogte", ontdekkingstogte) en die getransponeerde **visuele** ("gedroomde" - dus in hierdie geval 'n beskoulike **kyk**).

Deur middel van die transkripsie of digterlike "omzetting" gee Cloete dus enersyds sy eie perspektief op Nijhoff se digterskap deur sekere fasette daarvan uit te sonder, en andersyds modelleer hy ook eie poëtikale sienings op grond van die ander digter met wie hy 'n besondere verwantskap voel. Deur middel van die talle knooppunte aan Nijhoff-tekse wat hy in sy eie transkripsie oproep, versterk hy boonop die verband.

In die slotafdeling van die bundel Driepas, getitel 'Stokkiesdraai', identifiseer die digter hom met die doelloos rondslenterende student en gaan hy, soos Nijhoff se wandelaar in die titelgedig van De wandelaar, op 'n kultuurreis waartydens hy Westerse stede, kuns en kultuurgoed verken:

> Aan my kielievoete eeue gelede
> pas die skoene van 'n flanerende vagant
> wat met Reims en baie ander stede
> van die ou wêreld goed bekend
> is, wat loop van land tot land

Soos Nijhoff se wandelaar identifiseer die spreker hom met figure uit voortye: ontdekkingsreisigers, amokmakende studente, kloosterlinge, kunstenaars en digters.[10]

Bolhuis (1980:28) lig die opvallendste motief in 'De wandelaar" uit as dié van daadloosheid; 'n instelling wat korreleer met dié van die "flanerende vagant". Spillebeen (1977:13) se uitspraak kan ook ter stawing aangehaal word: "een wandelaar wil nergens aan ontsnappen, hij wandelt en heeft eigentlijk geen doel; hij moet nergens zijn. Wél is hij meestal een zintuigelijk bewust mens. Nijhoffs wandelaar is dit zonder twijfel."

In hierdie verband dwing ook 'n nagelate gedig van Leopold (1990: 64) hom aan die leser op:

> Ik ben een zwerver overal,
> een doler en een vagebond
> en een, die uit zich zelf geen pad,
> geen omkeer en geen uitweg vond.
>
> Ik ben een napraatpapegaai,
> ik ben een open spiegelrond
> des Eeuwigen gesproken woord,
> het hapert in mijn stamelmond.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Van hierdie gedig sê Middag (1990:68) dat dit wesenlik gaan om die lewensles dat iedereen ’n gebrekkige napraatpapegaai is, wat nie anders kan as om homself te herhaal, ander na te praat en uiteindelik die antwoord op die wesenlike vrae skuldig te bly nie.

Algaande lewer Cloete in hierdie afdeling van Driepas op speels-ernstige wyse kommentaar, sodat die afdeling soms die eienskappe van ’n Middeleeuse volksboek vertoon. Veral gedig ‘X11’ hou teenoor die speelse geestigheid van sommige voorafgaande gedigte ’n ernstige lering in, en dit is ook geen wonder nie, want dié gedig is ’n ooglopende "omzetting" van ‘Reysen’, ’n sestiende-eeuse teks van die godsdienstige digter, Revius (in Smit, 1930:74). Die Cloete-teks word vervolgens gegee en daarna dié van Revius.

Wat batet veel gereyst in landen wijt-gelegen
[reyst niet ter plaetsen daer gij sotte dingen siet]
zo ghy niet in en gaet des Heeren smalle wegen?
Wat batet te besien soo menich schoone stad
[wacht u en vervremt van uwen Schepper niet]
soo ghy het hemelrijck int herte niet bevat?
Archipoeta gaan met Carmina Burana op pad.

Reysen

Wat batet veel gereyst in landen wijt-gelegen
Soo ghy niet in en gaet des Heeren smalle wegen?
    Wat batet te besien soo menich schoone stat
    Soo ghy het hemelrijck int herte niet bevat?
Wat batet dat ghy roemt van velerhande spraken
Indien des Geestes tael u niet en can vermaken?
    Wat batet dat ghy weet, en vele daer van cout,
    Hoe hier of daer een weirt sijn gasten onderhout
Indien ghy niet en weet hoe dat ghy moet onthalen
Dien gast die in u siel comt vanden hemel dalen?
    Reyst vry ter plaetsen daer ghy vremde dingen siet,
    Maer wacht u, en vervremt van uwen Schepper niet.

In die Cloete-teks is daar sprake van permutasie of verandering van volgorde tussen sinne (versreël 2 en 5), sowel as van herhaling of repetisie (versreël 1, 3, 4 en 6) en toevoeging of addisie (versreël 7). Die merkwaardige van die Cloete-teks is die feit dat Cloete steeds in dié gedig die rymskema van al die gedigte van die afdeling getrou bly, naamlik abacbcc. In hierdie gedig identifiseer die digter hom in die slotreël met Archipoeta of dan die aardsdigter, volgens Van Gorp et al. (1986: 432) pseudoniem van ’n digter uit die gevolg van die aartsbiskop van Keulen in die middel van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



twaalfde eeu. Sy Vagantenbiecht is opgeneem in die grootste bundeling van vaganteliedere, naamlik die Carmina Burana (ca.1200). Van Gorp et al. (1986:432) beskryf "vagantenliederen" soos volg:

> (Lat. vagari = rondzwerven). Verzamelnaam voor de 12de en 13de-eeuwse, meestal anonieme en voornamelijk in het Latijn geschreven liederen en spreuken van de zgn. vaganten. Volgens de traditionele (romantische) opvatting waren de auteurs aan lager wal geraakte studenten of clerici, die al drinkend en klaplopend rondtrokken en daardoor aan de zelfkant van de maatschappij leefden, die ze met een kritische blik bekeken. Zij schreven liederen rond het ‘carpe-diem’-thema over de liefde, de wijn en het gokspel; verder ook scherpe hekeldichten [...] Onder de auteurs bevinden zich zeker heel wat gevestigde intellectuelen, geestelijken, professoren, hofdichters. [...] Naast de thematiek kan nog als kenmerkend voor deze poëzie aangehaald worden: de reminiscenties aan de antieke mythologie en voor al het hoge vers-technische niveau.

Die titel van hierdie afdeling bevestig die "**loop-in-taal**"-kode, want naas die leksikale betekenis van "skelm uit die skool wegbly", het dit ook ’n tweede moontlike betekenis (of in Nijhoff se terme, tweede inhoud): "stokkies" kan naamlik verband hou met ’n pen of ’n skryfding[11], terwyl "draai" verwys na die skryfaksie[12]. Dit gaan dus in hierdie afdeling, soos trouens in die hele bundel, om loop en die draai/draal/drentel in taal.

Die konsep dat die digproses in wese ’n loop in taal is, manifesteer by uitstek in die gedig ‘loopskrif in ’n vakansiehotel’, waar die digterlike procédé in terme van die loop-kode opgesom word met, as grondslag, ’n definitiewe poëtikale nosie. Vanweë die kreatiewe energie en die eiesinnigheid van die taal moet die digter "gaan waar de woorden gaan", om weer eens Fens (1979:16) aan te haal.

Loop-in-taal het ten slotte ook vanweë die dinamiese aard daarvan betrekking op die gedig sélf. Cloete (1984b:18) maak die volgende belangrike uitspraak in dié verband:

> ’n Wonderlike prosesmatige verskynsel of aspek van die dinamiek van die gedig is dat hy **duur** het. ’n Duur wat voortduur. Soveel kere as wat ek die gedig lees, duur hy, omdat hy ’n dinamiese struktuur is. Ek kan sy duur herhaal. Hy loop nie af nie. Verder word mens verwonder deur sy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

paradoksale dinamiek: hy beweeg, maar in ’n vaste raam. Hierdie twee: ’n proses, in ’n raam, is een van die wonderbaarlikhede van die gedig. Die een hef die ander nie op nie.

Samevattend kan dus gesê word dat die loop-in-taal-gegewe die volgende insluit:

— ’n loop in God se "spore" om ná te skryf in taal;

— ’n loop volgens eie pas, dus ’n skryf volgens eie idiolek;

— die skryfproses op sigself impliseer ’n loop in taal; ’n verkenning in taal, binne die grense van die eie oeuvre, maar ook in die oeuvres van voorgangerdigters;

— die gedig self het eie dinamiek/loop/duur; en

— vanweë die kreatiewe energie van taal neem die gedig sy eie loop.

### 4.2.1.4 ‘leeglê’ en loop

In die gedigtepaar ‘leeglê’ en ‘ledigheid’ (Driepas) word die verskillende fasette van die loop-idioom in Cloete se digterskap geaktiveer. Terselfdertyd kan die verwantskap met Nijhoff ten opsigte van poëtikale nosies, sowel as konseptuele elemente, deur middel van hierdie gedigte as voorbeeldtekste bevestig word. Die gedigte lui só:

**leeglê**

ek loop deur die eerste asuur
en kyk op hallel en sing
die son nuut en witblind
ek loop my kosbare duur
voet vir voet ’n vreemde ding
word die wolk word die wind

word die straat ek gaan draal
in die nuwe bekende uithoek
oor sy brûe in sy strate lewe
met oorleg en beoefen my asemhaal
geraffineer ek gaan soek
God lewend en leef oordrewe

ek ruk my reg
en bestaan fyn ek spu teen die geweer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en vlug die geluk is ’n steeg
’n divertimento ek word sleg
volgens plan boemel flaneer
en lê tydsaam gretig leeg

**ledigheid**

ek kan sy tyd uitkoop
sonder om rond te loop

van dankbaarheid is my ledigheid vol
ek sit en kyk hoe die straat rol

om net te sit en kyk in die son
na die kruppel plataan
op my sonbalkon
bo die straat na die boom die een
wat op een plek staan
die parkieboom met die een houtbeen
hy doen Gods wonder alle liefde aan

deur net te hoor hoe trommel
die straat geluide in my oor hewel
ek deur net te kyk lewe ek sien hoe frommel
Hy wolke hoog bo my die Here
van onbeduidende vorme ’n stewel
’n papegaai sonder vere
’n kaaphollandse gewel

so kan Hy my by- en binnekom
en Hy vergun my ek vir Hom

so mag ek Hom deurbring
ledigheid is die Here se gunsteling

In hierdie tekste word die klank diensbaar gemaak aan die semantiese lading van die gedigte - die kernwoorde word as gevolg van alliterasie formeel by mekaar betrek en terselfdertyd gereleveer: **l**oop - **l**eeglê (**l**edigheid) - **l**ewe (**l**ewend). ’n Kerngedagte wat die gedigte kommunikeer, is dat die lewende God op twee wyses gevind kan word: deur rond te loop en deur leeg te lê. In albei gedigte is daar egter sprake van geïntensiveerde lewe as gevolg van visuele belewing en só word daar insgelyks lewe gemanifesteer ("deur net te kyk lewe").

Dit is interessant om daarop te let dat daar met betrekking tot albei hierdie "leeglê"-gedigte nie ’n enkele teks as bronteks of genoteks uitgewys kan word nie, maar dat die grondteks in hierdie geval geïdentifiseer kan word as Nijhoff se totale oeuvre. Cloete gebruik dus die ganse Nijhoff-oeuvre, met beklemtoning van sekere kern-begrippe, as raam om daarbinne sy eie weergawe van die werklikheid te gee. Tipiese

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Nijhoviaanse tematiese gegewe, beelde en verskynsels word die verwysingsraamwerk van die gedigte: die verskynsel van identifikasie en van asemhaling; die tema van die digter as lewensreisiger, die soeke na God, die daadloosheid, die sintuiglikheid as voorvereiste vir die digterlike procédé, die beeld van die wolke, die straat, die brug, die boom, die asuur hemel. Die verwikkelde intertekstuele netwerk wat op hierdie wyse blootgelê word, noop terselfdertyd ook die leser om met nuwe oë na die brontekste te gaan, en sodoende word ook die Nederlandse digter se digkuns opnuut deur die proses van idiolektiese "omzetting" geaktiveer. Só ontstaan intergedigtelike kragvelde wat wedersyds op mekaar inwerk.

In albei die gedigte is daar sprake van verskerpte sintuiglike belewing wat terselfdertyd gepaard gaan met 'n verskerpte ruimtelike belewing. Hierdie belewenis loop selfs in 'leeglê' uit op die verskynsel van identifikasie met die skeppingsdinge - hy wórd die straat, die wind, die wolk. Dié verskynsel van identifikasie is 'n illustrasie van die digter se omvattende belewing, sy omvattende kyk op die volle werklikheid. Identifikasie impliseer ook objektivering en die doel van hierdie objektivering is om enersyds te ontkom aan die gebonde wees aan die subjektiewe waarneming en 'n gevolglike eensydige emosionele belewing, en andersyds om uit te reik na 'n meer universele segging. Werklikheidsdinge waarmee geïdentifiseer word, benadruk die beweeglikheidskode, maar vertoon as gevolg van die herhalingspel ook 'n speelse karakter. Hierdie werklikheid wat onder woorde gebring word, dui op 'n intense belewing van die **waar**, en Conradie (1984:5) se opmerking ten opsigte van 'n ander gedig het hier ewe groot geldigheid: "Hierdie **waar** roep voor die oog die Nederlandse **waren** waarin die rondswerf of aftas na sin sterk figureer" - in hierdie geval dan die soeke na "God lewend" in wie die sin setel.

Die eerste twee versreëls van 'leeglê' het waarskynlik as bronteks Nijhoff se gedig 'Het uur U' en wel die volgende versreëls:

> Al wie zijn kijker ophief
> zag op de zee van azuur
> een slagschip, klaar voor vuur.

"Asuur" verkry prominensie en 'n bygevoegde semantiese lading in die Cloete-teks, veral vanweë die opvallende knooppunt aan die Nijhoff-tekste. In 'Het lied der dwase bijen', 'n gedig waarin Nijhoff 'n belangrike poëtikale uitspraak maak, begin die tweede strofe met die versreëls: "Die geur en een zacht zoemen / in het azuur bevroren." Anbeek (1990:144) wys daarop dat "azuur" 'n kernwoord is van die Franse

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

digter Mallarmé, wat deur Nijhoff as " de Pool-reiziger naar het poëtisch-absolute" gekarakteriseer is. Die eensydige transendentale gerigtheid van die simbolistiese poësie, 'n digterskap wat ver van die volk en aardse lewe verwyder is, word dus deur Nijhoff by implikasie in die gedig afgewys. Bakker (1987:279) maak 'n belangrike uitspraak in verband met Nijhoff se eie lewensbeskouing as hy wys op Nijhoff se bewuste strewe om hemel en aarde op poëtiese wyse te versoen. 'n Versoening tussen twee uiterstes veronderstel gevolglik 'n bepaalde gelykheid en gelykwaardigheid.

In die Cloete-teks word ook ópgekyk, maar nie met die intensie om die aarde en aardse af te sweer nie - daar word juis voet vir voet op dié aarde geloop (reëls 1, 4 en 5). Die digterskap setel dus by implikasie volledig in die belewing van dié werklikheid, maar het as voorvereiste die eer van God. Woord word sang, woord word teks, en die doel is 'n lofsang of lofkreet as gevolg van die vreugde in die goeie aarde.[13] As die spreker opkyk is die son "nuut en witblind" - 'n beeld wat ook 'n ander Nijhoff-teks aktiveer, naamlik die openingsreëls van 'Het licht': "Het licht, Gods witte licht, breek zich in kleuren."

Bakker (1987:279) vestig die aandag daarop dat die beeld van die wolke 'n tradisioneel Nijhoviaanse beeld is wat dwarsdeur sy oeuvre opduik. In 'De wolken' word die wolke byvoorbeeld "met het boven- of buitennatuurlijke verbind" (ibid). Schrijvers (1982:46) is van mening dat die evokasie van wolkbeelde die funksie het om jeugdrome en/of poëtiese kreatiwiteit simbolies aan te dui (soos in 'De soldaat en de zee', 'Bij de dood van Albert Verwey' en 'De kreupele'). Die voortdurende beweging, die ontstaan en vergaan van die wolke kan selfs op metaforiese wyse dui op die verganklikheid, die kortstondigheid van die menslike bestaan. Schrijvers (1982:47) lig ook ander 'n belangrike aspek ten opsigte van die lang tradisie van "wolkgedigte" in die Westerse literatuur uit: "Alle tot dusverre genoemde wolkengedichten hebben gemeen dat subject (de beschouwer, de dichter) en object (de wolken) gescheiden blijven en dat er steeds een poging wordt gedaan om de wisselende vormen in vergelijkingen vast te leggen." Die sleutelgedagte is dus dat die wolke op sigself geen spesifieke vorm het nie, maar dat die mens as "napraatpapegaai", wat van nature tot nabootsing geneig is, vorme skep en onderskei en selfs betekenis toedig - 'n konsep wat ook in 'ledigheid' by implikasie voorkom as "die Here van onbeduidende vorme" slegs die wolke frommel en die spreker dan in nabootsing 'n stewel, 'n papegaai en 'n Kaapshollandse gewel onderskei. Die visuele spel van die wisselende wolke loop dus in wese uit op die kreatiwiteitspel van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



poësie; 'n spel wat ook op konkrete wyse vergestalt word in die driedelige herhalingspel in albei die gedigte.

'n Belangrike gegewe in Nijhoff se digkuns is die beeld van die straat. Dit is veral in 'Het uur U' waar die beeld van die man in die straat die dwingendste gegewens is. Die straat as belangrike ruimtelike duiding is 'n maatskaplike swaartepunt - dit verteenwoordig die kollektiewe samelewing. De Vries (1980:67) wys daarop dat die belangrikste kenmerk van die straat is dat dit geen organiese samehang het nie; die samehang is toevallig en tydelik. Die mense ken mekaar nie, daar is niks wat hul bewegings verenig nie. Hulle hoort slegs tydelik en ruimtelik bymekaar, en het geen verbondenheid op grond van 'n gemeenskaplike idee nie. "Het neemt niet weg, dat dit beeld van de werkelijkheid **voor een dichter, die geen ander voorbeeld van sociale samenhang kent dan deze uitwendige symbiose van de toevallig opeengehoopte atomen**, als uitgangspunt bijzonder treffend is." (De Vries, 1980:67). Nijhoff (1970:30-31) se verseksterne uitspraak moet ook in hierdie verband ter sprake gebring word:

> In onze dagen is het belachelijk een dichter te zijn, men moet in het leven staan. En dan worden noodbruggen geslagen. De verbeelding zoekt naar de voortijden van de mens, daar is het leven; de herinnering zoekt naar kinderland, daar is het leven; de eenzame zoekt naar de massa, daar is het leven. Er worden oneindig meer eisen aan de taal gesteld ...

As Cloete dus "in sy strate" gaan draal, het dit op 'n tweërlei vlak betekenis. Enersyds dwaal hy in die digter Nijhoff se oeuvre en verken die "bekende", maar ook die "nuwe" wat hy daarin ontdek, en dit word dan die grondstof vir die allotropie van gevormde literatuur. Andersyds is daar die definitiewe identifikasie met die straat, wat impliseer 'n identifikasie met die atomiese sosiale patroon, maar ook met die toevallige simbiose van die opeengehoopte atome - dus met die omvattende lewe.

Die beeld van die brug dien in Nijhoff de poësie as verbindingsmiddel - hetsy tussen twee werklikhede of lande, of tussen lewe en dood. Nijhoff se objektiveringsteorie word ook deur middel van die brugbeeld vergestalt, soos in 'De soldaat en de zee':

> Geleidelijk bracht de brug
> van het leven over het leven
> mij naar mijn oorsprong terug
> en ik werd die ik was gebleven

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Zo komt men tenslotte thuis,
ziende het ongeziene,
en bevindt zijn laatste huis
gelijk aan zijn eerste kantine.

Hier vertrek die digter dus uit homself, loop oor 'n brug en kom dán terug in homself - só word hy iemand anders. Of, in Nijhoff se terme, kan hy "zingend het derde land ingaan" ('Het derde land').

In die Cloete-teks korreleer die beelde van die nuwe begin ("eerste asuur"), die bevreemding, die wind, die asemhaling, die lewe en die geluk as 'n kort tussenspel, op 'n merkwaardige wyse met die vyfde strofe van Nijhoff se vers 'Het veer', 'n strofe waar die geluk van die gewoon aardse lewe op geïntensiveerde wyse besing word:

weer stilte wordt, gelijk een zee, gelijk
een korf vol bijen of een bos **vol wind**;
die stilte daar was aards en warm, was zwanger,
hoop, aanvang, was een **ademhaling** die
zich inhoudt bij de diepste teug, **geluk**
dat zich een hand voor ogen legt en zwijgt
en peinzend zich bezint, een oponthoud
[...]
Stilte als den **eerste** dag, en daarin stond
Sebastiaan, de schaduw, zeer **bevreemd**
dat hij, toen hij in **leven** was, zijn hoop
gesteld had op een hoger heil dan dit
thuiskomen in een slapend vruchtbegin;

Lewe/asemhaal is reeds uitgewys as korrelaat vir dig/skryf in Nijhoff se oeuvre; as die spreker in die Cloete-teks dus sê hy "lewe met **oorleg**" en "**beoefen**" sy "asemhaal geraffineer", kan dit heel duidelik vervang word met: "skryf/dig met oorleg" en "beoefen my ambag/digkuns". Die asemhaling in die gedig, die lewende plekke, word dan ook duidelik sigbaar in die wit in die gedig (veral midde in versreëls), asook deur die enjambement. In die slotreëls beklemtoon die toutologie die daadloosheid, en wil dit by implikasie sê dat die gedig ook deels sy ontstaan te danke het as gevolg van die leeglê, die niksdoen wat die digter 'n besondere ingesteldheid gee vir die toewaaisels van buite. Dit is bepaald selfs nie vergesog nie om 'n verband te lê tussen die gretige **leeglê** en die "leë latwerk"[14] van die gedig.

Die gedigtepaar 'leeglê' en 'ledigheid' toon duidelik die wins van allotropie as leesmodus vir die leser. Deur die knooppunte in die spesifieke Cloete-tekste met dié binne die groter samehang en wyer teksnetwerk van die Nijhoff-oeuvre na te vors, is nuwe kragvelde van verwysing inderdaad geaktiveer. Opvallende knooppunte is in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hierdie geval die loop-idioom, die verskynsel van verskerpte sintuiglike belewing wat uitloop op identifikasie, en die beelde van asuur, die wolke, die straat, die brug en asemhaling. Die oorheersende gedagte van leeglê of ledigheid wat albei die Cloete-tekste aan bod stel, sluit terselfdertyd aan by die nosie van spel in die poësie, met gepaardgaande genuanseerde implikasies.

### 4.2.2 Spel en poësie

> Poëzie is ... een in het metafysische geankerd spel met woorden.
>
> Paul van Ostaijen

#### 4.2.2.1 Spel as poëtikale nosie

Onder die lemma "spel" gee Van Dale onder andere as definisie: "bezigheid die zonder enige praktische doelstelling, alleen om haar zelfs wil, tot vermaak of ontspanning wordt verricht", en verder aan: "vrije, aan afwisseling rijke, dartele of onberekenbare werking of beweging van een orgaan, van krachten of verschijnselen, functie".

Vir Huizenga (1958:29) lê die volgende in die begrip "spel" ingebed:

> spel is een vrijwillige handeling of bezigheid, die binnen zekere vastgestelde grenzen van tyd en plaats wordt verricht naar vrijwillig aanvaarden doch volstrekt bindenden regel, met haar doel in zich zelf, begeleid door een gevoel van spanning en vreugde, en door een besef van ‘anders zijn’ dan het ‘gewone ‘leven’. [...] spel scheen als een der meest fundamenteele geestelijke elementen van het leven te mogen worden aangemerkt.

Buddingh (1968:136) is van mening dat spel in die poësie op verskillende wyses manifesteer: die digter kan speel met woorde, met idees, met vorms, met genres, met inhoude, of met ’n kombinasie van hierdie moonlikhede. Hierby sou ’n mens kon voeg die spel met klank, met beelde, met opposisies of die lê van (onwaarskynlike) verbande, die spel om die alledaagse te gebruik om uitdrukking te gee aan dit wat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

allermins alledaags is en die verwysingspel. Trouens, die hele digterlike procédé kan staan in die lig van die digterlike spel. Pretorius (1981a:6) maak hierdie siening geldig met haar uitspraak oor Cloete se debuutbundel, 'n uitspraak wat ook op sy hele oeuvre van toepassing is: "Vir Cloete is poësie 'n spel - 'n spel met die woord: met nuutskeppinge [...], met die dubbelbetekenis van 'n woord [...], met verbandlose woorde [...], met teenstrydige begrippe [...], dis 'n spel met klank en weer-klank."

Die ironie is dat hierdie spel van die poësie sonder enige doelstelling, die spel-ter-wille-van-die-spel dikwels die sogenaamde duistere of moeilike gedig tot gevolg het. Vir die leser wat die "reëls" van dié spel nie ken nie, of nie bereid is om saam te speel nie, is die literêre teks dikwels ontoeganklik. 'n Spel tussen digter en teks betrek dus ook leser en teks. Vandaar dat Gouws (1988:340) dié uitspraak lewer: "Die mens se omgaan en hantering van tekste kan en moet net geskied op grond van die spelbeginsel."

In sy dissertasie formuleer Dorleijn (1984b:165) 'n aantal poëtikale opvattings van die digter Leopold wat hy by implikasie versintern aflei uit die gedig 'O als de rozen ...' Hy maak onder andere die volgende stelling ten opsigte van Leopold se poëtikale konsepsie: "Poëzie is inhoudloos; poëzie is enkel een complexe vorm, een ingewikkelde stijl, een spiralende structuur, een spielgel van zichzelf. Als poëzie ergens naar verwijst dan is het naar zichzelf, naar haar mogelijkheden en onmogenlijkheden, naar haar ontstaan, haar gang ad infinitum."

Dorleijn maak sy stellings nie sonder voorbehoud nie, want hy neem terdeë daarvan kennis dat dit wat waar is van een gedig, nie noodwendig waar is van 'n hele oeuvre nie. Dit wat Dorleijn hier formuleer, is egter al jare gelede deur Cloete (1970:193, my kursivering)[15] self verwoord:

> Die gedig gaan op menige vir die digter onvermoede weë en stel 'n **in homself geleë doel**. Die beeld vir die sigself vervolgende, dromende of dwalende denke is daarom dan ook dié van die rondedans en van "den ingekeerde caroussel". Die gedig is in sy uiteinde "los geworden en in zich zelf besloten" en "zoekende eenheid en afzondering".

Die gedig-oor-die-gedig, die gedig-ter-wille-van-die-gedig kenskets die aard en die doel van die poësie en is die natuurlike uitkoms van die dromende denke. Waaroor Cloete, sowel as Dorleijn, dit hier het, is die gedig as taalhandeling. Cloete (1984b:19, my

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kursivering) spreek homself oor hierdie aspek versekstern in geen onduidelike terme soos volg uit:

> Die intensie, die illokusie van die taalhandeling, hoef niks anders te wees nie as 'n lokutief. Die perlokusie van die gedigteks, dit wat hy bereik by die leser, hoef niks anders te wees nie as dat hy **die leser aan die speel sit.** Ek het meer aan **die spel van die dromende denke** as aan berge of state daarmee te wil versit, met geplooide voorkop en gespierde sekerhede. Waar Boutens geskryf het 'van het in den slaap gevonden rijm', is daar ook die **'in het spel gevonden rijm'**.

In dieselfde trant, maar meer kripties, is Cloete (1970:193) se uitspraak ten opsigte van Leopold se digkuns, 'n uitspraak wat egter ook sy eie poëtikale konsepsie weerspieël: "word die skryf van 'n gedig 'n skouspel en geestelike spel; [...] 'n spel om sigself, 'a game of knowledge'".

Dorleijn se stelling na aanleiding van 'O als de rozen', dat Leopold die poëtikale opvatting huldig dat poësie inhoudloos is of selfverwysend of 'n in homself geleë doel het, kortom 'n spel-ter-wille-van-die-spel is, word inderdaad versintern deur Leopold in ander gedigte binne sy oeuvre verwoord. Die gedig 'Albumblad' (Leopold, 1982:81) kan as voorbeeld voorgehou word. Die gedig handel oor 'n jong meisie wat met 'n string pêrels speel - 'n in sigself gekeerde, selfs doellose handeling, wat nietemin vermoedens van essensiële dinge teweeg bring. In die slotstrofe word alles tog maar herlei tot niks meer en niks minder nie as 'n spel om sigself:

> Dit is het spel, zoo loopt het af;
> twee glanzende oogen zien het toe,
> twee, die het volgen, nimmer moe
> werden noch wenden zij zich af;
> twee kalme oogen, ongebroken
> van glans en die zich koel bewaren,
> een ziel, waardoor niet kwam gevaren
> de siddering van lief en leed,
> maar die 't gebeurende allengs weet
> te zien zonder verwonderingen
> en als de rijen straks vergingen,
> zich wel niet meer ontroeren doet,
> maar toch beseft en toch bevroedt
> den zin van deze en andere dingen.

Die klem wat in die eerste twee strofes van die gedig op die hand as inisieerder en manipuleerder van die spel gelê word, bevestig die poëtikale nosies in die gedig. Die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"zilverglanzende snoer" (r.7), die "glinsteringen"(r.21) en die pêrels as "druppelregen' (r.23) lê intratekstuele verbande met "de glans der daggeboort" en die "schitterzon" van die "trilkristal" in 'Regen', 'n trilkristal wat Cloete (1986:63) ook gelykgestel het aan taalkristal. Dorleijn (1991:46) lees ook 'n poëtikale strekking in die gedig en poneer:

> De interpretatie die ik boven gaf van de vruchteloosheid van het spel heeft ook een opmerkelijk poëticaal aspect: in het gedicht wordt het ene beeld verduidelijkt door een ander beeld dat op zijn beurt wordt uitgelegd door weer een ander beeld en dat tot in het oneindige: begin en eind zijn in de ketting afwezig. De weefseldraden van de tekst verwijzen niet meer naar iets buiten de tekst, naar de werkelijkheid of een betekenis in de werkelijkheid, maar alleen nog naar elkaar.

In die slotstrofe is daar sprake van perspektiefwisseling, 'n ander waarneming wat Van den Akker (1990:42) as komende van die "maker van de woorden" interpreteer. Hierdie fokalisator herlei die singewing van die handeling in die gedig tot 'n **spel** waarna hy koel en sonder verwondering kyk. Wat die sin van dit alles is, word besef en bevraagteken, maar, en dit is essensieel - dit word nêrens genoem nie. Die sin van die spel setel dus in die spel self, net solank die spel gespeel word. Of soos Dorleijn (1991:46) dit formuleer: "De weefseldraden van de tekst verwijzen niet meer naar iets buiten de tekst, naar de werkelijkheid of een betekenis in de werkelijkheid, maar alleen nog naar elkaar."

As Leopold noteer "Het sterkste werkt wat is weggelaten", wil hy oënskynlik daarmee te kenne gee dat die poësie slegs maar oor die poësie handel - dus geen eksplisiete uitleg aan te bied het nie. Dorleijn (1984c:83) bestempel die gedig as taalspel wat sigself weergee in 'n sirkulêre betekenisproses as "poëzie die niet meer verwijst en in die hoedanigheid geen betekenis meer heeft". Die spel in die gedig word uitvoerig deur middel van allerlei beelde beskryf, en onder andere is die spel:

> een jacht, die niet dan overgave
> en vruchteloos bezit, dat dra
> verliep, een wisseling van vermogen
> en slechts een ruil, die niets gewan,
> waar de verschijnende niet dan
> den zinkende werd nagezonden
> en nederdalende uit den hoogen
> alleen een komende aan kwam konden.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Afgesien van die ooreenstemmende poëtikale konsepsie dat poësie 'n spel om sigself is, kan 'n verdere idiolektiese "omzetting" van die Nederlandse teks uitgewys word. Die verband tussen die jag en spel word naamlik deur Cloete in die gedigte 'Jag en spel' en 'nog meer' (in Driepas) ontgin; hoewel die semantiese aanbod van die Cloete-tekste radikaal van die Leopold-teks verskil.

Die nosie van spel in die poësie van Cloete en die "omzetting" van tekste in dié verband, aktiveer ook verskillende kragvelde van verwysing. Voordat die spesifieke fasette van spel in sy digterskap egter bespreek word, is dit sinvol om kortliks te fokus op enkele algemene kenmerke wat die wesenlike van die spel aan die lig bring.

#### 4.2.2.2 "in alle erns speelspeel" - fasette van spel in die poësie

Die belangrikste karakteristiek van spel is, soos afgelei uit die leksikale betekenis, dat dit **geen doel in sigself het nie**. 'n Spel het net sin solank dit gespeel word.

Kazemir (1968:7) wys op 'n ander eienskap van spel, naamlik dat dit die speler tydelik in 'n **ander wêreld verplaas**. Die spel vervreem die speler tydelik van die realiteit: of dit nou die speler is wat besig is met 'n balspel op die sportveld, of die kind in sy verbeeldingswêreld of die digter in die verbeelde woordwêreld. "Het gaat om die andere wereld, die zo boeiend is door zijn vele mogelijkheden en de spanning die er telkens weer ontstaat door de onzekerheid, of de mogelijkheid werkelijkheid zal worden." (Kazemir, 1968:8). Die spel vind juis sy moontlikhede in die **verkenning** van die ander wêreld en die uitbuiting van die moontlikhede van die speelwêreld.

Spel is in sy synsvorm **dubbelsinnig.** Die afwisselende verhouding tot die speelwêreld en die reële werklikheid konstitueer 'n bestaansvorm wat **spel** genoem kan word. Hierdie dubbelsinnige wesensaard van spel manifesteer dikwels in die opposisie-pare wat die beoefening van die spel oproep en wat mekaar op markante wyse kompleteer: triomf en neerlaag, vreugde en verslaenheid, leeglê en daadkrag, lojaliteit en afguns, lomp en rats, spel en erns, selfs lewe en dood.[16]

In die wêreld van die spel is daar dikwels sprake van **identifikasie** of **drang na identifikasie.** Deur middel van vereenselwiging met 'n ander geïdealiseerde persoonlikheid verryk die mens hom as 't ware met dié persoonlikheid en sy geïdealiseerde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



eienskappe. Selfs negatiewe emosies of drange kan deur middel van vereenselwiging in die spel uitgeleef word sonder nadelige gevolge.

Die wesenlike dubbelsinnige aard van die spel, sowel as die identifikasieverskynsel, manifesteer ten beste in die figuur van die harlekyn of die nar wat met sy maskerpak en gepoeierde gelaat, die geïdealiseerde wêreld verteenwoordig, terwyl die realiteit van die mens daar agter in werklikheid heel anders kan uitsien. Pierrot se woorde in Nijhoff (1970:77) se gedig ‘Pierrot aan de lantaarn, een clowneske rapsodie’ is in hierdie verband veelseggend:

> Ik draag een masquerade-pak
> Maar met een hart dat sloeg en brak.
> Mijn pak is wit, mijn hart is stuk-
> Ik ben de mens zonder geluk.

Kenmerkend van die spel is die **magiese karakter** daarvan. As gevolg van die potensie van die spel om die mens in ’n ander wêreld te verplaas, ontstaan daar ’n magiese sfeer waarin die mens sy fantasieë kan uitleef en aan sy onderdrukte wense en begeertes uiting kan gee. Die mens met sy eksistensiële lewensangs en sy onvermydelike doodsangs, kan binne die magiese sfeer van die spel die "unheimliche", die angs van lewe en dood besweer. Op grond van hierdie **besweringsmoontlikheid** werk die spel dus bevrydend.

Hierdie tiperende eienskappe van die spel kan almal herlei word na die poësie van sowel Cloete as Nijhoff, en is trouens al in die voorafgaande bespreking reeds by implikasie uitgewys. Die doelloosheid van die spel manifesteer by uitstek in die genoemde daadloosheid van die wandelaar, die flanerende vagant, die digter wat stokkiesdraai. Die speelse verkenning van ’n ander werklikheid, die verplasing in ’n ander wêreld, is ook reeds uitgewys, soos ook die hele kwessie van identifikasie. Kenmerkend van Nijhoff en Cloete, is die speelse karakter as lewenshouding. Kazemir (1968:6) wys byvoorbeeld op die speelse wyse waarop Nijhoff probleme ten opsigte van lewe en kuns hanteer.[17] Hierdie speelse lewenshouding skemer by Cloete veral deur in die ‘stokkiesdraai’-afdeling in Driepas, sowel as in die afdeling ‘Flehmengrimas’, waar die liefde op ’n speelse wyse aan die orde gestel word. Dit is egter belangrik om daarop te let dat dié genoemde speelse lewenshouding by Cloete, sowel as Nijhoff, dikwels óók getipeer kan word as "in alle **erns** speelspeel" (‘oordag’ in Driepas). Volgens Huizenga (1958:36) is spel as kultuurverskynsel van meet af aan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



óók erns en 'n voorstelling van die lewe. Wat eens woordelose spel was, neem in die gedig poëtiese vorm aan.

Die oorsprong van die speelse lewenshouding is by Cloete en by Nijhoff ook gedeeltelik teo-logies van aard. God speel met die mens en laat die mens ook toe om met Hom te speel. In 'De eenzame' (De Wandelaar) sê Nijhoff: "Ik ben een stille man waar God mee speelt." En in 'job die tweede' (Allotroop) identifiseer die spreker hom met Job en tree hy met God in geding:

> **u laat my speel**
> **met u** en deel
> u wonders mee
> maar u liefde het twee
> kante kan afknou
> of in liefde vashou
> en moet my op my plek
> sit as ek
> my laat begaan
> te na aan u u slaan
> my as ek hardekwas
> teenoor u was
> hok my gaan u rateltaai
> nog om u pinkie pynlik draai

In dié Cloete-teks blyk die dubbelsinnige wesensaard van die teologies gefundeerde spel duidelik: liefde én geweld, samesyn én afstand, toegif én tug, vreugde én pyn. Dit is juis in hierdie dubbelsinnige synsvorm van spel waarin die **erns** daarvan die duidelikste manifesteer. Daar is veral twee fasette van spel wat nadere toeligting verdien: die gelukvervulde mens in sy liefdespel (wat gelykgestel kan word aan die digterlike spel), en die besweringsmoontlikheid of bevrydende werking van die spel wat gerig is op die tydelike opheffing van die mens se eksistensiële lewens- en doodsangs. Albei hierdie fasette illustreer die dubbelsinnige wesensaard van spel, asook die onderliggende erns daarvan ten spyte van die speelse lewenshouding. Belangriker is egter die feit dat wat eens woordloos was, inderdaad poëtiese vorm aanneem en dienooreenkomstig lewe manifesteer.

### 4.2.2.3 "Die poësie laat hom geld met delikate geweld" - spel, poësie en erotiek

Huizenga (1958:44) wys daarop dat dit in die Germaanse tale voor die hand liggend is om spel en erotiek (soos ook spel en stryd) gelyk te stel. In navolging van Buytendijk

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



noem hy die liefdespel die suiwerste vorm van alle vorme van spel, omdat dit die kenmerke van die begrip "spel" die duidelikste vertoon.

"Erotiek en omgang met de taal hebben in essentie alles met elkaar gemeen," is Van den Akker (1988:18) se uitspraak. En erotiek is:

> dié speletjies
> wat gespeel
> word en wat in die speletjie
> kopverloor teel

Aldus Cloete in 'the mating game' (Driepas). Ook Achterberg is dié mening toegedaan as hy in 'Kwatrijn' sê: "Jacht op de vonk der verzen en een vrouw/eenzelfde wezen ..." Dus kan die stelling gemaak word dat erotiek, taal/poësie en spel ook veel met mekaar gemeen het. Dorleijn (1984b:165) bevestig dié opvatting as hy ten opsigte van Leopold-tekste poneer: "Het poëtisch proses - het ontstaan van poëzie en de communicatieve werking ervan - heeft erotische trekken (het is teder, koesterend, indirect, maar ook volledig bevredigend, orgastisch." Volgens Cloete se idioom dus enersyds, delikaat, andersyds (orgasties) gewelddadig. Dorleijn (1984b:165) se opvatting ten opsigte van die erotiek en die kommunikasieproses in die poësie van Leopold word ook deur Van den Akker (1988) onderskryf as hy wys op die verhouding tussen erotiek en poësie aan die hand van die siklus 'Verzen 1897'. Van den Akker (1990) bespreek ook die verband tussen poësie, erotiek en die moderne digterskap met Leopold-tekste as voorbeelde, en wys onder andere daarop dat Leopold se werk gedomineer word deur die liefde wat in 'n aardse, realistiese gedaante en op subjektiewe wyse in sy gedigte vergestalt word. "De liefdeservaring strekt zich uit over de grenzen van het louter psychologische naar het gebied van de taal, de woorden en het dichtproses." (Van den Akker, 1990:43).

Die erotiese betekenisdimensie, verweef in en deur die poëtikale, is dikwels ook die "vulsel" van die leë latwerk van sommige Cloete-tekste. In hierdie verband is daar ooreenkomste tussen die versinterne poëtikale konsepsies van die Cloete-oeuvre en die Leopold-oeuvre uit te wys. Hierdie faset van Cloete se digterskap verskil egter in 'n groot mate met dié van Nijhoff waar daar nouliks van erotiese liefde sprake is. Bakker (1987: 267) het dit heeltemal juis as hy verklaar: "In werkelijkheid is het begrip 'erotiek' in de betekenis van zinnenprikkeling helemaal niet op Nijhoffs werk van toepassing." Hy wys wel erotiese, sowel as poëtikale fasette uit in die gedig 'Haar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



laaste brief', maar die liggaamlike liefde word so onderbeklemtoon ten gunste van 'n ander, hoër liefde, dat die kader van die erotiek in die gedig bykans niksseggend is.

In die bespreking van die gedig 'loopskrif in 'n vakansiehotel' is gewys op die aard van die invalle van buite wat die ontstaanswyse van die poësie manipuleer, naamlik die kosmiese invalle en die aards erotiese spel: "die skerp lag, verras/ van 'n jongmeisiestem van plesier/ 'n orgasme onbeheerbaar op die terras". Die erotiese is hier, en dikwels elders die voedingsbron vir die ontstaan van die gedig. Veral die versreël, "my pen staan **orent** luisterend in my hand" het 'n sterk erotiese inslag. Om woorde te skryf kry 'n erotiese betekenis, en omgekeerd, 'n erotiese ervaring gee aanleiding tot die kreatiewe proses van tekskommunikasie.

Ook die poëtikale gedig, 'Impasse' (Jukstaposisie), sein 'n erotiese inslag op 'n speelse wyse in die slotstrofe:

> streel my, maak my plesierig, my ou bielie
> en geen erns, net teer emosies soos
> 'n veer wat prettig oppervlakkig kielie.

In hierdie gedig word die leser se omgang met die teks betrek. Die vrou wil "moeiteloos lees", sy wil volgens Gouws (1988:345), "in tekstase gaan: 'n seksuele ekstatiese belewing van tekstualiteit - sy is gerig bloot op 'the pleasure of the text'. Daarom dan die erotiese implikasies van die slotstrofe." In 'Ballade van die digter' (Idiolek) is daar in die slotreël van strofe 4 ook 'n integrasie van die liefdesaktiwiteit en die skrywersaktiwiteit, want "die digter sit sy pen met sy lippe en liefkoos".

Die liefde in sy aardse, realistiese gedaante, die liefde as puur sintuiglike prikkeling en ekstase kom in die eerste afdeling 'Flehmengrimas' van die bundel Driepas aan die orde. Daar is in die gedigte van hierdie afdeling 'n oorgawe aan die aarde en die heerlike sinnelikheid self, wat beslag kry in 'n seksuele spel en terselfdertyd gelyk gestel word aan die digterlike spel. Die eerste gedig in die bundel en van die reeks het die Nederlandse woord "balts" as titel. Van Dale gee die betekenis aan as: "het geheel van vaste handelingen en bewegingen dat het mannetje verricht om de gunst van het wijfje te verwerven en daardoor tot paring te komen: 'bij de balts **zingt** en **danst** de vogel als in ekstase'". Die klem val dus hier op die liefde**spel** wat tot uiting kom in klank ("zingt") en beweging ("danst"). Binne die kader van die erotiese is klank en beweging dus twee belangrike elemente. Afgespits op die poësie manifesteer die klank en beweging op formele wyse in die klankspel, woordspel, taalspel

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

en -dinamiek. Dans kan op sy beurt geknoop word aan die titel van die bundel en die gepaardgaande implikasies waarvan vroeër in die hoofstuk melding gemaak is.

Die gedig 'Zeus vandag', sowel as die gedigpaar, 'ek alleen met jou' en 'ik ben met u alleen o venus' (Driepas) het ook spel, erotiek en taal as belangrikste tematiese gegewe. Daarbenewens het dié tekste Nederlandse tekste as brontekste. Daar is dus ook sprake van 'n verwysing**spel**. Dié gedigte word vervolgens bespreek.

Zeus vandag

Leda is getroud
Haar man
- nog ver van oud -
is net 'n naam en net 'n van.
Tot dusver was sy kuis.
Toe kom Zeus
die man met meer as een naam
want hy is skaam
en hy is skelm.
Soos 'n ou man vermom
het hy flink gekom,
haar beetgekry,
geperdeby,
haar bedwelm,
weggeloopstap,
truggekom soos 'n krap
'n bobbejaan, 'n spinnekop
kras en regop
die skuins ou Jacob
en onvroom.
Toe gaan sy fladderend frats en flater
weer met die ou oom.
Nege maande later
toe breek haar water.
Hoe in sy grys baard het die sater
die kater
van vreugde geskater.
Die poësie laat hom geld
met delikate geweld.

Die titel van die gedig verplaas die mitologiese voorgeskiedenis in 'n erotiese kader. Dit waarsku die leser dat dit hier om 'n toepassing gaan; 'n mitologiese niveau wat verplaas word binne 'n kontemporêre, én wil 'n mens by voorbaat sê, 'n poëtikale niveau. Die mitologiese voorgeskiedenis wat die bronteks vir hierdie gedig is, is die verhaal van Leda wat deur Zeus in die vorm van 'n swaan verlei word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Wat eerste opval by die lees van die gedig is die speelse, humoristiese karakter daarvan. 'n Seksuele spel wat hier verbeel(d) word, mond uit in taalspel. Die klankherhaling in versreël 21: "**fladderend**, **frats** en **flater**", beklemtoon byvoorbeeld enersyds die spelelement in die gedig en andersyds die semantiese lading van die woorde wat klankmatig op mekaar betrek is. "Fladderend" lê 'n intratekstuele verband met die sensuele, uitlokkende "fladderdans" van die klavier in 'konsert van die verliefdes' (Driepas). Die woord "flater" word as gevolg van die voorafgaande alliterasie sowel as die eindrymposisie gereleveer; en hierdie "domfout" van Leda word dan fonies, sowel as semanties benadruk as haar "water" nege maande "later" breek tydens die geboorte. Die rymwoorde "sater" en "kater" beklemtoon die onsedelike sfeer en die oorgawe aan die aardse genietinge. 'n Sater is volgens Van Dale 'n "halfgod uit die Griekse en Romeinse mythologie, behorend tot het gevolg van de wijngod, voorgesteld als kleine mansfiguur met kromme neus, spitse oren, puntige baard, borstelige haren, korte staart en bokspoten, geil en kwelsiek van aard, **belust op dans en muziek**; (fig.) wellustig." Onder die lemma "kater" word beskryf: "mannetjie van de kat (oneig., scherts) een oude kater - een oude vrijgesel. Kater - onaangename gesteldheid, ongesteldheid daags na een drinkgelag; (fig.) een morele kater, terugslag na te hoge zedelike spanning; zelfverwyt na een onbevredigende handelswijze."

Vermomming, identifikasie en verdoeseling is tipiese spelelemente wat hier ook op grond van die enumerasie van beelde beklemtoon word. Die erotiese spel speel dus duidelik af ook op die gebied van die taal, die woorde, die digproses - 'n verbintenis wat bevestig word deur die slotreëls van die gedig met die eksplisiete poëtikale strekking:

> Die poësie **laat** hom **geld**
> met **delikate geweld.**

Die delikate geweld van die poësie word dus vergelyk met die delikate geweld van Leda en Zeus se erotiese spel. Poësie is inderdaad volledig bevredigend, orgasties en dit laat van "vreugde skater", maar dit kan ook die gevolg wees van 'n flater, "selfverwyt na onbevredigende handeling inhou", 'n voorbeeld wees van **tristitia post coïtum**. Ook poësie spruit dus dikwels uit die onheilige, word gebore uit die wellustige. Die reperkussie van [l]- en [k]-klanke in die slotreëls is terselfdertyd 'n relevering van die semantiese strekking.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



By die lees van dié Cloete-teks dring 'n ander Nederlandse teks hom op grond van die ooreenstemmende humoristiese, speelse toonaard, dieselfde woordgebruik en die opvallende woordspel in die gedig op. Dié gedig 'Litteken' van Gerrit Achterberg lui só:

> Engelien Hartveld-bos. Eerste symptomen
> van sexualiteit. Litteken later.
> Na vyftig jaar speelt onverstoord een sater
> dezelfde spelletjes onder de bomen.
>
> Het meisje doorgegroeid tot in mijn dromen.
> Zwaar van de liefde, licht als onder water.
> Diep uit de tijd vanmorgen vroeg de kater,
> waaraan 'k ter plaatse nooit ben toegekomen.
>
> Stellig is Lena ergens nog in leven,
> niet thuis te brengen uit die schoolmiddagen
> toen daar de soort moeite aan ons versplide
>
> en loopt zich wederkerig af te vragen
> waar ondergetekende zou zijn gebleven,
> die hedennacht haar jeugdverlangen stilde.

Soos die Cloete-gedig handel 'Litteken' eksplisiet oor seksualiteit en die seksuele "spelletjies" wat in die geheim in die natuur gespeel word. Huizenga (1958:45) se siening is ook weer in hierdie verband van toepassing: Die woord "spel" word in die besonder toegepas op liefdesverhoudings wat buite die aanvaarde sosiale norme val. Die Achterberg-teks en die Cloete-teks het, interessant genoeg, die identiese rymwoorde "sater', "kater" en "water" in gemeen. Cloete se Leda word bestempel as "tot dusver was sy kuis", terwyl die implikasie by Achterberg dieselfde is as hy sê dat daar "eerste symtonen/ van sexualiteit" is.

Die digterlike spel wat albei die digters opvallend speel, verlei egter ook die leser om binne die kader van die woordspel saam te speel. Ruitenberg-de Wit (1978:24) doen dit inderdaad - sy wys in haar bespreking van die Achterberg-gedig op die spel met spelling. Indien die **t** van "litteken" in die titelwoord, sowel as in die tweede versreël waar die woord herhaal word, vervang word met 'n **d**, bly die uitspraak dieselfde. Sodanig gespel moet **teken** in **onder**-ge-**teken**-de in die voorlaaste versreël hiermee in verband gebring word. Die implikasie van Ruitenberg-de Wit se interpretasie is dus dat "litteken" as "lidteken" gelees word en volgens die leksikale betekenis van "lid" dan as "de roede, penis". Hierdie interpretasie klop dan ook met die semantiese strekking van die eerste strofe: eerste ontwaking van die seksualiteit, gevolg deur bevrediging vanweë die manlike potensie - 'n spel wat die sater uit die aard van sy wellustigheid

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onverstoord bly speel. "Teken" kan gelees word as taalteken, en die verwysing na die manlike roede as simbool van die kreatiewe proses (soos dikwels in die literatuur gevind word), plaas die erotiese sfeer van die gedig in die kader van die poëtiese proses - by implikasie is die spel van die poësie gelyk te stel aan die seksuele spel van ontwaking, voorspel en bevrediging, wat telkens op dieselfde wyse gespeel word.

Indien 'n mens hierdie woord- en klankspeletjie ten opsigte van die twee tekste in jukstaposisie sou speel, kan 'n mens selfs Achterberg se Lena met Cloete se Leda vervang om die verwantskap tussen die twee tekste te benadruk. En sou 'n mens die **r** van "Zwaar" vervang met **n**, dan lees die versreël "Zwaar van de liefde, licht als onder water", as "Zwaan van de liefde, licht als onder water", wat dus 'n direkte verband met Zeus, vermom as 'n swaan in sy verleidingspel, sein. Ruitenberg-de Wit (1978:26, my kursivering) gaan verder en wys op Achterberg se spel met die taal, veral die gebruik van homonieme:

> zoals hier **het** bos (bomen) en **de** bos (haar). Bovendien ligt hartveld naar schrijfwijze (verwisseling van slechts twee letters!) en klank vlak naast haarveld en men mag daarom vermoeden dat met Engelien Hartveld-bos het beeld gesuggereerd wordt van een hartvormig (bos)haarveld, dat in de herinnering is verbonden met de kleine Lien, die in dromen is 'doorgegroeid' tot de volwassen sexy Lena. Dit gedicht is in zijn verhulling heel geestig. [...] We krijgen hierdoor de gelegenheid iets van **zijn werkwijze te achterhalen**.

Barthes (1981:52) se opvatting dat die teks 'n partituur is wat van die leser daadwerklike medewerking vra, kan ook hier van toepassing gemaak word. Hy bring dan voorts ook speel en lees[18] met mekaar in verband en verduidelik:

> 'Spelen' moet hier worden opgevat in heel de polysemie van het woord: de tekst zelf **speelt** (zoals een deur of een instrument met 'speling'); en de lezer speelt twee keer: hij **speelt** de Tekst zoals je een spel speelt, hij zoekt een praktijk die hem re-produceert; maar om te vermijden dat die praktijk enkel neerkomt op een passieve, interne **mimesis** (de Tekst is precies datgene wat aan een dergelijke reproduktie weerstand bied) **speelt** hij de Tekst in de muzikale zin van het woord.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die leser wat bereid is om die taalspel, die spel van die gedig saam te speel, wen dus aan betekenis en verkry 'n perspektief in die diepte - so word die spel dan inderdaad "a game of knowledge".

Die twee gedigte 'ek alleen met jou' en 'ik ben met u alleen o venus' (Driepas) bied interessante reliëf op die relasies spel, erotiek en poësie.

**ek alleen met jou**

ek sit met jou hartstogtend
op 'n helder herfsoggend

sonder dat jy dit weet
is jy vir my gereed

terwyl jy oor ander goed gesels
begin ek jou omhels

en jou sonder jou
medewete met my heupe vashou

met my staan
met my in jou ópgaan

vlinder
in jou blom ongehinder

onderverdeel
jou dit kan jou min skeel

was nou maar jou skottelgoed
jy bly tintel in my bloed

terwyl jy nou elders huislik beusel
laat jy my hele liggaam soet treusel

**ik ben met u alleen o venus**

ek is alleen met jou lus
ek het jou venus
ek kyk jou rond
laat jou na
my wil gedra
streel jou met my mond
beskik oor jou totaal
laat jou na my vra
laat jou skoot vismondsnakasemhaal
vir my soen jou bors
laat my in jou mors
vind jou sonder soek
tot alles in staat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



trek jou mondhoek
uit jou naat

Die tweeluik 'ek alleen met jou' en 'ik ben met u alleen o venus' speel terug op die gedig van Karel van de Woestijne (opgeneem in Grové, 1968:124), 'Ik ben met u alleen, o Venus'.

Ik ben met u alleen, o Venus, felle star
En, waar 'k vergeefs in mij uw stralend gloeiend zoeke,
blijft leêg mijn marrend harte, en bar.

Mijn harde mond is strak aan beiden starren hoeke.
Geen vraag. En zelfs wat 't eerst me naêrt en 't laaste scheidt:
zelfs àngst en komt mijn ijlt' bezoeken.

Ik ben met u alleen, mijn oogen droog en wijd;
terwijl de wijde nacht welft mijn verlaten kilte
naar uwe gloeiende eenzaamheid.

-De venstren blind, de kaemren naakt en ijl de dilte;
het huis eens beedlaars, onbetreên en haveloos:
aldus mijn ziel in 't land der Stilte;

alwaar ge, alleen ten hemel-tuine een helle roos,
een vurig-felle roos in Stilte's donkren lande,
staêg-noodend waakt en blaakt, altoos;

en ik, met de armoê van mijn hoofd en van mijn handen,
in de armoê van mijn hart ontbere, leêg en bar,
zelfs de arme vreugd van eenzaam branden...

Die weefgetou wat die tekste met mekaar knoop is voor die hand liggend. Afgesien van die gelyknamige titel is die belangrikste ooreenkomstige hoofgedagte "ik ben met u alleen" - "ek (is) alleen met jou". Cloete speel egter sy gedigte met effek af teen die Van de Woestijne-teks, want hy gee 'n totaal ander styl- en toonaard, sowel as verwysingsraamwerk.

Volgens Van Dale is Venus in die Romeinse mitologie die godin van skoonheid en liefde. In 'n figuurlike verband dui Venus op geslagtelike liefde en wellus, vandaar ook die uitdrukking "venusspel", wat minnespel/seksuele verkeer impliseer.

De Jong (1979b:9) wys op die virginale geboorte van die mitologiese Venus Urania. Hierdie Uraniese maagd kan "haar zuiverheid alleen maar behoeden door de bescherming die gelegen is in het volkomen opgaan-in-zichzelf. Daardoor kon er niets meer buiten haar bestaan, en is dus haar eigen wezen het 'al' geworden." Dit is tot hierdie onbereikbare godin in al haar "gloeiende eenzaamheid" en onaantasbare

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Uraniese suiwerheid tot wie die spreker in Van de Woestijne se gedig hom in sy eie eensaamheid rig. Fens (1991b:9) beskryf Van de Woestijne as "de zinnelijke, de decadent, de eenzame, de naar gemeenschap verlangende, de aan de tijd uitgeleverde maar naar **het absolute hunkerende** ..." Ook Rutten (1970:44) vestig die aandag op die eensaamheid en metafisiese verlange wat uit talle gedigte spreek. Vir Van de Woestijne is die natuur dikwels 'n selfspieël vir eie herkenning; 'n herkenning van sy eie disharmoniese innerlike. In die gloeiende eensaamheid van die suiwer aandster herken hy dus ook sy eie eensaamheid en leë bestaan. Fens (1991b:11) wys ook op die "uiterst kunstmatig karakter van deze cultuurpoëzie" - en dat die uitgesproke gevoelens uiteraard deel is van dié "kultuurkarakter".

Die Cloete-tekste verskil van die Van de Woestijne-teks in toon en taalhantering, sowel as in die houding ten opsigte van die vrou. Die spreker se toon is persoonlik en intiem, spreektalig en gemeensaam. In die Cloete-tekste is daar ook geen kleed van kosmiese beelding nie, maar handel dit om die suiwer aardse, gelukvervulde mens in die liefdespel. Albei tekste spreek van 'n oorgawe aan die aarde en heerlike sinnelikheid self. Die erotiese gang van die gedigte, begeerte en aanloop, ekstase, eenwording en vervulling, lê op konseptuele wyse dus eerder 'n stewiger verband met Boutens (1930:48) se gedig 'Liefdesuur':

> Straalt Venus' gouden aster open
> Zoo plotseling en puur...
> Hoe laat is 't aan den tijd?
> 't Is liefdes uur.

Dit is belangrik om daarop te let dat daar in die Cloete-gedigte ook sprake is van 'n omgekeerde orde ten opsigte van die verhouding spreker-Venus. Van de Woestijne se gedig kommunikeer 'n romantiese verlange en gemis; 'n klassieke aanroeping van 'n bykans goddelike instansie, maar die soeke bly tevergeefs (reël 2). In albei die Cloete-gedigte is daar 'n vooropstelling van die ek, die manlike spreker/jagter as inisieerder van die "mating game", en die vrou is gevolglik "ondergeskik" aan die spreker. Deur middel van die tipiese Cloete-procédés van herhaling, patroonvorming en delesie, beklemtoon hy die man as die handelende en verbaalaktiewe figuur in die teks wat die minnespel inisieer, aktiveer en voltooi, teenoor die vrou se onderwerping en oorgawe. Die herhalingspel van woorde, woordsoorte en woordposisies is 'n belangrike struktureringsprinsipe in veral 'Ik ben met u alleen o venus'. Gräbe (1987:13) wys daarop dat die leser by enige vorm van herhaling bedag moet wees op twee aspekte: enersyds word herhaalde elemente noodwendig gereleveer en hulle informatiewe waarde daardeur beklemtoon; andersyds dui verandering of variasie binne 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



herhaalde patroon op die ontwikkeling wat intussen plaasgevind het vanaf die bekendstelling van die patroon tot by die herhaling daarvan. In die eerste drie versreëls van die gedig is daar ’n vooropstelling van die "ek" as gevolg van herhaling en posisionering in die aanvangsposisies van die versreëls. Vanaf versreël 4 tot 15 is daar weglating van die "ek" en word veral die werkwoorde in die aanvangsposisies geplaas met die voornaamwoord "jou" daarnaas (8 uit die 12 reëls) - die gevolg is vooropstelling. Culler (1975:56) verduidelik Jacobson se opvatting oor vooropstelling van poëtiese taalgebruik soos volg: "Foregrounding may be accomplished in various ways including the use of deviant or ungrammatical construction, but for Jacobson the principal technique is the use of highly patterned language."

Die afwyking van die verwagtingspatroon wat in versreëls 1-3 gelê is, is dus hoogs informatief en sou volgens Gräbe (1987:15) die volgende funksies kon hê:

- die weggelate items word bekend veronderstel en teenwoordig geïmpliseer - in hierdie geval die "ek" van die gedig;

- die oorblywende item word besonderlik gereleveer - in hierdie geval die verbum; en

- ’n nuwe verhouding ontstaan tussen die oorblywende item en die frase wat onmiddellik daarop volg.

Vanaf versreël 4 skep die digter opnuut sintaktiese patroonvorming deur delesie en vooropstelling en gevolglik word die handelingsterme en -verloop opnuut gereleveer.

Die verband wat daar tussen die Cloete-tekste en dié Van de Woestijne-teks gelê word as gevolg van die gelyknamige titels, laat die vermoede ontstaan dat daar ook aan dié gedigte poëtikale konnotasies geheg kan word. Hierdie vermoede word bevestig op grond van die ruimtelike situering van die aangesprokene, die huisvrou, in die **kombuis**. Aldus word ’n intratekstuele verband met Cloete se eie ‘Impasse’ gelê, sowel as ’n intertekstuele verband met Nijhoff se ‘Impasse’-gedig. In albei bo-genoemde gedigte word die vrou geteken as synde ’n gestalte van die muse, en word die kombuis[19] voorgehou as digterlike omstookplek. In sowel ‘ek alleen met jou’, as ‘ik ben met u alleen o venus’, kan die vrou dus gelees word as die muse wat dien as inspirasie vir die skryf van poësie. Die titel van die tweede gedig, ‘ik ben met u alleen o venus’ verstewig die verband. Die semantiese aanbod van die gedig hou met die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



eerste lees geen direkte verband met die titel nie, maar dit is veelseggend dat dit juis Venus is wat aangespreek word - en dit op ’n ietwat gekultiveerde, effe gedistansieerde wyse. Op grond van die titel word die huisvrou dus getransformeer tot muse, tot godin van inspirasie wat hom uitlok tot omgang. Die seksuele energie word die metafoor vir die kreatiewe energie en die ekstatiese omgang met die vrou, word ekstatiese omgang met die taal. Venus as digterlike muse is inderdaad nie vreemd in die literatuur nie. So kan A. Roland Holst (1981:832) se gedig ‘De muze Venus’, byvoorbeeld geknoop word aan ‘ik ben met u alleen o venus’, want ook in hierdie gedig is daar sprake van seksuele verkeer tussen die digter en die muse, met die resultaat: "woord voor woord, nog taal/ geboren".

Die interessante van die Cloete-teks, ‘ik ben alleen met u o venus’, is die feit dat die muse wel in die titel en in die gedig aangespreek word, tog is daar nie sprake van invokasie nie, asook geen suggestie dat die muse aan die spreker dikteer nie. Die teendeel is eerder waar: die man word voorgehou as manipuleerder van die spel, soos reeds ook vroeër in die bespreking uitgewys is. Tog kommunikeer die gedig deur middel van die struktuur ’n paradoksale segging. Die herhalingspel as belangrikste struktureringsprinsipe wil juis die omgekeerde beklemtoon: as ’n digter só herhaal laat hy hom deur die taal- en versbousisteem voorskryf, voorsê, voorsing, en op hierdie wyse gaan die gedig sy eie gang en voltooi hy homself. Die poëtikale nosie betreffende die wesensaard van taal as dinamies of eiesinnig; die opvatting dat die gedig by wyse van spreke homself skryf, word dus steeds by implikasie versimmanent in dié gedig gekommunikeer.

Daar kan ten slotte met stelligheid gesê word dat spel, erotiek en omgang met die taal inderdaad veel met mekaar gemeen het. Deur die kopulering van Nederlandse en eie tekste, en die deurbreek van die skerp onderskeid tussen letterkunde en erotiek, ontgin Cloete die tekstualiteit van seks en die seksualiteit van teks. Die deurtasting van grense bring ook die betrokke **mens** in sy grenssituasie is ter sprake. Spies (1983:110) sê tereg dat die mens in sy grenssituasies - ‘daar waar hy gekonfronteer is met sy volle menswees: die glorie en gruwel daarvan - onherroeplik liggaam is. Hierdie sogenaamde grenssituasies is geboorte, seksualiteit en sterwe. Dit is dus ook dié grenssituasies van seksuele belewing en doods(h)erkenning wat Cloete in en deur die taal "in alle erns speelspeel" ontgin. Die speelse vreugde van die eroties-sinnelike belewing en die "angsenpynfantoom" as gevolg van die aftakeling van die liggaam en die naderende dood, het gevolglik óók veel met mekaar in gemeen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 4.2.2.4 "my angsenpynfantoom" - spel as besweringsmoontlikheid

doden zijn ver en koud en dichters eenzaam,
maar zij beluisteren elkanders lied; ik zing
en gij en ik worden opnieuw gemeenzaam;
- Marsman

... probeer ons takties bepaal
hoe die dood mens trefseker binnehaal.
- Cloete

**Memento mori** - onthou ons moet sterwe - lui die bekende Romeinse spreuk. Die mens as lewensreisiger is onherroeplik op pad na die dood. **Media vita in morte sumus** - midde in die lewe is ons in die dood. Dié onverbiddelikheid en onafwendbaarheid van die dood is een van die grootste gemeensplase van die mens. Die mens wat die sin van die lewe in die diepste sin van die woord aanvaar, aanvaar dus ook die sin van die dood waarin die bestemming setel, of, om met Donker (1954:49) saam te praat: "wie het leven ten volle prijst, hij prijst ook den dood". Afhangende van die mens se geloof al dan nie, onderskei Seigneuret (1988:328) ses geesteshoudings wat dikwels in die literatuur weerspieël word as reaksie op die finaliteit van die dood: "fear, honor, piety, communion, acceptance, and indifferance".

Die dood, die angs vir die onafwendbaarheid van die dood, worsteling en poging tot afrekening met die dood en beswering van die doodsangs, is gevolglik konstante temas in die wêreldliteratuur. Clausen (1986:173) beweer ook tereg: "The association of play with death is one of the oldest themes in literature." By Nijhoff word die simbiose van spel en doodsbeswering veral aangetref in die persoon van die dubbelganger, byvoorbeeld in ‘Pierrot aan de Lantaarn’ (Nijhoff, 1970:77):

Wanneer men pijn heeft van het licht
Doet men eenvoudig de ogen dicht,
Ben jij het spel der wereld moe
Doe dan eenvoudig je ogen toe.

Achterberg (1967:124) sien in die gedig ‘Code’ die hele digterlike proses as ’n worsteling met lewe en dood:

De dichter, onder ’t schrijven, weegt en wikt,
op dood en leven een schermutseling,
totdat de deur eindelijk open gaat.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Die digter Marsman bely versekstern: "Ik had moeten denken aan den dood, niet alleen in gedichten, en ik had den doodsangst niet moeten verdrijven met het roepen om leven, ik had hem zwijgend moeten doorstaan." (Soos aangehaal deur Goedegebuure, 1981:275.) Ook Cloete is geen uitsondering nie - die mens se eksistensiële lewens- en doodsangs en die pyn as noodsaaklike bestanddeel van die daaglikse bestaan, blyk uit talle gedigte in sy oeuvre. Hambidge (1985b:9) bring dan ook die sentrale begrip "allotroop" en die digter se telkense nuwe perspektief op die dood met mekaar in verband; vandaar ook dan die talle **in-memoriam**-gedigte.

Basson (1987) bespreek op uitvoerige wyse die voorkoms van die doodsmotief in Cloete se poësie, met die klem op die bundel Allotroop, en onderskei die volgende aspekte ten opsigte van die doodsmotief: die "ontvlugting" van die dood, die aftakeling van die dood, die verweer teen die dood, die beswering van die dood, en die triomf oor die dood. Daar is dus duidelik verskillende konsepsies met betrekking tot die hantering van die dood in Cloete se oeuvre te onderskei, maar met één gemene deler: ondanks die bittere erns van die gegewe is die **spel**vorm telkens herkenbaar, want soos reeds genoem, het dié spel op lewe en dood vanweë die besweringsmoontlikheid 'n bevrydende werking. Kazemir (1968:30) het dit dus heeltemal reg as hy beweer: "Daarmee kreeg de spelvorm zijn diepste zin, werd de angst om dood en leven opgeheven."

Dit is veral in Cloete se derde bundel, Allotroop, waar die dood in sy verskillende gedaantes die sterkste figureer en waarin die digter se omgang met die dood en sy verskillende opvattings ten opsigte van die dood poëties vergestalt word. Die hantering van die dood as digterlike spel manifesteer in die eerste plek in die drang tot identifikasie - daar is 'n vereenselwiging met mede-kunstenaars en voorgangerdigters se ervaring en hantering van die doodsgegewe, en op hierdie wyse word die eie pynlike ervaring geobjektiveer en gerekonstrueer. Vandaar ook dat Hugo (1985:7) poneer: "dit is in die **in-memoriam**-gedigte dat dié objektiveringsproses grootse gestalte kry". Medekunstenaarsfigure wat gely en gelouter is deur pyn en dood word deurgaans die "objective correlative" vir die digter: Beethoven (p.17, 112), Mozart (p.23), Vondel en Milton (p.51), Munch en Goya (p.58), Bybelse figure soos Job (p.47), Lasarus (p.114), en Hiskia (p.120). Dit is veral in die gedig 'Clotho' dat hy 'n reeks medekunstenaars wat ook die dood in die gesig gestaar het en dit op sinvolle wyse in hul eie kreatiewe handelinge verwerk het as identifikasiegestaltes voorhou: Vondel, Job, Kloos, Milton, Ernst van Heerden, Opperman. Dié gedig word ten slotte

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



’n loflied op die wonder van die kreatiewe woord waarin en waardeur die mens in staat is om die eie letsels en beletsels aan te spreek én te oorwin.

Die allotropie van "gevormde literatuur" word in die tweede plek ook ’n vorm van digterlike spel om in en deur die poësie die doodservaring te verwerk en die doodsvrees te besweer. Cloete wend hom na tekste van voorgangerdigters uit die Middeleeue, die Renaissance en ook uit eie tyd; hierdie tekste word dan as brontekste op die agtergrond geplaas om daarteen die eie ervaring van die dood te nuanseer en in reliëf te plaas. Op hierdie wyse poog hy waarskynlik om deur te dring tot die sin en betekenis[20] van eie pyn en lyding, die naderende dood, maar ook die dood van geliefdes. Deur middel van verwysings, woordspelings, jukstaponering en sitering speel hy met effek terug op spesifieke doodsgedigte.

In ‘in memoriam brezjnef’[21] roep hy die digters Marsman en Revius in deur middel van die parenteses "(vra marsman)" en "(vra revius)", as getuies om namens hom te praat om sodoende die universele geldigheid van die eie ervaring deur middel van dié digterlike spel te konstitueer.

Hendrik Marsman (1899-1940) word allerweë voorgehou as vitalis, dit wil sê as eksponent van die mens met ’n verhewigde lewensdrif. Vandaar ook sy bekende versinterne uitspraak: "Groots en meeslepend wil ik leven!" (in ‘De grijsaard en de jongeling’). Tog het Marsman, die verheerliker van die lewe by uitstek, ook die teenkant geken en ervaar: die doodsvrees, en bely hy in die gedig ‘Doodsstrijd’ (Marsman, 1989:58):

> ik ben bang, ik ben bang voor den dood
>
> ...
>
> ik kan hem niet zien,
> ik kan hem niet zien,
> maar ik voel hem achter mij staan.

Cloete ontgin in sy gedig Marsman se opvattings as interteks en gebruik dit funksioneel in die konteks van die spreker se gedagtegang as hy sê:

> bowendien (vra marsman) is dit om ’t ewe
> of ons sonder hiernamaals groot of klein lewe
> en of ons hoegenaamd onderskei
> tussen menslik klein en groot

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Jacobus Revius (1586-1658) is "dié strydbare Calvinis-digter (die Kontra-Remonstrant) by uitstek" (Schutte, 1988:218) en veral bekend vir die stukrag van sy geloof wat tot uiting kom in sy geestelike poësie. Dekker (1967:126) noem hom die "Calvinis, vir wie die heilsfeite van sonde en verlossing 'n ontsaglike realiteit is en wat in sy poësie tot 'n mistieke belewing van sy positiewe geloof kom". Vir dié gelowige wat die predestinasie aanvaar en bely (vergelyk die bekende 'Gods besluyt') is die dood geen verskrikking nie. Ook in die gedig 'in memoriam lenie' praat Cloete sáám met Revius deur middel van die parentese "(sê revius)", en benadruk dit die boodskap van die reddende genade van God, liggaamlike lyding en beletseling ten spyt.

'n Volgende procédé waarin die spelelement manifesteer, is die lê van intertekstuele verbande deur 'n verwysingspel na spesifieke doodsgedigte deur middel van gemeenskaplike titels; byvoorbeeld 'goeie dood' wat terugspeel op P.C. Boutens (in Cloete, 1977:52) se gedig 'Goede dood', 'Mollefees' wat Antonis de Roovere (in Cloete, 1963a:96) se dodedans in digterlike vorm, 'Van der Mollenfeeste', heraktiveer en 'Somnambule', wat op Achterberg (1967:76) se gelyknamige gedig betrekking het. Ook 'Egidius' (Jukstaposisie) roep die titel van 'n Middelnederlandse lied op en deur middel van 'n "ironiese intertekstuele wanverhouding as belangrikste struktureringselement" (Venter, 1989:198) word die fenoteks ingespéél op die architeks en verkry dit so 'n besondere pregnansie. Volgens Venter (1989:200) is Cloete se gedig 'n sistematiese "weerspreking" van die sentiment van die 'Egidius'-lied, want dit verskil ingrypend van die Middeleeuse lied ten opsigte van taal, woordkeuse, styl en toonaard.

Kazemir (1968:19) bespreek 'n belangrike faset van die spel in die poësie, naamlik die formele spel wat hom veral in die taalelemente manifesteer. Hy sonder veral drie aspekte uit met betrekking tot die poësie van Nijhoff: die paradoks as 'n vorm van intellektuele spel, die speelse karakter van verrassende sinswendinge en van oorspronklike beeldspraak. Die gedig 'gehuldig in klip' (Allotroop) is 'n uitstekende voorbeeld van 'n gedig waarin Cloete terugspeel op die tradisie en terselfdertyd die dood besweer deur die magiese werking van die formele digterlike spel; veral dan ook deur die intellektuele spel van die paradoks.

In die gedig word daar in die eerste plek teruggespeel op die tradisie van digters wat **in memoriam**-verse oor hulleself geskryf het, soos byvoorbeeld die Nederlandse digter J.J. Slauerhof (in Grové, 1968:227) met sy gedig 'In memoriam myself'. Die titel van Cloete se teks, 'gehuldig in klip' suggereer 'n speelse afrekening met die verganklik-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

heid en die vergetelheid van die dood - ’n monument tog word per slot van rekening opgerig ter nagedagtenis aan ’n belangrike persoon. Cloete se teks het met die eerste lees betrekking op ’n konkrete beeld as monument vir ’n ontslape skrywer, maar suggereer as gevolg van ’n deurlopende kommunikasie-paradigma (kyk, penorent, sandsteenhand, ooglede, hoor, praat/variant op variant) dat die monument ook as metafoor vir die gedig gelees moet word. Cloete se gedig klink só:

gaan kyk na my monument
diep in die grys vlaktes van die platteland
daar staan my beeld penorent
met ’n sandsteenkop
en ’n sandsteenvoet en ’n sandsteenhand
en ’n hart wat sandhart klop
hy’s gevoelloos melaatsgeel
hy staan in die son en brand
hy’s van die hitte skeel
die pupille is gaatjies geboor
die ooglede is van stywe sand
daarmee kan hy beter hoor
die mense in die straat
staan my naam is vergete naderhand
verwonderd van hom klipsteenhard en praat
variant op variant
die ou kordaat
die ou kontant
dis die monument
ten voete uit
van ’n vent
God het gelukkig vir hom
in ’n klipdikhuid
hom tereg laat kom

Die spelelement in die gedig manifesteer op formele wyse veral in die herhalingspel, sowel as in die spel van paradokse as belangrikste struktureringsprinsipes. Volgens Van Gorp <u>et al.</u> (1986 :2997) is die paradoks ’n uitspraak wat op die eerste oogopslag ’n teenstrydigheid bevat. Indien ’n mens egter noukeuriger ondersoek instel, ontdek ’n mens ’n dieperliggende waarheid wat die teenoorgestelde komponente van die stelling met mekaar versoen. Kazemir (1968:20) se siening is veral insiggewend as hy daarop wys dat die paradoks ook plotseling allerlei assosiasies laat ontstaan, "die het enkele woord een veel wijdere betekenisomvang, zelfs een intense geladenheid kunnen geven als het nooit in het dagelijks gebruik heeft gehad".

Die semantiese strekking van die titel, ‘gehuldig in **klip**’ (dit wil sê ’n harde gesteente[22]) toon ’n ongerymdheid met die semantiese segging van die gedig, want die monument is van **sand**steen. "Sand" is op sigself ’n sagte, gepoeierde stof en roep

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die assosiasies op van uitdrukkings soos "in die stof byt" (sterf) en "op sand bou" (sonder fondament). Die opposisiekruks: sand x klip en sag x hard, word spelenderwys met "variant op variant" in die gedig ontgin:

'n hart wat sandhard klop
stywe sand
klipsteenhard en praat
klipdikhuid

Ook ten opsigte van semantiese strekking is 'n aantal paradokse uit te wys: 'n standbeeld (leweloos) waarvan die hart klop (lewend), die **ooglede** ... waarmee hy beter **hoor**, die mense wat van hom praat, maar hy het in die vergetelheid geraak. Die herhaling van woorde, beelde en sintaktiese patrone bevestig die formele spelelement. Hierdie herhalingspel word terselfdertyd 'n vorm van inkantasie waarmee die vrees vir die vergetelheid van die dood besweer word.

Cloete se gedig 'somnambule' en Achterberg se gelyknamige gedig het op die oog af nie veel in gemeen nie. Tog is daar in albei gedigte dieselfde geesteshouding te bespeur: wanhoop of opstand teen die pyn en verlies en 'n digterlike skermutseling op lewe en dood as gevolg van die "Dooddoelwit" (Achterberg, 1967:76). In Achterberg se gedig is dit die verlies van die geliefde wat aangespreek word. In die Cloete-teks word 'n slapelose nagwandelaar geteken wat die onverbiddelike voortgang van die tyd bevrees afluister en die nagkwellings van andere weens die "skrikbewind" van die dood wat hy in fluisteringe verneem "dawerend, megafonies, 'uitmunch, uitgoya'[23] om só deur sy eie pyn heen uit prewelinge 'n wanhoop- of opstandkreet te genereer" (Grové, 1985:15). Die erotiek word voorgehou as 'n vorm van doodsbeswering, by implikasie dus die seksuele **spel** waarmee die mens met "bevreesde lewenslus / die dood besweer". Seigneuret (1988:341) maak in verband hiermee die insiggewende opmerking dat in die poësie sedert die Romantiek "death becomes increasingly associated with eroticism, as the polar opposition between death and life shifts onto a desired fusion".

Cloete sluit die bundel <u>Allotroop</u> af met 'n enkelreëlige gedig. Die gedig trek die dood-kode van die bundel op kriptiese wyse saam, want die wit in die gedig ondersteun die doodsgedagte. Terselfdertyd word 'n poëtikale konsepsie kommunikeer. Die enkel reël is 'n sitaat uit 'n bekende gedig van Achterberg (opgeneem in Cloete, 1977:295) 'Met dit gedicht ...':

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Met dit gedicht vervalt het vorige.
Ik blijf mijn eigen onderhorige.

Totdat in ’t einde blijken zal,
wie meester is, en wie vazal.

Tussen mijn leven en mijzelwe
is enkel nog een graf te delven.

Maar buiten deze laaste dingen
is enkel nog het lied te zingen,
-is enkel nog den dood t’ontwringen

het lied dat van haar lichaam is,
het lied waarvan haar lichaam is
de onbevlekte ontvangenis

en dat den dood niet toebehoort
binnen dit woord.

Cloete (1977:291) noem Achterberg die digter van net een bemoeienis: om die dood te besweer met die gedig, met die taal. Kusters (1987:33) beskryf Achterberg se voortdurende bemoeienis met die dood soos volg:

> Dit oeuvre heeft ons voorgoed doen zien wat poëzie is: een allesbehalwe vrijblijvende occupatie met het onmogelijke, een moordende poging tot het **winnen van leven uit de dood**. Die poging heet het ‘**weven**’ van een vers; iedere echte dichter doet dat op zijn eigen wijze, want de ‘wet’ van het concrete afzonderlijke ‘web’ wordt door niemand opgesteld.

Die stukrag agter Achterberg se oeuvre is die feit dat sy taak nooit voltooi was nie. As hy byvoorbeeld in ‘Majesteit’ sê: "Ik moet haar weer opnieuw formeren," setel daarin ook die kode van onbereikbaarheid wat deurlopend in sy oeuvre na te speur is. Poging tot rekonstruksie is ’n aanhoudende proses. Hy wil alle woorde en beelde omskep tot bruikbaarheid en daardeur pleit hy vir ’n formule om die dooie tot lewe te wek. Dit staan volgens Houwink (1973:64) by Achterberg bekend as die tragies-kreatiewe mag van die woord.

Cloete se slotgedig aktiveer dié kernkomponente van Achterberg se oeuvre, omdat die leser, veral die leser met die "fascinatie voor de bron" (Van den Akker, 1991:350) genoop word om die Nederlandse teks as bronteks te (her)lees, te kontekstualiseer en die allotropie van dié "gevormde literatuur" te interpreteer. Cloete se gedig is ten opsigte van semantiese strekking ’n direkte weerspreking van die Achterberg-teks:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



met dit gedicht vervalt het vorige **niet**

Die semantiese steunpunt, "niet", het 'n meervoudige verwysingsfunksie: "niet" kan gelees word as "nie", die bywoord van ontkenning. Dit hou ook verband met die uitdrukkings: "te niet doen" (vernietig), "tot niet gaan" (te gronde gaan), "in die niet sink" (sy waarde verloor), "tot niet maak" (vernietig). Gevolglik suggereer die gedig supplementariteit en diversiteit - of in die jargon van die bundel, allotropie, **dieselfde** toestand wat **anders** verwoord word. Met hierdie vernuftige toespeling konstateer Cloete die kern van die poëtikale opvatting betreffende die hele bundel, maar ook van sy eie oeuvre: die gedigte as "knoopskrif" knoop intratekstuele verhoudings aan met tekste in eie oeuvre, maar ook intertekstuele verhoudings met tekste buite sy eie oeuvre. Die gedig is dus nié 'n eie skepping met 'n eie betekenis en 'n insigself afgeronde geheel nie, maar voer 'n gesprek met dit wat voorafgegaan is (en by implikasie met dit wat nog mag kom). Die een gedig hef die ander nie op nie. Binne die mens, as sinsoekende wese, se verwysingsraamwerk bly die verskillende sienings van en perspektiewe op die dood dus eweneens geldig.

As die vorige gedig(te) nie verval nie, nie tot niet gaan of waarde verloor nie, dus stáánde bly, impliseer dit die besweringsmoontlikheid van die gedig, van die taal teen die onverbiddelike aanslag van die vergetelheid en die dood. Dít bevestig op paradoksale wyse die geloof in die taal, maar ook wantroue in taal, want die ikoniese voorstelling van die "niet", die niks, hef dié besweringsmoontlikheid van die taal teen die dood op. Die oorwegend tipografiese wit van die gedig maak 'n visuele appél op die leser en is waarskynlik 'n gelykenis van die saak waaroor dit handel: die oorheersende "niet". Die bundel kom dus ten slotte uit by die "niet", by die niks, by dit wat die taal nié kan sê nie. Taal/poësie kan dus nié die dood se aanslag afweer nie. Voor die groot niks van die dood is die taal en dus ook die digter as 't ware sprakeloos.

Ook van Cloete se oeuvre kan uiteindelik gesê word, om met Van den Doel (1968:79) saam te praat: "Dichten is meer dan schrijven. Het is schrijven plus de schermutseling op leven en dood, waarvoor veel wikken en wegen noodzakelijk is." By Cloete manifesteer hierdie "schermutseling op leven en dood" veral in die spelvorm as belangrikste literêre gebeure. Deel van hierdie spel is die luister na "elkanders lied" (Marsman in Cloete, 1977:267), en die idiolektiese "omzetting" van dié voorganger-digters se tekste om so die eie "angsenpynfantoom" te besweer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 4.3 Gestalte

Die gestalte in die literêre teks en spesifiek ook die gedigteks is dikwels dominant. Die gestalte in die literêre teks is egter nie enkelvoudig gemanifesteer nie. Cloete (1984a:63) wys op die multivalensie van die literêre gestalte en maak dié uitspraak: "in die organiese wêreld van die literêre teks bring die gestalte ons direk uit by die hele problematiek van interpretasie, wat die direkte gevolg van die literêre meerduidigheid in vele vorme is".

In hierdie afdeling word die klem gelê op die rol van die literêre gestalte in die poësie van Cloete - met dié voorbehoud dat dit met ander elemente kokommunikatief is, en, juis as gevolg van die literêre meerduidigheid, nié selfstandig gekonstitueer word nie. Indien die Cloete-oeuvre in oënskou geneem word, is daar veral drie gestaltes wat uitgesonder kon word, naamlik dié van die wandelaar, die gestalte voor die venster of raam, en die gestalte van die vrou. Eersgenoemde twee is reeds by implikasie bespreek, en die verwantskap wat hierdie twee gestaltes in ’n breë verband met dié van veral Nijhoff toon, is ook uitgewys.

In Cloete se gedig ‘Oopooggebed aan ontbyttafel’ (Allotroop) kom die beeld van die gestalte(s) voor die raam ook aan bod: in hierdie geval ’n gemoedelike samesyn van "ons twee Herman Knus Slaplat en Nanna Koue Patat van silwer". Die gebedsnosie impliseer ’n religieuse dieptegang en ’n vertikaal gerigte geestesblik, terwyl ’n horisontale fokus op die aardse detail in jukstaponering daarmee die oorkoepelende gegewe van die gedig is. Dit is veral ’n **dank**gebed wat gerig word vir die ruimtelike situering en belewing, wat as gevolg van die herhaling, "dankie dat ons hier sit" / "dankie dat ons voor die venster sit", vooropstelling geniet. Die nosie "alles in ons raam" skep ’n omlysting vir die aardse gegewe, wat ’n spel met kleur en die visuele insluit, maar terselfdertyd ’n suggestie van onvolmaaktheid en onvolledigheid oproep deur die konstante gebruik van "onvolledigheidsterme" soos "korsie", "stukkie", "dele", "stukke", "brok" en "stukkende". Daar is ’n dinamiese ruimtelike beweging in die gedig vanaf ’n nabye horisontale gerigtheid na ’n geleidelike verdere vertikale gerigtheid (gewel, mure, dak, telefoondraad) met as kristallisasiepunt: die hemel. Die werklikheidsproblematiek word in die slotreël aan die orde gestel deur die dubbele verwysing: "die hemel is uitsluitend hemelsblou". Die implikasie is: die werklikheidsbelewing van bloot die aardse hou die gevaar in dat die hemelse uitgesluit kan word, óf die perspektief op die hemelse is die sintetiserende faktor wat die onvolledigheid

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die aardse gebrokenheid heel. Vreugde behels dus die aardse én die hemelse as jy oopoog kyk.

Vroue is belangrike figure in Leopold én Cloete se poësie. Aan die vrou as gestalte kan verskillende rolle toegeken word. Die vrou as lewensmaat of seksuele maat en die liefdesverhouding met haar is tematies voor die hand liggend. Cloete skryf dan ook van die openhartigste liefdespoësie in Afrikaans. Die vrou as 'n gestalte van die muse, soos in 'Impasse' (en die ooreenkoms met Nijhoff se 'Impasse'-gedig), is reeds uitgewys. Omdat die literêre gestalte meervoudig, multipleks gekonstitueer word, is die vrou soms in Cloete se poësie, soos ook in die poësie van Leopold, simbolies verteenwoordigend van die digter, of van die gedig. In Leopold se gedigte word die vrou soms geteken in die gestalte van 'n toeskouer, wat bewonderend haarself beskou - en dit word dan tekenend van die tiperende sigself oordenkende dromende denke van die digter. Dieselfde gebeur ook in 'Vroue van Vermeer' (Driepas).

Dit is 'n interessante verskynsel dat van die gedigte wat in Cloete se oeuvre die meeste bespreek is, dié is waarin hy ook van die tegniek van transformasie of "omzetting" van tekste gebruik maak. Hier word "omzetting" in die breedste sin bedoel. Dit gaan nie net om woordtekste nie, maar ook die "omzetting" van ouditiewe[24] en visuele tekste. As voorbeeld van laasgenoemde is 'Marilyn Monroe foto in blou' en 'Impasse' [25], gedigte waarin dit gestaltematig om die vrou gaan. Een van die mees besondere en knapste gedigte in Cloete se oeuvre is 'Vroue van Vermeer' en ook hier gaan dit om die idiolektiese "omzetting" van tekste en die vrou as gestalte, soos reeds uit die titel af te lei is. Hierdie gedig word vervolgens bespreek.

**Vroue van Vermeer**

Dit is meestal 'n mooi jong vrou.
Meestal is sy alleen binnenshuis,
dalk met 'n wit veraf brief wat sy vashou,
naby, in 'n gloeiende klein hand
voor 'n kleiner of groter oop
venster. Daar kom 'n ligte geruis
van 'n wêreld aan uit 'n land-
of groter wêreldkaart
wat teen die muurvlak oorkant
hang, daar waar seestrome en wind loop
met haar land se ganse skeepvaart.
Sy staan, sy sit, sy buk oor kant,
sy droom of sluimer
in lig wat in vlokkies of korrels brand
of dof kaats in die ruimer
ruimte van 'n skildery of spieël of in 'n wynhouer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ivoor maak, of sy speel klavesimbaal
of sy loer oor haar skouer
en dra 'n sonnende pêrel teen haar nek
se skadu. En altyd is daar lig wat áfstraal
ín in die liefs klein afgemete vertrek,
oorvloedig, uit die oop grote
universum en wat die klein aardse geslote
stilte in die onmeetlike laat asemhaal.

Gouws (1988:329) wys daarop dat die Cloete-gedig 'Egidius' 'n transkripsie is van die veertiende-eeuse Egidius-teks, en verduidelik: "Cloete wil dat die anonieme volkslied 'n raam word waarbinne hy as skriptor sy transkripsie van die werklikheid kan weergee." Hierdie digterlike procédé is kensketsend ook van 'Vroue van Vermeer,' met dié verskil: daar is nie 'n enkele fokalisasiepunt nie, maar 'n tipies Oppermanse "blik op blik op blik" [26] of dan, raam op raam op raam. Agter die woordteks skuil 'n beeldteks en ander woordtekste. Die ooglopendste grondteks in hierdie geval is die oeuvre van die Nederlandse skilder Vermeer, met as tweede raam die poëtikale geskrifte van Nijhoff en as 'n derde tekste uit Leopold se oeuvre. Binne hierdie rame gee Cloete sy "umwertung" van die waargenome werklikheid en modelleer hy terselfdertyd 'n eie poëtikale konsepsie.

'Vroue van Vermeer' kan op grond van die titel geklassifiseer word as 'n "beeldgedig." Die konsep "beeldgedig" word deur Van Gorp et al. (1986:45) gedefinieer as 'n gedig wat geïnspireer is deur 'n werk in die plastiese kuns. 'n Gedig wat betrekking het op die hele oeuvre of gedeelte van die oeuvre van 'n kunstenaar word 'n kumulatiewe beeldgedig genoem. Volgens Van Deel (1982:45) kan die woordkunstenaar wat die beeldende kuns as aanleiding tot die skryf van 'n gedig kies, allerlei gesigshoeke kies - hy kan of as objektiewe toeskouer aan die woord wees of vanuit 'n personale belewing deel hê aan die skilderyvoorstelling. Die digter kan die visuele grondteks in woorde nateken, of hy kan krities of interpreterend daarteenoor staan, of hy kan tot (self)herkenning kom, of sy eie omstandighede identifiseer of sy eie tematiek daaraan verbind. Hy kan die kunswerk as uitgangspunt neem vir sy liriese beskouinge, kunsteoretiese uitsprake of selfs 'n kommentaar lewer op die skepper van die kunswerk. Die problematiek rondom die eiesoortigheid van die literêre kuns (en spesifiek die poësie) teenoor die beeldende kuns, word ook heel dikwels in die sogenaamde beeldgedig aangespreek. Van Deel (1988:7) vat dit wat tot dusver gesê is in essensie saam, as hy die belangrikste karakteristiek van die moderne beeldgedig tipeer as "persoonlijke verwerking van kunst, al hoeft zij niet altijd zo diepgaand te zijn".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Cloete sluit met sy gedig aan by dié breër Europese tradisie en dus ook spesifiek Nederlandse tradisie van die beeldgedig as genre, wat in die sestiende en sewentiende eeu 'n bloeitydperk geken het en 'n oplewing in die twintigste eeu beleef. 'Vroue van Vermeer' kan bestempel word as 'n sogenaamde kumulatiewe beeldgedig omdat dit nie 'n enkele kunswerk as uitgangspunt het nie, maar 'n totale oeuvre. Cloete betrek op subtiele wyse verskillende dimensies in die gedig. In die eerste plek gee hy 'n beskrywing van Vermeer se wêreld, sy onderwerpe en temas. Hy interpreteer op persoonlike wyse en laat die fokus val op die gestaltegewing en die ruimtelike dimensies van die beeldtekste. Belangriker is egter die feit dat hy met die beeldende kuns as uitgangspunt 'n netwerk van betrekking tussen sy gedig, die beeldtekste en ander woordtekste blootlê, om ten slotte op implisiete wyse 'n eie kunsteoretiese uitspraak te lewer.

Vermeer was een van die groot meesters van lig en kleur in die Nederlandse skilderkuns. Kenmerkend van sy skilderye is die lig wat ingestraal word op die komposisie - veral die helder, wit lig van 'n Hollandse dag. Teen die muur is daar telkens 'n landkaart sigbaar, en dit dien as metafoor vir die passievolle Nederlandse nuuskierigheid in verband met die wêreld. Die vrou, wat telkens die gestalte in sy skilderye is, kan geïnterpreteer word as tekenend van die muse, hetsy vir die poësie of die kuns in die algemeen. Vermeer se kenmerkende styl word konstruktief genoem as gevolg van die klem op die komposisie van die skilderye en as gevolg van sy streng gedissiplineerde studies van lig en donker skadu's in die ruimte. Hy was nie gewild onder sy tydgenote nie, want hy was sy tyd ver vooruit. Daar het maar ongeveer veertig skilderye behoue gebly uit sy hele oeuvre.[27]

Cloete bied al hierdie gegewe in sy gedig:

- "meestal 'n mooi jong vrou" - die model en muse;

- "meestal is sy alleen binnenshuis" en die "klein afgemete vertrek" - die beperkte ruimte vir die streng komposisie;

- "gloeiende..." en "voor 'n kleiner of groter oop venster" en "... altyd is daar lig wat afstraal/ ín in die liefs klein afgemete vertrek,/ oorvloedig" - die kenmerkende ontginning van lig;

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- "... ’n wêreld aan uit ’n land-/ of groter wêreldkaart/ wat teen die muurvlak ..." - kaart as metafoor vir die Nederlander se nuuskierigheid in verband met die wêreld; en

- "sy staan, sy sit, sy buk oor kant,/ sy droom of sluimer ..." - die vrou se aktiwiteite.

Die inset van die gedig: "Dit is **meestal** ..." en die vooropstelling as gevolg van posisionering en herhaling in versreël twee: "**Meestal** is...", benadruk die feit dat dit hier om die kensketsende eienskappe van ’n oeuvre gaan. Cloete transkribeer dus die visuele gegewe wat kenmerkend is van Vermeer se hele oeuvre en dít bied terselfdertyd die poëtiese stramien vir ’n tweede raam: die poëtikale opvattings van die digter Nijhoff.

In versreël 1 word die perspektiwiese brandpunt van die visuele gegewe vooropgestel: "Dit is meestal ’n mooi jong vrou." Gestaltegewing is ’n tipiese Nijhoviaanse procédé en die toepassing van sy objektiveringsteorie of maskerteorie. In Cloete se gedig is daar sprake van ’n dubbele spieëlbeeld: die vroue van die skilder Vermeer is die gestaltelike fokuspunt van die gedig (soos blyk uit die titel én die semantiese strekking van die gedig) en terselfdertyd die "objective correlative" vir die skriptor. Die klem op die vrou in die lig wat "kaats" in ’n skildery of spieël of wynhouer kan gelees word as ’n handeling van selfbeskouing - ’n gewoonte wat in verband met die skoonheid staan, ’n artistieke bedryf. In sy beskoulike artikel oor die dromende denke beskryf Cloete (1970:183-184) op uitvoerige wyse wat hy noem die "sigself oordenkende dromende denke by ’n paar vroue". Die vrou wat na haar afbeelding in ’n spieëlende oppervlak kyk, is besig met selfbemoeienis, selfs selfbewondering. Volgens Cloete (1970:184) sien sy uit haarself ’n vreemde wese tree, sodat sy dan van selfbeskouer in toeskouer verander:

> vir die digter, van wie die ‘culte du moi’ tipies is soos van die vrou, is die gedig ’n spieël waarin hy homself beskou, maar waarin hy tegelyk ’n ander wese aanskou, omdat daardie spieël omvorm en ’n selfstandige realiteit skep [...] Die digter, beskouer van homself, word toeskouer van homself, en die gedig, middel by die selfbemoeienis, skep tegelyk iets aparts.

Die digter word dan ’n toeskouer by sy eie gedig in ’n dubbele sin: ten eerste omdat hy die gedraginge van sy eie gees in die vorm van die gedig nuuskierig betrag; ten

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tweede omdat sy eie gees vir hom as iets vreemds, aparts, as iets buite homself voorkom as gevolg van die eienaardige gedrag van die dromende denke.

Bronzwaer (1988:91) beklemtoon op sy beurt ook die tiperende poëtiese selfbewustheid en selfrefleksie van die moderne kuns. ('n Observasie dus ook van die sélf.) Volgens hom moet die moderne kuns as **metakuns** verstaan word en daarom is die moderne kunswerk altyd bewus van sy **status as kunswerk**. Dit is ook in hierdie lig wat Cloete se gedig gelees moet word - deur middel van die kumulatiewe beelde formuleer Cloete by implikasie poëtikaliteit, dit wil sê 'n opvatting oor die aard en wese van die (moderne) kuns.

Die aktiwiteite van die vroue wat in die gedig beskryf word, kodeer kreatiwiteit in die algemeen en ook in die besonder **taal**kreatiwiteit. 'n Mens sou dus 'n deurlopende kreatiwiteitsparadigma[28] in die gedig kan uitwys. Sy staan met "'n wit veraf brief wat sy vashou" [...] "in 'n gloeiende klein hand". "Brief" en "hand" is by uitstek taal- en skryftekens. Die deelwoord "gloeiende" aktiveer semantiese aanwysers soos lewend, durend, liggewend en warm.[29] Die teenoorgestelde dus van "die hand wat koud/ geword het" in 'loopskrif in 'n vakansiehotel'. Ook die ander aktiwiteite van die vrouefigure kan met die skeppingswerk in verband gebring word: sy buk oor kant[30] of sy speel klawesimbel. Selfs die land- en wêreldkaart en die skildery, spieël of wynhouer wat 'n kaatsende effek het, simboliseer die kreatiewe werksaamheid van die menslike gees wat neerslag vind in 'n voltooide objek. Die vrou is dus óf aktief werksaam óf sy "droom of sluimer". Hierdie versreël verkry komposisionele prominensie op grond van die feit dat dit volgens die bladspieël die kortste is en min of meer in die middelste versreël van die gedig staan (reël 13 uit 24 reëls). Die handelingsterme "droom" en "sluimer" wat só releveer word, sluit aan by die volgende (eweneens poëtikale) raam, naamlik dié van die "droomend denke" in 'De Molen' van Leopold en die "in den slaap gevonden rym" van Boutens, sowel as die verseksterne poëtikale geskrifte van Cloete oor die dromende denke - dus die teorie oor die onbewuste dromende denke van die digter wat 'n voorwaarde is vir die ontstaanswyse van die poësie. Voeg hierby ook die vrou as synde 'n gestalte van die muse, soos in Cloete en Nijhoff se 'Impasse'- gedigte gekommunikeer word. Binne die meerduidige kommunikasie van die gedig is daar dus ook 'n multidimensionele perspektief op die vrou as gestalte.

Ruimte en gestalte in die gedig hou intieme verband met mekaar en funksioneer gesamentlik as hoofmanifestasievorm. Die ruimte is 'n belangrike konstituent van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

gestalte en is kokommunikatief met die gestalte. Die ontstaanswerklikheid is 'n digterlike perspektief op die skilderye van Vermeer. Vermeer se vrouegestaltes bevind hul inderdaad meestal voor 'n venster en is derhalwe 'n belangrike tematiese aspek van sy oeuvre. Nash (1991:86) sê in hierdie verband:

> This concern: the relation of the visible and invisible of carnal and spiritual, of material and ideal, illusion and reality, is perennial, but it was in Vermeer's age a constant theme of painting. From one point of view, it was the question raised by the **paragone** (comparison) of arts: what were the limits of painting?

Die ruimtelike werklikheid van die visuele bronteks word in die gedig getransponeer tot die ruimtelike werklikheid van die literêre teks. Vir die literêre werklikheid is dit egter veelbetekenend dat die vrou as gestalte haar ook voor die venster (raam) bevind. Hierdie ruimtelike situering "voor 'n ... venster" kry ekstra relevering as gevolg van die posisionering van die twee woorde aan die begin van onderskeidelik versreël 5 en versreël 6, sowel as die klankherhaling : **voor 'n venster**, wat terselfdertyd die titel klankmatig resoneer: **Vroue** van **Vermeer**.

Die ruimtelike situering "binnenshuis", in 'n "klein, afgemete vertrek", binne 'n "klein, aardse werklikheid", dui op die poëtikale konsepsie dat die werklikheid waar die gedig ontstaan, gesetel is in die gewoon aardse realiteit. Dieselfde opvatting word aangetref in Nijhoff se gedig 'Het veer' waarin die wonder van die gewone lewe by uitstek besing word. Ook in die tekening van die ruimte is daar ooreenkomste: die gestalte van Sebastiaan[31] verwyl byvoorbeeld aanvanklik 'n poos, "geleund tegen de muur van een klein boerenhuis". Die beeld van 'n gestalte "tusschen kamerwanden" (Nijhoff, 1970:35) is trouens 'n belangrike gegewe in Nijhoff se digterskap. "Een ruimte scheidt mij van de wereld af", sê die spreker in 'De wandelaar', en hierdie ruimtelike situering word dan kenmerkend van 'n hele oeuvre.

In die Cloete-teks kom die toewaaisels van buite deur die "oop" venster: letterlik gedemonstreer as "Daar kom 'n ligte geruis [...] aan." As Nijhoff in "Over eigen werk" (1970) die begin van die gedig beskryf, gebruik hy die beeld van 'n skip wat gedra en voortgestu word deur die golwe wat teen hom opskuim - ook hier is "seestrome en wind" wat "loop" met haar land se "ganse skeepvaart". Binne die raamwerk van die ars poëtikale opvatting van die gedig wat homself uitwerk, is dit ook gepas om 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

intratekstuele koppeling[32] van "loop" in hierdie teks en die gedig wat op loop gaan in 'loopskrif in 'n vakansiehotel' te maak.

'n Spel met teenstrydighede vorm skering en inslag van die gedig: teenstellings tussen kuns en werklikheid, beeldende en literêre kuns, stilstand en beweging, lig en donker, swye en gesprek. Van Deel (1982:23) maak die interessante opmerking, wat hier ook van toepassing gemaak kan word: "In het algemeen geldt trouens dat gedichten die zijn geïnspireerd op beeldende kunst de bedoeling hebben een stilstaande, zwijgende wereld in beweging tot spreken te brengen."

In die gedig is daar 'n duidelike ruimte-paradigma uit te wys wat manifesteer in 'n berekende spel met binêre opposisies: groter en kleiner, statiese en dinamiese, ligter en donkerder ruimtelike aanduidings. Hierdie opposisies is: veraf x naby, kleiner x groter oop venster, landkaart x groter wêreldkaart, muurvlak x seestrome en wind wat loop, vlokkies x korrels lig, brand x dof kaats in die ruimte, sonnende x skadu, klein, afgemete vertrek x oop, grote universum, by implikasie binne x buite, klein aardse geslote ruimte x onmeetlik. Die jukstaponering van groter en kleiner ruimtes skep 'n spanning wat volgehou word tot by die kristalisasiepunt in die slotreëls van die gedig wat weer eens op 'n opposisie uitloop: (geslote) stilte x (onmeetlike) asemhaal. Die kreatiewe werksaamhede van die menslike gees word getransponeer op die tyd-ruimtelike aspekte waardeur dit opgeneem word in die oneindigheid/ onmeetlikheid/ ewigheid.

Ook hierdie aspek van die Cloete-teks toon merkwaardige ooreenkomste met Nijhoff se gedig 'Het veer': teenoor die klein afgeslote, boerehuis word die "wijde land" en "dieperliggend land" geteken, "vol gloed, vol spiegeling". In teenstelling met die boeremense in die vertrek by die gesellige lamplig, bevind Sebastiaan hom alleen buite in die duisternis in die stilte. Die ruimtelike opposisies kulmineer ook in hierdie teks in die jukstaponering van die aardse teenoor die ewige, en van lewe teenoor dood. Van den Akker & Dorleijn (1992:66) wys ook tereg daarop dat die lig wat plotseling deur die venster val Sebastiaan se gees verlig, sodat hy tot die insig kom dat, in vergelyking met hierdie warm volheid, hy 'n "barre tocht" na 'n onsekere leegheid moet begin.

In "Over eigen werk" maak Nijhoff (1970:14, my kursivering) die belangrike uitspraak dat poësie rekening moet hou met in- en uitademing wat die vers reguleer. "Zij doet **inademen** op de levende plekken. Hierdoor ontstaat telkens een ondeelbaar moment

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



een **stilte**, juist op die levende plekken, en in dit trillend oponthoud confronteren ziel en **oneindigheid.**" Hierdie poëtikale verseksterne uitspraak word in die slotreëls van Cloete se gedig versintern getranskribeer tot:

> oorvloedig, uit die oop grote
> universum en wat die klein **aardse** geslote
> **stilte** in die **onmeetlike** laat **asemhaal.**

In 'Het veer' van Nijhoff klop die versinterne poëtikale konsepsie byna woordeliks met sy verseksterne verwoording en is daar ook 'n merkwaardige ooreenkoms met die versreëls in die Cloete-teks:

> De **stilte** was de stilte niet des doods
> .....
> de **stilte** daar was **aards** en warm, was zwanger,
> hoop, **aanvang**, was een **ademhaling** die
> zich inhoudt bij de diepste teug, geluk
> dat zich een hand voor ogen legt en zwijgt
> en peinzend zich bezint, een **oponthoud**

Wenseleers (1966:142) se uitspraak kan ook ter toeligting aangehaal word: "Nijhoff [raakt] aan de diepste zin die de poëzie pas ontvangt door de regelmaat van de vormstruktuur, waardoor de inademing gereguleerd wordt, zodat aldus de oneindigheid in het innerlijk van de mens stem verkrijgt en het onuitsprekelijke doortrilt in de beduidende stilte tussen de woorden."

Cloete (1984b:18) formuleer sy opvatting ten opsigte van die "lewe" van die gedig as "'n duur wat voortduur". Die gedig het 'n paradoksale dinamiek: hy beweeg, maar in 'n vaste raam. Poësie is meestal nie volledig en reglynig deskriptief nie, maar kommunikeer by implikasie. Die poëtikale konsepsie van die in- en uitademing wat lewe inisieer en die vers reguleer of die dinamiek van die gedig bepaal, word ook op konseptuele, sowel as formele wyse in dié teks gemanifesteer. As gevolg van die binêre opposisies is die gedig vol beweging. Daar is 'n spel met ruimtelike opposisies soos reeds uitgewys: 'n beweging in ruimtelikheid, sodat die ruimte 'n dinamiese faktor word wat 'n aktief bydraende medekommunikatiewe funksie in die gedigteks het. Daar is ook 'n spel met voorsetsels wat die ruimtelike dinamiek konstitueer en wat in die herhaling van "in" en "uit" gemanifesteer word. Die gedig het konvensionele interpunksie, wat 'n a-tipiese Cloete-procédé is. Die spel met interpunksie en enjambement[33] kreëer rus en beweging, statiesheid en dinamiek, oponthoud en stuwing, in- en uitademing, kortom, dit manifesteer léwe.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die temporale grammatiese vorm, die teenwoordige tydsvorm, sowel as die deelwoorde "gloeiende" en "sonnende" (wat selfs op klankmatige wyse Nijhoff se "lewende" eggo) bevestig die "duur wat voortduur" in die gedig.

In die gedig is ’n opvallende klankstruktuur, ’n "soundview" (Cloete, 1984b:13) uit te wys: daar is naamlik amalgamerende [l]- en [s]-klanke in die gedig wat op fonies-ondersteunende wyse die fokusterme "stilte" en "asemhaal" releveer.

Die konseptuele, sowel as die taalmanifestasievorme, impliseer versintern ook die ars poëtikale nosie dat die vorm die inhoud oproep; dat die vorm waarin gedink word ’n baie groot gesag het oor die inhoud en die inhoud selfs dikteer.

In samehang met die kreatiwiteits- en ruimtelikheidsparadigma, is daar ’n definitiewe lig-paradigma in die gedig uit te wys: wit, gloeiende (lig)te, in lig brand ... kaats, ivoor maak, sonnende, lig wat áfstraal. Hierdie fokus op lig in die gedig hou verwantskap met ’n oorheersende karakteristiek in Vermeer se oeuvre, naamlik die spel met lig. Nash (1991:41) sê in hierdie verband:

> An art of appearances: that is what is so distinctive, indeed unique, about Vermeer’s art. No other painter, before or since, has so attended to and rendered the abstract beauties available to the eye. His subject, it might be thought, is light and its transmutations, the vicissitudes it undergoes in its engagements with the material world.

Dit wil voorkom of daar met die progressie van die gedig ’n toenemende intensivering van lig plaasvind wat ’n kulminasie bereik in versreël 20. Indien ’n mens die ligbeskrywende terme buite konteks saamsnoer, het dit steeds ’n sinvolle semantiese strekking: wit, gloeiende, ligtende, brandende, kaatsende, ivoormakende, sonnende, **lig wat áfstraal.** Die opposisiepaar "skadu" en "lig" in versreël 20 beklemtoon die oorheersende liggegewe. Hierdie allesoorheersende lig kom boonop "uit die oop grote universum". Lig het ’n definitiewe religieuse konnotasie, want "God is Lig" (1 Joh.1:5). God se openbaarmaking en Alomteenwoordigheid binne die aardse realiteit geskied deur middel van die lig wat áfstraal. Gewoon aardse dinge kry Goddelike toestraling deur dié oorheersende lig. Ook die kreatiewe handeling van die mens word belig deur dié magiese toestraling. Nijhoff se meewerking van God of toevoeging van God kry terselfdertyd deur die ligsimboliek idiolekties beslag in die teks. Die sleutelterm van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die lig-paradigma, "afstraal", word klankmatig gekoppel aan die fokusterme van die gedig, naamlik "stilte" en "asemhaal", deur middel van die [s]- en die [l]- klanke; daarby staan "áfstraal" en "asemhaal" boonop in die eindrymposisie. Op hierdie wyse ontstaan daar 'n koppeling van die semantiese steunpunte lig/lewe en Lig/Lewe.

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die drie spilpunte van die gedig bestempel kan word as: vrou - venster - lig/Lig, of gestalte - ruimte - lig/Lig, of digter - ruimte - God, of selfs mens - werklikheid - God. Selfs binne die poëtikale konteks geld die driedeling as: vrou (kode vir die objektiveringsteorie) - venster (kode vir die teorie van die ontstaansplek en -wyse van die gedig) - lig/Lig (kode vir die teoretiese werklikheidsiening). Op hierdie wyse kry die drieledigheidsbeginsel van die bundel Driepas ook volledig in dié gedig beslag.

Samevattend: hierdie gedig, soos 'loopskrif in 'n vakansiehotel', setel in die dialektiese spanning tussen oorspronklikheid en navolging. Agter die gedigteks skuil beeldtekste, sowel as woordtekste, wat op poëtiese sowel as poëtikale wyse getransformeer word. Die gedig word dus ook gemodelleer in die teoretiese poëtikale konsepsies van Nijhoff, sowel as die versinterne poëtikale nosies van Nijhoff, maar is terselfdertyd 'n idiolektiese versinterne uitspraak van Cloete se ars poëtika. Binne dié literêre kokommunikasie is die literêre gestalte(s) van die vrou(e) dominant en word daar deur hulle op meervoudige wyse gekommunikeer.

## 4.4 Ruimte en tyd

### 4.4.1 "De vergankelijkheid [heeft] eigenschappen, die haar ... aanbiddelijk [maken]

In die saamgestelde segging van die literêre teks het die ruimte en tyd 'n definitiewe segging; dit lewer, soos die ander konseptuele elemente, 'n bydraende kommunikasie. In die afdeling 'Trigloop' in die bundel Driepas het Cloete as motto 'n sitaat uit Nijhoff se opstel "Over eigen werk": "De vergankelijkheid [heeft] eigenschappen, die haar ... aanbiddelijk [maken]." Hierdie motto is die kerngedagte van sy werklikheidskonsepsie; dit fokus dus op 'n spesifieke poëtikale nosie en beklemtoon terselfdertyd die tyd-ruimtelike konsep.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



’n Gedeelte van Nijhoff (1970:26) se teks word vervolgens aangehaal omdat dié passasie belangrike insig bied in die gedigte wat Cloete rubriseer onder die titel ‘Trigloop’:

> Dus geen poëzie meer voor de eeuwigheid, neen, poëzie voor een toekomst, voor het betrekken van een natuurlijk ook weer vergankelijke toekomst. De vergankelijkheid had eigenschappen, die haar boven de eeuwigheid aanbiddelijk maakten. De vergankelijkheid ontkende het lichaam niet, ontkende geloof schoonheid, natuur niet, mits in het kader van de tijd beschouwd en in de vorm van een zelfstandige openbaring.

In alle omskrywings van die term "motto" staan twee kenmerke voorop, naamlik dat dit die karaktereienskap het van ’n opskrif of van ’n sinspreuk. Die motto is dikwels ’n sitaat wat ontleen is aan ’n bekende literêre werk, soos die Bybel en die klassieke literatuur. Van Gorp et al. (1986:266) maak die belangrike stelling: "Wegens die gebruikelijke interactie tussen motto en tekst (vorm van intertekstualiteit) kan het een wegwijzerfunctie hebben bij de analyse van de interpretatie." Beekman (1986:331) wys daarop dat die motto iets te sê het oor die outeursintensie of die kuns- en werklikheidsopvatting van die outeur en poneer voorts: "Tot het motto als devies horen [...] al die citaten die betrekking hebben op de poëtica van een auteur, op de strekking van diens werk of op diens wereldbeskouwing." Aan ’n motto kan ook ’n emblematiese funksie toegeken word omdat dit dikwels ’n besondere verskynsel of opvatting wat in die teks uitgespreek word, veralgemeen. Die motto kan ook ten doel hê om ’n emosionele óf intellektuele appél op die leser te maak en sodoende ’n bepaalde verwagtingshorison ten opsigte van die teks skep - hetsy om spanning tot stand te bring of om ’n diskrepansie ten opsigte van die verwagting en realisering in die teks teweeg te bring.

Saam met Nijhoff se uitspraak as motto is daar ook ’n verwysing as motto uit Dante se Divina Commedia (in Kuenen, 1988:208) wat soos volg lui:

> Toen ik nederig had ontkend
> Hem ooit eerder te hebben gezien, sprak hij: "Zie dan,"
> En toonde mij een wonde boven aan de borst.

Die hoofgedagte van die canto waaruit Cloete siteer, is die opvatting dat God se werke vir die mens onbegryplik is. Die Goddelike essensie, die grond, die sin van God

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



se werke is nie wetenskaplik te deurgrond nie; vir die Christen is enkele gronde in die geloofswaarhede wel geopenbaar, maar die mens moet tevrede wees met die "quia"[34] en hom daarin berus "dat hy deur onvermoeide studie, waarneming en denke slegs iets van God se handewerk in die kosmos probeer begryp" (Grové, 1990:8).

In hierdie afdeling van die bundel word die werklikheid met die gewoon aardse stoffeer, met die vreugdes én pyn van die verganklike aardse lewe. Insgelyks soek hy na die "groewe van die oorspronklike Hand" in die wonderlike skepping; na God dus wat sy werke in die kosmos laat sien, maar wat in sy wese vir die mens onvatbaar bly. Geluk is om die aarde te bewandel ('Bereken die geluk') en die mens: "Loop laaistoknek / loop gelukkig, loop laggend, loop berekend" met nakende dun gevoelige skurwe voetsole" ('Petit bonheur') in die "klambruin" aarde wat eens ook deur Christus met stowwerige voete bewandel is.

Hierdie afdeling is in streng Danteske tersinevorm geskryf. Cloete (1984a:89-90) poneer:

> Beroemd is die drieledige konstruksie van Dante se Heilige Komedie, met sy drie wêrelde hel, vaevuur en hemel, geskryf in driereëlige strofes, uiteindelik handelende oor God Drie-enig, wat met sy drieledige konstruksie oploop na die hemelse klimaks. Die drieledige konstruksie dra in sy opbou 'n monumentaal-aanskoulike element tot die kommunikasie by wat op geen ander manier meegedeel word nie.

Cloete, self formalis en met 'n sterk literêre bewussyn vir literêre konstruksie of organisasie, skryf wel ook sy afdeling onder die Dante-motto in die streng Danteske tersinevorm, maar daar ontbreek telkens in die slottersine van elke gedig twee reëls. Hierdie doelbewuste sintaktiese eliminering het 'n gelade kommunikasie. In die eerste plek manifesteer die sintaktiese model die kernidee wat in dié afdeling uitgespreek word: "Die volmaakte is kenbaar uit die onvolmaakte alleen." ('Breek'). God Drie-enig kan nie volkome geken of in sy totaliteit begryp word nie, maar die mens kan Hom uitvind deur Hom te verken in die verganklike skeppingsdinge. Omdat God volkome is, kan die mens en die digter Hom slegs benader en hierdie (onvolmaakte) benaderingsproses in taal omsit.

In die tweede plek kommunikeer die sintaktiese model die poëtikale konsepsie dat die taal "aanloop', met ander woorde eiesinnig is. Daar is in hierdie afdeling ook geen

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



punte aan die einde van die gedigte nie (met die uitsondering van die laaste gedig), wat op sigself aandui dat die progressie voortgaan en dan volvoer word.

In die voorlaaste gedig van die afdeling, 'Huis', word die vreugde van die geliefdes se saamwees in die "verouderde woning" beskryf, en is die kerngedagte dat "God gereeld huislik saam met ons fees" vier binne dié onvolkome werklikheid, wat ook as "skraal", "allereenvoudigs" en "doodgewoon" bestempel word. Die Cloete-teks roep terselfdertyd 'n Nijhoff-teks op, 'Het oude huis', waar Nijhoff (1970:72) die liefdevolle samesyn met die moeder voor die gees roep terwyl hy na haar portret kyk, en die bevestiging kry van "God, die altijd naast ons staat".

Die slotbeeld in die slotgedig van hierdie afdeling lê ook verbande met twee bekende Nederlandse tekste, wat twee opponerende geestesinstellinge weerspieël: 'Naroep' van A. Roland Holst (1981:601) en 'Het lied der dwaze bijen' van Nijhoff (1970:139). Die Cloete-teks se laaste twee strofes klink só;

> Daar is byna onsigbaar 'n klein leeurik wat steil
> die hemel in vlieg, dan hang, huiwer en draal
> voordat hy keer op keer snel terug aarde toe pyl
>
> keer op keer, singend, jubelend, finaal.

Hierdie gedig is 'n ondubbelsinnige verklaring ten gunste van die goeie aarde waarna die "klein leeurik" telkens "jubelend" terugkeer. Die slotreëls van die gedig getuig van hipersemantisering as gevolg van die herhaling "keer op keer", en die relevering van die slotwoord "finaal" aan die einde van die versreël, die gedig én die afdeling. Dit word boonop gevolg deur 'n punt.

Die poëtikale opvatting wat Cloete in hierdie afdeling verwoord, is die feit dat die poësie wel deeglik gewortel is in die gewone werklikheid wat hy bestempel as "niks ongewoons nie, maar opwindend", en dat die gedig uiteindelik op eiesoortige wyse 'n insig gee in die menslike bestaan. Dit is ooreenkomstig die eiesinnige aard van die gedig en die kreatiewe energie van taal, egter nie die digter nie, maar die gedig wat relasies blootlê en insigte oordra wat op geen ander manier as deur middel van die taal, die poësie, geken kan word of kenbaar gemaak word nie. Poësie is dus geen realistiese weergawe van die werklikheid nie, maar is bloot gebaseer op die gewone werklikheid; poësie transformeer die werklikheid, kom so daarvan los en laat dit vir wat dit in werklikheid is. Op hierdie wyse ontrafel dit die eienskappe in die verganklikheid wat "haar aanbiddelijk maken".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Die slotreëls van Roland Holst (1981:297) se gedig lui soos volg:

gelijk een leeuwerik, die niet meer daalde -
o ziel, die steeg en roekeloos verdween
juublend elysisch uit het eenzaam licht.

Hierdie gedig is 'n versinterne poëtikale formulering van Roland Holst se vers-eksterne poëtikale uitspraak soos verwoord in "De afspraak". Van den Akker (1985a:272) som die "poeta-vates" opvatting van Roland Holst soos volg op:

> Het dichterschap van Roland Holst [...] is nagenoeg geheel gebouwd op de dienstbaarheid aan en de gerichtheid op een andere, paradijselijke wereld en werkelijkheid enerzijds, en de positie-keuze tegen deze aarde en haar werkelijkheid anderzijds. De dichter speelt de rol van profeet die fulmineert tegen het 'schrikbewind van uur en feit' waaraan het leven hier en nu is onderworpen en zingt van gelukzaliger tijden en oorden.

Nijhoff daarenteen verwoord op ekstreme wyse in 'De pen op papier' as teenreaksie presies die omgekeerde opvatting: die literêre teks staan nié langer in diens van 'n geestelike strewe nie, maar is bloot van belang om die fisieke genoegdoening wat dit verskaf. Die afwysing van 'n enkel metafisiese strewe na die "Jenseits", die gerigtheid op die hier en nou en die aandag aan die funksionering van die poësie, vorm drie belangrike aspekte van Nijhoff se poëtika waarop hy sy aandag in die jare na 1927 steeds sterker vestig, is Van den Akker (1985:273) se opsomming. In 'Het uur U' verwoord hy hierdie konsepsie versintern soos volg:

Eén ogenblik had de geest
in vergezichten gedwaald
en was, door het oog van een naald,
als de kemel, binnengegaan.
In welk land kwam hij aan?
**Op aarde. - In eigen land -**

Bakker (1987:124) huldig ook die opvatting dat Nijhoff se digkuns 'n beheptheid met die aarde en die aardse vooropstel. Hy wys voorts daarop dat Nijhoff steeds digter na die aarde toe beweeg, "tot waar men zou kunnen spreken van een volkome aanvaarding ervan".

'Naroep' en 'Het lied der dwaze bijen' toon opmerklike verskille naas ooreenkomste, wat die wesenlike verskil in lewenshouding wat die gedigte poneer, releveer. By

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Roland Holst is daar sprake van 'n ek-spreker wat die siel aanroep. Die spreker word vergelyk met 'n leeurik. In Nijhoff se gedig is daar geen "ek" nie en geen sprake van die siel nie. In ooreenstemming met sy objektiveringsteorie laat Nijhoff die bye sélf hul relaas verwoord. Die bye is die sentrale gegewe in die gedig, terwyl die leeurik veel minder domineer. Die gedigte verskil derhalwe in stemming en toon. De Lange (1980:41) beskryf dit soos volg: In 'Naroep' is die toon hartstogtelik: beswering, vertwyfeling, bejubeling. By Nijhoff is daar gelatenheid en weemoed (veral in die slotstrofe); daar is meer afstand en geen beswering nie, net 'n lied wat gesing word.

Die belangrikste ooreenkoms tussen dié twee gedigte, en veral dan ook met die Cloete-gedig, is die beeld van die bye en die leeurik wat **die aarde ontstyg**. Afgesien van hierdie beeld is daar frappante semantiese parallelle wat vervolgens skematies weergegee word:

**'Naroep'**

1. steeg en [...] verdween (r.16)
2. die siel verdwyn "juublend" (r.17)
3. ontzworven (r.26)
4. dien gouden laatsten dag (r.13)
5. roekeloos verdween (r.16)

**'Het lied der dwaze bijen'**

1. stegen (r.25) verdwenen (r.27)
2. die bye word "jubelend" "voortgedreven"
3. een verdwenen zweven uit al zicht (r.10)
4. steeds helder doorschenen (r.22)
   al glinsteringen henen
5. roekelozen (r.9 en 11)

Die fundamentele verskil tussen die twee gedigte is die feit dat die leeurik "niet meer daalde" - daar is dus 'n transendentale ontstyging van die aarde, terwyl die bye "huiswaarts omlaag gedwereld, kom", dit wil sê afsien van hul bowe-aardse strewe.

'Het lied der dwaze bijen' het met die verloop van tyd verskillende, selfs uiteenlopende interpretasies deur verskillende kritici uitgelok. Die meeste is dit egter eens dat dit hier gaan om die afwys van 'n enkel transendentale gerigtheid. Die bye gaan "roekeloos" en "jubelend" op soek na "het ontwijkend teken". Teken/taal verwys by implikasie na 'n digterlike strewe. Hierdie hemelse vlug van die bye kan dus geïnterpreteer word as 'n bepaalde soort digterskap, ver bo die aarde, "ver van volk en leven", wat streef na "het ontwijkend teken". Nijhoff wys hierdie romantiese strewe

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



af en poneer by implikasie dat die digter die gewone realiteit moet omdig, want 'n digterskap wat hom ver van die aarde verwyder, vlieg hom dood in die asure koue. "Lewe" en "dood" as opposisiekomplemente word gereleveer op grond van herhaling en posisionering: "leven" in strofe 4, die middelste strofe van die gedig, en "gestorven" in die agtste en slotstrofe van die gedig. Die herhaling van klanke, ryme, woorde en ritmiese patrone gee aan die gedig 'n spiraalgang wat die bye se roekelose vertikale gang na die hemel op ikoniese wyse verbeeld. Die stygende gang van die bye word ook in die kettingrym vergestalt: elke strofe het vier reëls waarvan drie rym. Elke tweede reël gee die rym aan van die volgende strofe. Ten slotte keer die bye "huiswaarts" **terug na die aarde, soos Cloete se leeurik** - en die slotbeeld in die slotreël is dat dit "sneeuwt **tussen** die korven", met ander woorde die wonder is dáár in die gewone realiteit. Cloete se teks, sowel as die Nijhoff-teks bevestig inderdaad versintern die nosie dat die verganklikheid eienskappe het wat verkieslik is bo die ewigheid.

Cloete se ars poëtikale kyk op sy werklikheid blyk onder andere ook versintern in die gedig 'Versamelnes', die tweede gedig in die afdeling, 'Trigloop' (Driepas). Die gedig word uitgesonder omdat dit weer eens 'n spesifieke Nijhoff-teks as referentteks het, naamlik 'De vogels' (Nieuwe gedichten), en vanweë die feit dat die beeld van die gestalte voor die venster/raam in verhouding tot die aarde die prominente gegewe van die gedig is. Die tekste word vervolgens gegee:

**Versamelnes**

Dit is uit ons behoefte aan bymekaarhoort op aarde
dat ons stede stig: hoog bo die straat in 'n woonstel
voor 'n venster sit 'n aardsverknogte loerende bejaarde

agter 'n swaar bril, sy bros kalkbeen is in sy vel
toegeplooi; hy sit daar kouelik roerloos en styf
en hy verweer hom teen die tyd se flink aftel

al sit hy in 'n uiteindelike onbeholpe lyf
bekyk hy die strate liefderyk en innig simpatiek
kleef hy aan sy laaste muf beskadude verblyf...

wat hoor en sien hy? oorkant teenaan 'n fabriek
ingehok sit en luister 'n jong gevoelige kind
na Bach se priesterlike klaende solovioolmusiek:

wie God soek sal Hom op saamhoortplekke vind

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**De vogels**

De arbeiders der fabriek aan de overkant
gaan, als de stoomfluit schaften heeft gefloten,
op een terrein, door muren ingesloten,
voetballen, vechten, eten. Onderhand
verzamelen de vogels langs de goten.
De hemel vraagt om kruimels van het land.
Reeds zwenkt de meeuw naar de uitgestoken hand,
en bij de schoen zijn mussen toegeschoten.

Andere vogels hebben het niet zo.
Ik heb hen vaak op de brug gâgeslagen,
zij haalden brood op het stempelbureau.

Als die om kruimels van de hemel vragen,
een bioscoop, een fiets, een radio,
komt de cavalerie de hoek om jagen.

Die semantiese ooreenkomste tussen die twee tekste sien soos volg daaruit:

| **De vogels** | **Versamelnes** |
|---|---|
| der fabriek aan de overkant | oorkant ... ’n fabriek |
| door muren ingesloten | ingehok |
| verzamelen de vogels | versamelnes |
| gâgeslaan | bekyk |
| radio | luister ... solovioolmusiek |
| het land | op aarde |
| de hemel | hoog bo |

Ooreenkomstige semantiese merkers wat in albei voorkom, is: die ruimtelike opposisiekomplemente hemel/aarde, hoog/laag, die versamelsindroom[35], die reële werklikheid as ruimtelike situering. In albei die gedigte is ook ’n definitiewe poëtikale inslag aanwesig.

Bolhuis (1980:22, my kursivering) poneer: "Deze toenemende behoefte om het **goddelijk mysterie in de concrete werkelijkheid** waar te nemen, hangt ongetwijfeld samen met de belangstelling die Nijhoff in de jaren dertig voor mens en maatschappij begon te tonen. Ook aan hem ging de economische wereldcrisis niet onopgemerkt voorbij. Dat blijkt uit het gedicht ‘De vogels’." Bakker (1987:315) beklemtoon ’n kernaspek ten opsigte van dié gedig, maar myns insiens ook van Nijhoff se hele oeuvre, naamlik dat hy wél ’n bewussyn openbaar vir maatskaplike toestande, maar dat dit by die konstruksie van ’n poëtiese kunswerk gaan om mense, nie in ’n primêr maatskaplike situasie nie, maar in ’n **eksistensiële situasie.** Hierdie spesifieke digterlike perspektief op die mens in sy lewensruimte is ’n belangrike gemene deler

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



met die poësie van Cloete, want ook hy stel die mens in sy eksistensiële situasie in sy digkuns voorop.

'De vogels' resoneer 'n poëtiaal-religieuse beskouing. Die voëls, die hemel wat om krummels van die aarde vra, roep Matt. 6:26 op: "Ziet naar de vogelen des hemels: zij zaaien niet en maaien niet en brengen niet bijeen in schuren, en toch voedt uw hemelse Vader die; gaat gij ze niet verre te boven?" Nijhoff bewerkstellig hipersemantisering deur die alombekende Bybelteks in die situasie van die gedig op ironiese wyse om te keer: die mense word in die oktaaf nie deur die hemel gevoed nie, maar die hemel, in die vorm van die voëls, word deur die eenvoudige aardse mense (die fabriekswerkers) gevoed. Op hierdie wyse releveer hy terselfdertyd die basisteenstelling, hemel-aarde, van die gedig.

Bakker (1987:315) maak die volgende belangrike uitspraak na aanleiding van dié gebeure, wat ook navorser se sienswyse ondersteun:

> Via deze voorstelling is een zeer belangrijke uitspraak gedaan op wereld- en literatuurbeschouwelijk niveau, een uitspraak die uitdrukking geeft aan een gedachte die ook aan de andere tot dusver behandelde gedichten ten grondslag ligt: de aarde is als Lebensraum **niet** verwerpelijk, is zelfs zeer begeerlijk.

In die sekstet, die wendings- of toepassingsgedeelte van 'n sonnet, groei die voëls tot metafoor vir die mense wat brood by die "stempelbureau" gaan haal om die liggaamlike honger te stil in tyd van ekonomiese nood. Dié aardbewoners se geestelike honger word beantwoord deur die beeld in die slotreëls van die byna banale, konkreet aardse realiteit: "een bioscoop, een fiets, een radio, komt de cavalerie de hoek om jagen". Die magiese toestraling, die goddelike misterie is dus in die gewoon aardse ingebed. God en die hemel is op aarde in die betreklike en verganklike te vind. Soos in 'Het veer' val die klem op die positiewe aspekte van die aarde en die aardse bestaan.

Hierdie betekenisaanbod is in die Cloete-teks dieselfde, hoewel daar 'n klemverskuiwing plaasvind: die hartstogtelike liefde vir die aarde, die betreklikheid en die verganklikheid staan voorop. Die perspektiwiese oriëntasiepunt is in hierdie geval op ironiese wyse omgekeerd: die aardsverknogte, loerende bejaarde het 'n hemelse perspektief (soos die voëls) op die aarde vanweë die ruimtelike situering "hoog bo die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



straat". Hierdie gedistansieerde ruimtelike perspektief kreëer ’n sekere mate van objektiwiteit ten opsigte van die waargenome werklikheid. Dit toon ook ’n ooreenkoms met die perspektiwiese oriëntasie in die Nijhoff-teks, want ook hier is sprake van ’n waarnemer wat hom aan "deze kant" bevind, in teenstelling met die arbeiders "aan de overkant"; daar is met ander woorde ’n ruimtelike skeiding.

Die raam/venster dien as skeidingsmiddel en ook as verbindingsmiddel en fokus terselfdertyd as projeksie-apparaat vir die sintuiglike waarneming op die omlyste waargenome werklikheid. Die gestalte van die loerende bejaarde is eksemplaries van die mens in sy verganklikheid en doodsbelewing, terwyl die jong gevoelige kind die (verganklike) toekoms simboliseer. Die "umwertung" van die gedig, die volloop van die hemelse, word hoorbaar in die "priesterlike klaende vioolmusiek" en die slotsom waartoe in die gedig gekom word, word op bykans aforistiese wyse geformuleer: "Wie God soek sal Hom op saamhoortplekke vind." Hierdie uitspraak eggo ook ’n ander Nijhoff-teks, die kersspel <u>De ster van Bethlehem</u> en spesifiek dié woorde: "Waar mens mens is, heeft Hij Zijn woon."

Dit is ten slotte belangrik om daarop te let dat die ruimtelike belewing van ’n digter sekerlik setel in dié vasteland waarop hy boer. Cloete ken en verken die Afrika-kontinent met sy besondere landskappe en doen verslag van dié verkenningstogte in die taal.

Hy beperk hom egter nie by dié ruimte nie, maar trek oor lands- en taalgrense deur middel van sy knoopwerk aan Nederlandse tekste. Die gevolg is dat daar sprake is van ’n bifokale perspektief: hy kyk na sy eie bodem met ’n Europese lens en as gevolg van ooreenkomstige ruimtelike belewings gee hy aan sy ervaringswêreld ’n universele perspektief. Op omgekeerde wyse kyk hy egter ook met ’n Afrika-bril na die noordelike halfrond en die spesifiek Nederlandse wêreld. Op hierdie wyse betrek hy die verskynsel van allotropie ook op die tyd-ruimtelike situering.

### 4.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die "afgekyk van en nagepraat na" (‘La Fourmi’, <u>Driepas</u>) Nederlandse voorgangerdigters, of dan die idiolektiese "omzetting" van Nederlandse tekste in die poësie van Cloete aan die hand van spesifieke tekste as eksemplariese gevalle ondersoek. Daar is op konseptuele, sowel as formele taalvlak aangetoon dat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



poësie van Cloete ’n besondere bemoeienis toon met die Nederlandse literêre tradisie. Op konseptuele vlak is veral gekonsentreer op die konseptuele elemente van gebeure, gestalte, tyd en ruimte, terwyl die formele elemente waar relevant geaktualiseer is. Verskille sowel as ooreenkomste is uitgewys.

Onder die omvattende begrip "gebeure" is veral twee komponente onderskei: die loop-kode en die nosie van spel in die poësie. Die loop- of reiskode as dwingende tematiese gegewe is as ’n belangrike gemene deler in Cloete sowel as Nijhoff se oeuvre uitgewys. Dié loopkode setel in die feit dat die mens **per se** lewensreisiger is. Dit word ook ’n taalreis, omdat loop en digterskap, loop en taal alles met mekaar gemeen het. ’n Belangrike implikasie van die loop-in-taal-gegewe is onder andere dat dit die poëtikale konsepsie van die eiesinnigheid en kreatiewe energie van taal bevestig. Die allotropie van "gevormde" literatuur kan ook gelees word as ’n verwysings**spel** wat as skryfmodus ooreenkom met Cloete se opvatting dat poësie ’n spel is van die dromende denke. Spel as poëtikale nosie staan dus voorop in Cloete sowel as Leopold se digterskap. Die erotiese betekenisdimensie, verweef in en deur die poëtikale, en die beswering van die doodsangs deur middel van die digterlike spel, is ander belangrike fasette van spel waaraan aandag geskenk is. Benewens die gestalte van die wandelaar wat ten nouste verband hou met die loop-kode, is die gestalte voor die raam belangrike knooppunte in die oeuvres van Cloete en Nijhoff. Die vrou as gestalte van die digterlike muse kom in sowel Cloete as Leopold en Nijhoff se poësie voor. Al hierdie knooppunte kreëer nuwe kragvelde van verwysing, sodat die hele web uiteindelik tril en roer. Ten op sigte van die konseptuele elemente van tyd en ruimte is daar ook belangrike ooreenstemmende opvattings in Cloete en Nijhoff se oeuvres na te speur. Die kern hiervan kan op kriptiese wyse saamgevat word in Nijhoff se woorde, "De vergankliheid [heeft] eigenskappen, die haar ... aanbiddelijk [maken]," woorde wat Cloete as motto siteer in die belangrike slotafdeling van die bundel <u>Driepas</u>. Soos Nijhoff verken Cloete in en deur die woord die gewone realiteit, maar dan ook by uitstek die Afrika-ruimte waaraan hy ten nouste verbonde is. Hierdie bifokale perspektief op Afrika verruim op ’n besondere eiesoortige wyse die Afrikaanse literatuur.

Uit hierdie wydlopige ondersoek blyk duidelik dat Cloete se tekste as "omzettingsproducte" ’n besliste eie stem laat klink. Hy knoop op eiesoortige wyse aan die Nederlandse literêre tradisie en deurtas terselfdertyd voorheen gemarkeerde grense. Hierdie skryfmodus nooi die leser om deel te hê aan die digterlike spel, maar vra ook ’n bepaalde leesmodus, vandaar die feit dat knooppunte oor ’n wye spektrum

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nagevors is en daar nie slegs gefokus is op enkele gediganalises nie. Die wins vir digter en leser is 'n besondere verruiming van die Afrikaanse literêre tradisie.

0 - - - - - 0

**Aantekeninge by hoofstuk 4**

1. Fens (1991:171) noem byvoorbeeld die ganse Bybel 'n reisboek: "Het lijkt erop dat het reisboek dat de bijbel is, reisboek voor de blijvende vreemdelingen, een troostende sublimatie is van een oergegeven uit de wereldliteratuur: het reisverhaal, veelal het verhaal van een dolage."

2. Kazemir (1926:24, my kursivering) vertel die volgende insiggewende staaltjie: "Ik herinner me echter een gesprek met Nijhoff, lang geleden, over dat artikel, waarin deze erop wees dat het woord A in b.v. Drentse A 'water' betekent, zodat er juist van 'dubbel water' sprake is. En, met een zekere nadruk en een blik van triomf, voegde hij eraan toe: dus het **extra beweeglijke**."

3. Vergelyk Arioon se uitspraak in Periandros van Korinthe (Opperman, 1971:24):

   'n Digter moenie lank tussen dieselfde mense woon
   maar altyd afskeid neem van plekke en persoon
   sodat hy eensaam swerwend nuwe vergesigte sien
   en in sy swerflingskap suiwer die kuns kan dien.

4. Kundera (1973:309) se uitspraak hou ook hiermee verband:

   > Starting with Dante, the poet is also a great figure strolling through European history. He is a symbol of national identity [...], he is a spokesman of revolutions [...], he is the voice of history [...], he is a mythological being and the subject of a virtually religious cult [...], but he is above all the representative of an inviolable value which we are ready to write with a capital letter: Poetry.

5. Hierdie loop in die ruimte van die gewone, aardse werklikheid word onder 4.2.3 uitgebreid bespreek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



6. Dit is interessant om daarop te let dat die konsep van landwandeling, sowel as hemelse verkenning en sweef, reeds kernagtig digterlik verwoord is in die bundel Jukstaposisie in die gedigreeks 'Fyn vrugbare essensie', met die veelseggende titels: 'Landwandeling', 'Strandwandeling', 'Swerf', 'Hemelse wandeling' en 'Sweef'.

7. Dit is veelseggend dat Cloete (1963b) in die opstel "Die dans in Raka", telkens uit Van der Leeuw (1930) aanhaal. Konsepte wat laasgenoemde in sy boek uitspreek, verwoord Cloete talle male op digterlike wyse. Dit sal 'n interessante ekskursie wees om die hoofgedagtes van Van der Leeuw na te gaan en te vergelyk met ooreenstemmende versinterne opvattings in Cloete se poësie.

8. Die konsep van kontinue beweging met God as die kern van die ewige beweging sluit op filosofiese vlak ook aan by Dante se denke en word deur Pretorius (1987:28) soos volg verklaar: "Dante se wêreld word beheer deur die konsep van beweging: die beweging van die hemelliggame, die planete (aarde, son en maan ingesluit), hemelsfere - beweging wat as kragbron het die 'unmoved mover', die 'prime mover': die primun Mobile."

9. Van Baaren (1962:32, my kursivering) sê in verband met dans:

> Hij is de **gang van den mens** in den meest letterlijke zin, maar dan zijn gang, niet zoals hij reilt en zeilt, doch zoals hij dien tot zijn eigen-menselijken gang maakt: de geordende gang. Dansen is zich bewegen op een opzettelijke, vastgestelde wijze ... In den dans ontdekt de mens het rytme van de beweging, waarin hij zelf of een ander mens, of dier, of een ster zich bevindt. Hij ontdekt dit en maakt er een repliek van, maar een repliek die eigen vormen heeft, die gestileerd, geordend is.

10. **De wandelaar**

Mijn eenzaam leven wandelt in de straten,
Langs een landschap of tusschen kamerwanden.
Er stroomt geen bloed meer door mijn handen,
Stil heeft mijn hart de daden sterven laten.

Kloosterling uit den tijd der Carolingen,
Zit ik met ernstig Vlaamsch gelaat voor 't raam;

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Zie menschen op een zonnig grasveld gaan,
En hoor matrozen langs de kaden zingen.

Kunstenaar uit den tijd der Renaissance,
Teeken ik 's nachts den glimlach van een vrouw,
Of buig me over een spiegel en beschouw
Van de eigen oogen het ontzaglijk glanzen.

een dichter uit den tijd van Baudelaire,
- Daags tusschen boeken, 's nachts in een café -
Vloek ik mijn liefde en dans als Salomé.
De wereld heeft haar weelde en haar misére.

Toeschouwer ben ik uit een hoogen toren,
Een ruimte scheidt mij van de wereld af,
Die 'k kleiner zie en als van heel ver-af,
En die ik niet aanraken kan en hooren.

Toen zich mijn handen tot geen daad meer hieven,
Zagen mijn oogen kalm de dingen aan:
Een stoet van beelden zag ik langs mij gaan.
Stil mozaïkspel zonder perspectieven.

11. Vergelyk byvoorbeeld ook D.J. Opperman se bundel, Komas uit 'n bamboesstok.

12. Hambidge (1985a:50) gebruik byvoorbeeld ook dieselfde beeld in 'Athene': "verloor jou gelukkig met die **draai-/slag van my pen**."

13. "Hallel" is afgelei van die Hebreeus en is 'n lofsang in die Joodse erediens wat by verskillende geleenthede deels gesing en deels voorgelees word.

14. Leopold (1982:89) kwalifiseer die wordingsproses van die literêre teks soos volg in 'De molen':

... het leeg
latwerk en ijl en wonderlijk veeg
wordt er hun weefsel, een web verward
met open gaten en flard bij flard,
een ruigte, die bindt en samenhoudt
het kantige hek, het ruwe hout
en ordeloos omgeslingerd is
als grillige voorjaarswildernis
volgroeid; en midden in dit struweel
een verdichtingsbegin, een grijs juweel

15. Hierdie artikel van Cloete verskyn reeds April 1959 in Tydskrif vir Wetenskap.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



16. In die afdeling 'Duel' van die bundel Driepas eksploreer Cloete op vernuftige wyse die verskillende fasette van die wêreld van die liggaamlike spel wat uiteindelik neerslag vind in die jukstaponering van opposisiekomplemente.

17. In 'De eenzame' verklaar Nijhoff byvoorbeeld: "ik ben een stille man waar God mee speelt".

18. Meeuwesse (1986:84) bring ook in Nijhoff se poësie speel en lees met mekaar in verband as hy sê: "De interpretatie van Nijhoffs poëzie heeft veel weg van een spel, van een gezelschapsspel, indien men wil. Men speelt zo iets als het spelletjie: Ik zie, ik zie wat jij niet ziet. Telkens ziet men iets wat het zou kunnen zijn, wat erop lijkt, maar toch niet is."

19. Gouws (1988:344-349) gee 'n uitvoerige bespreking in hierdie verband. Hy haal terselfdertyd Cloete (1980:211) se bespreking van Cussons se Die swart kombuis aan, 'n aanhaling wat ook insiggewend is by die lees van 'ek alleen met jou':

> Die bundeltitel en die onderskeie kombuisgedigte staan direk in verband met hierdie omsettingsproses, die kombuis te verstaan as plek van omstoking, en hoewel dit nie invloed op Sheila Cussons hoef te gehad het nie, is dit 'n sonderlinge verwantskap met Martinus Nijhoff se 'Impasse' wat Venus en die Helikon laat plek maak vir die gewone huisvrou en die kombuis as ontstaansplek of eerder **omsettingsplek** van die poësie.

20. Seigneuret (1988:335) bestempel Dante se reis in sy Divina Commedia as:

> a pilgrimage into the meaning of death. Dante reveals, by faith in the creative act, the grace of God that leads the just individual out of the precincts of damnation and eternal death. Dante celebrates human creativity ... and with an extraordinary mixure of faith and invention insists on the importance and legitimacy of the individual's very real role in shaping the **meaning** of his own death. His act acts directly for the salvation of the soul.

21. Die gedigte wat in die opeenvolgende bespreking as voorbeelde voorgehou word, word nie indringend bespreek nie, omdat Basson (1987) in sy verhandeling

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dié doodsgedigte redelik volledig bespreek. Daar word dus by relevante kort besprekings volstaan.

22. Van Coller (1990:112) se opmerkings in verband met klip is ook insiggewend: "As ewige materie is klip die teenpool van biologiese dinge wat onderworpe is aan die wette van verandering, verval en dood. Dit is die eerste soliede vorm van die kreatiewe ritme en word dikwels gelykgestel met aarde."

23. Goya (1746-1828) was 'n beeldende kunstenaar wie se werk vol nagmerrie-agtige doodsangs en doodsveragting is. Munch (1863-1944) was ook 'n beeldende kunstenaar met 'n besondere verbeeldingsvermoë. Volgens Read (1965:415) was sy werk bekend vir die uitbeelding van die "innerlike landskap" waarin die mens se hulpeloosheid teenoor sy lot: eensaamheid, dood, versoeking en jaloesie, ontbloot is.

24. Die belangrike rol wat die ouditiewe en spesifiek musiektekste in Cloete se digterskep speel, verdien om nagevors te word. Dit is interessant om daarop te let dat Cloete en Leopold ook in dié opsig veel gemeen het. Vergelyk ook Dorleijn (1991b).

25. Vergelyk Pretorius (1981b) en Hambidge (1982 en 1986) in verband met 'Marilyn Monroe foto in blou', en Scholtz (1984) en Gouws (1988) in verband met 'Impasse'.

26. In die gedig 'Aaispaai' teken Opperman (1964:33) die genererende sien, 'n teleskoperende blik op blik:

> Ek vra vir Ma wat sy verstaan
> onder die woordjie ewigheid.
> Sy sê: daar is geen tyd,
> maar alles gaan net aan en aan.
>
> Dit moet dan iets beteken
> soos 'n Royalbakpoeierblik
> met prent op prent geteken:
> jy kry net blik op blik op blik.

27. Inligting in verband met Vermeer is bekom uit Anoniem (1973: 204-205).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



28. Gräbe (1987:11) definieer: "Paradigmas is ekwivalensieklasse, met ander woorde klasse waarvan die lede ekwivalent is ten opsigte van 'n kenmerk of kenmerke wat buite die betrokke vorme lê." Levin (1962) onderskei tussen twee soorte paradigmas: dié wat gebaseer is op die sintaktiese posisie, en dié wat betekenis insluit. In hierdie geval is sprake van die tweede klas, omdat dit hier handel om semantiese paradigmas op die basis van betekenisooreenkomste, sowel as betekenisopposisies.

29. "Warm" is soos "stilte" ook 'n woord met bygevoegde betekeniswaarde binne die konteks van Nijhoff se oeuvre. Vergelyk as voorbeeld 'Het veer': "Die stilte daar was aards en warm, was zwanger" of 'Tweeërlei dood': "... en de stilte is warm".

30. Vergelyk Gouws (1988:172, my kursivering) in verband met Breytenbach:

> Eerstens noem Breytenbach van sy gedigte **kantwerk,** hekel in klein patroontjies [...] Oor die aard en wese van kantwerk - wat nie afskeepwerk impliseer nie, maar raamwerk: 'n goeie skildery is sy raam, word gesê [...] Kantwerk is meesterlik-geweefde patrone, digte verdigsels ...

31. Dit is interessant om daarop te let dat die gestalte van Sebastiaan (benewens die literatuur) ook na die beeldende kuns herlei kan word. Van den Akker & Dorleijn (1992:66-67) vestig die aandag op die bekendste skilderye, naamlik dié van die skilders Mantega, Sodoma en Basaiti.

32. Venter (1989:11) wys daarop dat Cloete se gedigte nie net "oor die grense van sy oeuvre heen" verbande aanhou nie, maar ook "binne Cloete se oeuvre" verbande aanhou.

33. Mooij (1979:135) beklemtoon ook die feit dat enjambement **versnelling** teweegbring, dit wil sê beweging kreëer.

34. Vergelyk Kuenen (1988:206) se uiteensetting:

> "quia", n.l. dát een ding zo is, wat we kunnen opmaken uit de gevolgen die we waarnemen. Dante leert hier zien, dat schimmen **zichtbaar** zijn en toch **immaterieel**, hetgeen even mysterieus is als dat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



de hemelsferen **onzichtbaar** zijn en **materieel**; dit is voor het redelijk denken even ondoorgrondelijk als de Drieëenheid Gods. Volgens Thomas Aquinas is bewijsvoering tweeledig; de éne (a) toont aan door middel van de oorzaak, en wordt genoemd de bewijsvoering **proper quid**; de andere (b) door middel van het gevolg, en wordt genoemd de bewijsvoering **quia**.

35. Nijhoff (1970:22) beskryf hierdie versamelsindroom ook versekstern:

> Langzamerhand werd het leven draaglijk. Als ik door de volle straten liep, of 's avonds voor mijn raam zat, begon de mensenmenigte te ruisen als een rivier. [...] Ik begon te zien, dat er niet geleefd werd in de onwezenlijke buitenbuurthuisjes, die als tenten in het land stonden; er werd geleefd in de kantoren, de fabrieken, de ziekenhuizen, de cafe's, de stations, in alle plaatsen, waar massa's mensen bijeen waren.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 5

## SAMEVATTING EN SLOTSOM

Die probleemstelling ten grondslag van hierdie studie was die vraag in watter mate die kanon van die Nederlandse literatuur die poëtologiese aard en die idiolek van die digter T.T. Cloete (mede)bepaal.

In Cloete se poësie is die hersirkulering van tekste uit die Nederlandse literêre tradisie duidelik uit te wys. Die komplekse verhouding tussen oorspronklikheid en navolging, oorsprong en herhaling wat deur dié hersirkulering geïmpliseer word, is die bakermat van die postmodernisme. Die oorkoepelende denkmodus van waaruit Cloete se oeuvre tot en met Driepas dan ook benader is, val binne dié kader met grensoorskryding as die oorwegende tipering. Die verweefdheid van tekste, of anders gestel: die feit dat tekse oor hulle grense heen reik, impliseer dat onderskeidinge en hiërargieë deurbreek word sodat die vraag ontstaan hoe dié interferensie van tekste die wesensaard van sodanige grensoorskryding beïnvloed.

Met hierdie vrae aan die orde is ’n metodologie gestel om Cloete se besondere bemoeienis met die Nederlandse literêre tradisie en die wyse waarop hy aan hierdie tradisie knoop, te ondersoek. Die idiolektiese "omzetting" van Nederlandse tekste in die poësie van Cloete bring die dialektiek van tradisie en oorspronklikheid ter sprake, want "omzetting" impliseer ’n spel waarin "gevormde" literatuur nagevolg word, opgeneem word en tot nuwe vorme getransformeer word. Hierdie begronding het duidelik aangetoon dat Cloete se knoopwerk aan dié ruimer en ouer tradisie die relatief klein Afrikaanse tradisie kompleteer en verruim. Die wins is dus dat hy juis (literêre) apart-heid en elitisme ophef deur die Afrikaanse literêre tradisie binne ’n groter literêre verband te plaas en te bevestig.

Cloete se kritiese lesing van die tradisie hou terselfdertyd verband met die beginsel van grensoorskryding. Hierdie grensoorskryding geskied in die deurtasting oor lands-, tyds-, taal- en kultuurgrense heen na ander tekste waarmee ’n besondere verwantskap gevoel word, en manifesteer introspektief en ekstrospektief. Dit is enersyds ’n soeke van die mens in sy eksistensiële situasie na wat hy is, wat hy wil wees en waar hy hoort. Die implikasie hiervan is, om met Degenaar (1990:11) saam te praat, dat ’n lewe wat onbewus is van sy eie intertekstuele betrokkenheid en verantwoordelikheid, homself haas onmoontlik kan verstaan omdat hy nie die plek wat hy in die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

geskiedenis inneem, verstaan nie. Saam met hierdie soeke na dít wat jou as **mens** stempel, hang andersyds onlosmaaklik ook die soeke na dit wat jou as **digter** met 'n unieke en onherhaalbare stem stempel. Dus: 'n deurtasting van gemarkeerde grense om 'n eie plek, 'n eie waarde (binne 'n ruimer tradisie) te bepaal, en daarbenewens 'n besinning oor die rigting wat die digter wil inslaan met sy poësie. Laasgenoemde realiseer in 'n versameling normatiewe uitsprake oor dié kenmerke wat die digter persoonlik in die literêre teks essensieel ag (die poëtikale themata), asook in die realisering dáárvan, dit wil sê in die unieke kommunikasiepatroon of tekseienaardighede. Kortom, in die digter se verseksterne en versinterne poëtika, asook in die idiolek.

Dié bevindinge het beantwoord aan die eerste doelwit wat vir die studie gestel is. Dit hang terselfdertyd ten nouste saam met die tweede doelwit, naamlik om 'n verkenning te gee van Cloete se poëtika soos wat dit versekstern en versintern idiolekties manifesteer, en om die interaktiewe poëtikale opvattings van Cloete, Nijhoff en Leopold uit te wys.

Daar is in navolging van Cloete (1985b) en Van den Akker (1985a & 1985b) die breë onderskeid getref tussen eksplisiete en implisiete verseksterne poëtika en versinterne poëtika, 'n onderskeid wat ook spesifiek op Cloete en Nijhoff van toepassing gemaak is. Veral die ooreenstemmende poëtikale knooppunte in Cloete en Nijhoff se oeuvres is teoreties en prakties geaktualiseer. Die kontoere van hierdie poëtikas is opvattings oor die ontstaanswyse van die poësie, 'n werklikheidsbeskouing en 'n objektiveringsteorie. Die kern van die gemeenskaplike opvattings setel in die konsep van die eiesinnigheid van taal, wat op sinkroniese niveau aansluit by die sogenaamde outonomistiese poëtika van die Utrechtse model. Dit het aangetoon dat Cloete wel binne die breë (internasionale) poëtikale tradisie van taaleiesinnigheid gelees kan word. Dié uitgangspunt is egter nie sonder voorbehoude nie. As kwalifisering geld die opvatting dat die model nie sonder gebreke is nie en slegs 'n breë riglyn bied, en dat kategorisering dikwels beperkend en selfs verwarrend aandoen vanweë genuanseerde verskille wat óók in berekening gebring moet word.

Nederlandse navorsers soos Heynders (1988), Dorleijn (1989), Goedegebuure & Heynders (1991) en veral Van den Akker & Dorleijn (1991) wys daarop dat 'n poëtika - ondersoek allerlei aanknopingspunte vertoon met die literêr - historiese problematiek en 'n besliste uitwerking het op die denke ten opsigte van literatuurge-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



